NGUNI

2016



ADAPTED GENETICS
FOR CHALLENGING
ENVIRONMENTS

Cattle run on Red water, Heartwater and Gallsickness veld.



PVC - 051 448 5832/4

UMSENGE NGUNI

Member of the Umsenge Breeders Group
www.umsengenguni.co.za

Kragga Kamma Ngunis

Neil and Monica Dawson
Tel: 041 379 5699
Cell: 072 238 4425
one.neildawson@gmail.com

P.O.Box 50502
Colleen Glen
Port Elizabeth, 6018



AUCTION DATE:

20 October 2016

Nguni 2016 Journal / Joernaal

CONTENTS / **INHOUD**

NGUNI
The breed from the past for the future

REGULARS

4 Voorblad
5 Adverteerders
6 Editorial
7 Uit die pen van die President
8 Raad 2016
9 Office Report
178 Ledelys
183 Nguni sales 2016

MARKETING, INNOVATION & LEADERSHIP

14 When the going gets tough, keep on marketing
18 Innovasie is slegs vir almal
21 Good leadership

ANIMAL SCIENCE

PHYSIOLOGY

25 Nguni bull morphology
26 Nguni cow morphology
27 Voorkoms evaluasie volgens norme van funksionele doeltreffendheid
43 Growth, size and efficiency of Nguni cattle for optimum adaption and reproductive efficiency
50 Bees brusellose: Sit ons op 'n tydbom?

BREEDING

57 Winsgewende Nguni-teler: Die belangrikheid van produksie-aantekening vir volhoubare Nguni teling
64 Teelseisoene: Bestuurhulpmiddel vir verhoogde doeltreffendheid
70 Kontemporêre groepe: Die basis vir akkurate prestasietoetsindekse en teelwaardes
76 Best animal production - poster
78 Cow values, a combined genetic selection index for South African beef cattle breeders: A case study for the Nguni breed
86 Picking the right bull using knowledge, common sense, preferences and the right figures
92 Genetic improvement of the cow herd
96 Genomic selection and how it fits into BLUP breeding values
103 Inbreeding *vs* line-breeding
108 Breeding strategies for Nguni cattle to support climate smart beef production

NUTRITION

122 Voedingaanvulling van 'n veldkudde
130 Afronding op veld of aangeplante weiding
135 Laer energie rantsoen as alternatief vir die Nguni in die voerkraal en 'n ondersoek na die moontlike effek op geen ekspressie
141 Turksvye die vergete staatmaker

TRAINING

11 Mixed Production Unit: Grootfontein
12 Potchefstroom Landboukollege & Landboudal

AWARDS

161 SA Stamboek / Veeplaas Elite Platinum Bultoekenning 2016
162 SA Stamboek / Landbouweekblad Elite Platinum-Koei toekenning 2015
164 SA Stamboek vleisbeeskudde van die jaar - Streekswenners 2015
165 Landbounavorsingsraad / Farmer's Weekly Nasionale Beste Elite Koei Toekenning 2015
166 ARC / LNR National Emerging Beef farmer of the year Award
166 ARC / LNR National Beef Cattle Improvement Herd of the year Award

173 Sentrale Nguni Klub
174 Noordelike Nguni Klub
176 East Cape Nguni Club
177 Hoëveld Nguni Klub

CLUBS

PRODUCTION

111 Weaner calf *vs.* ox production systems
117 Curing hints for cow hides, game skins and trophies

PASTURE SCIENCE

147 Praktiese veldbestuursriglyne na krisisdroogtes
152 Beginsels vir volhoubare weiveldbenutting





VOORBLADBUL

Voorblad
Albertus Erasmus
van Vetrivier Nguni Stoet
JSA 0110
(057) 899 1080
083 262 2743

KUNSTENAAR

Skildery deur
David Hadaway
083 254 0513
davehadaway@wol.co.za

Die mening wat in die inhoud van hierdie joernaal uitgespreek word, is nie noodwendig die sienswyse van die Genootskap nie. Die Genootskap aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige aansprake wat in advertensies gemaak word nie.

The opinions expressed in this journal are not necessarily the views of the Society. The Society accepts no responsibility for claims made in advertisements. ■

Uitgegee deur / Published by:
Nguni Beestelersgenootskap / Nguni Cattle Breeders' Society
• **Tel:** 051 448 7302/3 • **Faks:** 051 448 7304
• **E-pos:** info@ngunicattle.info • **Website:** www.ngunicattle.info

Uitleg & Ontwerp van Joernaal: Pendulum Visual Communication
Pres. Steynstraat 38A, Westdene, Bloemfontein
• **Tel:** 051 448 5832/4 • **E-pos:** studio@pvconline.co.za
• **Website:** www.pvconline.co.za

PENDULUM
VISUAL COMMUNICATION
Fast, Professional, Creative Graphic Design

• Logo design
• Corporate Identity
• Advertisements
• Brochures
• Pamphlets
• Banners
• Posters
• Name Boards
• Annual Reports

"Doing business without advertising is like winking at a girl in the dark. You know what you are doing, but nobody else does." – Steuart Henderson Britt

38a pres. steyn street • westdene • bloemfontein www.pvconline.co.za tel: 051 448-5832/4

NGUNI 2016
JOERNAAL / JOURNAL

ADVERTEERDERS / ADVERTISERS

A
Agrivet 49
Amathole Nguni Breeders 146

B
Bhetjane Ngunis 144 & 145
Blue Chip Ngunis 54 & 55
Bothma Ngunis 102

C
Clinomics 95
Circle - L - Ngunis 100 & 101

D
Dadewethu Ngunis 157
Duinfontein Ngunis 160
Du Plessis Ngunis 20

E
East Cape Nguni Club 176
Eastwick Stud Farm 128 & 129
Exsteen Ngunis 84 & 85

G
GMD Nguni's 13
Ganna Ngunis 90 & 91
Gariep Ngunis 69
Gelykfontein Ngunis 81
Glen Falloch Nguni 116

H
Hoëveld Nguni Klub 177

I
Isadale Ngunis 56

K
Keurfontein Ngunis 134
Kragga Kamma Ngunis IFC & 1

L
Landbouweekblad 24
Leeuwdoornpan Ngunis 94
Leopard Ridge Ngunis 184 & IBC

M
Magaramombe Ngunis 47
Manyenyeza Nguni 48
Matatana Nguni 168 & 169
Molatek 121
Midlands Imperial Nguni Stud 82 & 83

N
Nandi Nguni 136 & 137
Nguni Galore 73
Noordelike Nguni Klub 174 & 175
Ntsikizi Ngunis 42

O
Oasis Tanning 120
Onderberg Ngunis 53

P
Paradys Nguni's 158 & 159
ProAgri 73

Q
Quagga Flats Ngunis 170

R
Rond-Om-Bont Ngunis 110
Rhus Lancea Ngunis 23

S
Sentrale Nguni Klub 173
Shabalala Ngunis 151
Siyabuswa Ngunis 140
Stryan Nguni 106 & 107
Sutton Ngunis 167

T
Tafelsig Ngunis 74 & 75
Tal-Tec 126 & 127
Toverveld Ngunis 22
Tillietudlem 62 & 63

U
Umsenge Nguni Group OBC

V
Van der Merwe / Oosthuizen Ngunis 16 & 17
Vleissentraal 172
Vrystaat Nguni Telers 163

W
Weavers Nguni 156

Elmien Willemse
Editor

NGUNI 2016

EDITORIAL

We are living in an ever changing and competitive world which means:

- new knowledge
- new discoveries
- new climate (climate change)
- new beef industry (new markets)
- new consumers (consumer preferences)

Stud breeders, especially Nguni stud breeders, have to acknowledge these changes. In fact, we have to set the pace in this race; this has been achieved by having dedication to excellence.

To have a negative attitude towards change is like running a race with gum-boots. You will either be lost, last or dead!

How fit are we, the Nguni breeders, to position ourselves in the beef industry and establish our market share?

We are fortunate to be the owners of a very adaptable breed. All Nguni breeders must just be willing to adapt and commit to the challenges of the future.

The future is change, challenge and excitement.

The 2016 Nguni Journal is meant to give you the knowledge to challenge the change and change the challenge into excitement. ■

EXCELLENCE IS NEVER AN ACCIDENT: IT IS THE RESULT OF HIGH INTENTION, SINCERE EFFORT, INTELLIGENT DIRECTION, SKILLFUL EXECUTION AND THE VISION TO SEE OBSTACLES AS OPPORTUNITIES.

Anonymous

UIT DIE PEN VAN DIE PRESIDENT

Archie du Plessis
President

Die Nguni is in die gunstige posisie om die huidige negatiewe gety teen die landbou en die beesvleisbedryf te benut. Ons as Ngunitelers moet proaktief optree om ons posisie te versterk. Daar is nie 'n beter ras om mee te boer in hierdie klimaatsomstandighede nie. Elke hindernis, uitdaging en droogte bied juis nuwe uitdagings wat reg benut moet word en beplanning verg sodat, wanneer die draaipunt aanbreek, die ras in 'n beter as tevore posisie sal wees.

Die unieke eienskappe van die Nguni het juis na vore gekom met die erge droogte en hitte in groot dele van ons land. Die gehardheid en vermoë van die ras om steeds te reproduseer onder sulke toestande is herbevestig. Dit plaas juis die ras in die kollig waar klimaatsverandering nou 'n werklikheid geword het. Die ras kan juis bydra tot die nuwe "vleisbeesrevolusie". Wat die ras nog meer gesog kan maak, is dat dit juis voedselhulpbronne kan benut wat nie in direkte kompetisie is met dit wat die mens nodig het nie.

Die Raad van die Nguni Telersgenootskap neem die uitdaging aan om enige negatiewe persepsies oor die belangrikheid van die ras in die waardeketting aan te spreek.

Met die nodige leierskap, beplanning, promosie en wetenskaplike onderbou kan 'n rooskleurige toekoms op die ras wag. Deel van die plan is om elke Nguniteler te bemagtig om sy eie diere af te rond en sodoende 'n gesogte produk vir die eindverbruiker te lewer. Dit spreek sommer enige negatiewe persepsies aan wat pryse afdruk ondanks die uitmuntende produk wat ons lewer. Die uitdaging om die persepsies om te swaai en die produk nog meer gesog te maak, mag wel tyd neem om uit te voer en ook koste-implikasies hê.

Die Nguni se sterkpunt, naamlik sy prestasie as uitstekende moederlyn, is ook nog nie ten volle ontgin en sterk genoeg bemark nie. Dit is wetenskaplik reeds bewys dat 'n moederlyn soos die Nguni die grootste aanwins is in terminale kruisteelprogramme. Die stoetbedryf is verantwoordelik om die beste genetika aan kommersiële boere te voorsien. Stoettelers teel nie net vir stoettelers nie; ons grootste kliënte behoort die kommersiële boere te wees. Ek doen 'n beroep op al ons stoettelers om voorlopers te wees en hierdie feite in gedagte te hou in hul eie teelbeleid.

As ons na die breë stoetbedryf en ander rasse en genootskappe kyk, is dit duidelik dat elke genootskap en stoetras 'n plafon vir produktiwiteit bereik het. Daar moet dus meer op genetiese doelwitte en gevolglike vordering gefokus word. Dit is slegs realisties moontlik indien meer telers ekonomies belangrike eienskappe meet. Ons het meer inligting van ons diere nodig om sinvol aan nuwe tegnologie soos genomika deel te neem. Daar bestaan 'n persepsie dat as ons meet, ons die diere negatief gaan verander. Dit is slegs 'n persepsie. Indien daar duidelike vooraf doelwitte gestel word, wat die bedingende voordeel van die Nguni insluit en telingspraktyke reg gebruik word, kan dit net tot voordeel van ons ras wees. Deur te meet, kan ons die meer vrugbare diere en gevolglik ook die meer effektiewe diere identifiseer. Hoe meer gemete inligting ons het, hoe akkurater kan ons deur genomika die genetiese meriete vir die belangrikste eienskappe bepaal. Ten spyte van die kostes wil ek ons telers aanmoedig om meer betrokke te raak by diere-aantekening. Wees duidelik bewus van wat die wetenskap bied. Gebruik tegnologie tot voordeel van jouself en die ras en lewer die produk wat vereis word.

Sterkte met die uitdagings. Saam hou ons moed en maak ons planne om die beste ras vir die moeilike omstandighede nog meer gesog te maak. Ons sal egter ook die realiteite in die oë moet kyk en aanpak. Die landbou, stoetbedryf en ekonomie is vinnig besig om te verander en ons sal ook moet aanpas in ons benadering tot die gebruik van tegnologie, die vinnig-veranderende wetenskap, teelpraktyke en selfs ons bemarking van stoetdiere. Ek glo dat ons meer op ons kommersiële kliënte en ons produksiestelsels moet fokus om enige vorm van diskriminasie vry te spring en in die mark se behoeftes te voorsien. Hierdie uitgawe is 'n uitstekende wegspring om meer inligting en kennis aan ons telers te gee om ingeligte besluite te kan neem. Aktiewe pogings, soos die groot intensiewe voedingsproef, tans in beplanning, om 'n pasgemaakte voerrantsoen saam te stel sodat Nguni's suksesvol en winsgewend gevoer kan word, is 'n sprekende voorbeeld vir die gebruik van die wetenskap om uitdagings mee aan te spreek.

Die raad van die Nguni Telersgenootskap bly daartoe verbind om die belange van sy lede te dien. ■

NGUNI RAAD 2016



Archie du Plessis
President / Inspeksies



Pat Hobbs
Vise President / Opleiding

Herman Nel
Promosies & Bemarking

Frans Lubbe
Finansies

Neil Dawson
Promosies & Bemarking



Cedric Stoch
Tegnies

LEADERS

DON'T CREATE FOLLOWERS,
THEY CREATE MORE LEADERS.

Tom Peters

NGUNI CATTLE BREEDERS' SOCIETY
OFFICE REPORT FOR 2015

Louise du Toit (Finances), Yolanda Venter (Office and Technical), Maki Moshao (Inspections and Administration) and Sarah Crause (Administration)

OUR MEMBERS AND THEIR ANIMALS	
Number of members	318
Number of new members that joined in 2015	17
Number of resignations in 2015	55
Number of female animals	38 167
Number of male animals	11 700

TECHNICAL

Sixteen sales were held under the auspices of the Society in 2015. All the data of these animals were verified to ensure that they meet the minimum breed standards of the Society.
Reinstatements were done for 30 animals, and nine animals were upgraded from first registration (FR) to Appendix A status during this period. They all complied with the standards for upgrading. Twenty-five animals were imported from Namibia. There were 3 424 transfers of animals done for 2015.

A questionnaire was sent to commercial breeders to build a database for commercial farmers.

INSPECTIONS	
Inspection applications	184
Inspections done	165
Annual inspections – animals approved	6375
Animals failed inspections	493
Animals stood over	79
Special inspections – animals approved	370
Special inspections – animals failed	75
Appeal inspections	1

COMMUNICATION AND MARKETING

Articles and contact details were published in the Farmers' Weekly, Landbouweekblad and Landbouweekblad Boerekos,

RPO magazine, Stock Farmer and Veeplaas.

A stall at the Nampo agricultural show were manned by the Nguni office personnel.

Communication to breeders mainly took place through newsletters, emails and text messages. This information was also published on the website (http://www.ngunicattle.info/) and Facebook.

A calendar and journal were compiled and distributed to the breeders.

The Lesotho Expo, which also had a Nguni display, was attended in September 2015.

MEETINGS

Four council meetings were held in Bloemfontein during 2015. An Inspectors refresher course and the AGM was held on 12 and 13 November at Maselspoort.

TRAINING

The Jacobsdal Agricultural High School training was held on 4 March 2015 at the school. Twenty seven grade ten students attended the day. There was also a practical demonstration of Nguni animals and the day was concluded with a test to evaluate the scholars.

A Junior Inspector's Course was held at Venterstad, at the farm of Schalk van der Walt, from 18 to 20 March 2015. Fifteen breeders attended this course and 7 persons become Junior Inspectors.

Twelve third year students of the Grootfontein College of Agriculture's Mixed Farming Production Unit attended a Nguni Beginners Course near Hanover.

A Beginners Course was held at the Potchefstroom College of Agriculture from 26 to 28 October 2015. Twenty-seven third year students attended the course. The practical was held at Bandini Farms just outside Potchefstroom

An evaluation course was held at the University of Limpopo for 4th year students in August 2015.

OFFICE

Sarah Crause attended an occupational health and safety meeting held by SA Studbook.

Yolanda Venter attended the following meetings:
- Beef genomics programme workshop at the University of the Free state
- Voermol/SA Studbook Breeding Symposium
- SA Studbook budget meeting
- Free State RPO Congress
- Nampo meeting
- Vaalharts cross breeding project
- Large stock forum
- SA Studbook AGM

Louise du Toit attended the following courses:
- Annual payroll seminar
- Pastell accounting and payroll workshop

The office attended a three-day course in Microsoft office.

The office manager, Yolanda Venter, attended the 33nd SASAT Congress at Hoedspruit on 8-10 September 2015 and presented a poster. The title of the poster was: "Cow values, a combined genetic selection index for SA Beef cattle breeders: A case study for the Nguni breed". She was awarded first place for the best animal production poster presented.

The Nguni Society was awarded the second place for the compilation of the best SA Studbook annual report for 2014.

The annual audit was done by PWC during October. The Society's finances are in a healthy condition and a very good report was received from the auditors.

A prerequisite for success is to have a passion for what you are doing. New challenges are waiting in 2016. Every one of you that farms with Ngunis has a passion for your animals, that's why you will be successful. ■

Yolanda Venter
OFFICE MANAGER

AGRICULTURAL COLLEGE
GROOTFONTEIN

POTCHEFSTROOM LANDBOUKOLLEGE

LANDBOUDAL

GMD
NGUNI'S

25
years
of strict
selection

MIKE GREYLING 082 338 8216
Tweefontein • Morgenson • Mpumalanga • greylingmi@webmail.co.za

WHEN THE GOING GETS TOUGH, KEEP ON MARKETING

Prof. Johannes Froneman
Strategic Communication Advisor
Office of the Vice-Chancellor
North-West University, South Africa

When you ask Google what's available on the topic "Marketing in tough times", the search engine claims that there are some 3 700 000 results. We know this does not mean there are that many really good articles on the topic. In any case, we will never have the time to read all articles.

But Google is clever enough to select the most-read articles and draw them onto our screens. Thus you can access some rather interesting material on the topic in no time.

My point is that much has been written about marketing in tough times. The concept is widely accepted, if not always practised. Proof of the squeeze on marketing is that newspapers are much thinner than years ago when the worldwide economy was stronger.

The economy of newspapers is simple: less advertising results in fewer pages. Of course internet and social media have also contributed to the decline of newspapers, but it is clear that advertising has not shifted significantly to the internet.

Well, not yet.

At face value, this implies that, generally speaking, businesses have cut down on advertising in the media due to financial pressures. This sweeping statement may or may not apply to each country, city or industry. You will be able to better assess your specific context, wherever you are.

The danger is that we equate advertising with marketing. A decline in advertising does not automatically imply less marketing. You can market without advertising, although I am not propagating this as such. It will all depend on your product and specific situation.

So let us return momentarily to Marketing 101 wisdom: you need the right product, at the right price, available at the right place. That's the first 3 Ps. The fourth P is promotion, which includes advertising, but really refers to marketing in general.

Given the new power of social media, we should think smart and modern. This implies, amongst other things, that promoting your product need not cost an arm and a leg.

You merely have to be sharp. The following tips might be helpful, or at least get you thinking in the right direction. It may just mean the difference between success and failure. You cannot be satisfied with the right product and then not promote it continuously.

My ten tips are:

1. **Be part of a team**. Nguni breeders form part of local, national and even international organizations, "teams" or networks. Marketing cooperation is as necessary as any other cooperation. This journal is a good example. But you can do more at various levels. In so doing you can share ideas and the cost of professional communication advice, which you will need as you need a vet or tax expert.

2. **Work hard at keeping old relationships healthy**. Don't become too comfortable. Remember, it's easier to do maintenance than starting fresh. For an airplane to get to cruising height requires a lot of fuel. The same with developing new relationships.

What can Nguni breeders learn from advertising trends, the daily paper and marketing theory? Here are a few thoughts from Prof. Johannes Froneman of the North-West University, South Africa, who encourages a renewed focus on marketing.

3. **Identify low-hanging fruit**. There may not be many, but gaps could open in a tough market. Be ready to move.

4. **Use social media, but do not neglect the so-called old media**. People still read magazines. They still listen to the radio. And social media are not free of charge. To utilize it effectively, may require professional inputs (which will cost money), but many "amateurs" are excellent at using social media. (If all else fails, ask your children.)

5. **Work according to a plan**. Yes, it's obvious, but does your organization have a communication or marketing plan? When last was it updated? How does it gel with your organizational strategy and objectives? You don't need expensive, time-consuming strategy sessions. But you have to apply your mind.

6. **You need a marketing budget**. While money is always tight, you need to spend some money on marketing.

7. **Keep on telling you story**. To communicate once in a while is not really adequate. Try and maintain a steady stream of communication. Tell your story to all audiences– and don't forget your internal audience. Information empowers.

8. **Effective communication (which is at the heart of good marketing) requires enthusiasm and legitimacy**. Identify those who are best for the job. You do that in all other dimensions of your business, so do the same when you get to marketing.

9. **Whatever you do, don't do nothing**. Keep on asking how you are promoting the excellent product you are producing at the right price and place. Revisit your strategy and plans. Ask hard questions about the efficiency of old ways.

10. **Always welcome new ideas**. Never be afraid of doing things differently. Encourage innovation and support those that have the guts to actually do something.

By giving relationship building a fair share of your time and money, you can emerge stronger that before the difficult times. It is really worth it. ■

"You cannot be satisfied with the right product and then not promote it continuously.

VAN DER MERWE
OOSTHUIZEN
NGUNI'S
VAN DER MERWE/OOSTHUIZEN NGUNI'S ARNO & KELPIE OOSTHUIZEN – 084 677 0317

- Ons glo **Os-produksie** is die mees ekonomiese manier om met ligums te boer.

- Die regte bul/vaar in jou kuddie kan die verskil maak tussen veilies en winsgewendheid. Sam-Korman kalwers het gemiddeld 45kg meer gegroei na speen. Dit is R650 per os meer en R26 400 op 40 osse per seisoen.

- Ons is vir 10 jaar aktief met veldbul toetse met die oogpunt om te selekteer vir die beste eienskappe vir die produksie van osse vanaf die veld en "backgrounding" met die oogpunt om op 18 to 24 maande te begin voer.

- Kontak ons gerus vir bulle en verse wat jou die ekonomies voorsprong kan gee.

OSSE OP 30 MAANDE

- Gemiddeld van heelde groep osse op speen – 195kg.
- Gemiddeld op 24 maande – 323kg.
- Gemiddeld op 28 maande – 375kg.
- Fix afronding van 30 dae – 452kg.
- Gemiddeld karkas gewig – 231kg.
- Gemiddeld R32.47/kg – R 7 592 (meeste A2 & A3).
- Het omtrent R1400 meer profeit gemaak per Os om bulle af te rond teenoor denk vanaf die veld te slag. Die gesondheidsvoordele by min of meer dieselfde as afronding in die voerkraal minder as 60 dae is.

INNOVASIE IS SLEGS VIR ALMAL

Prof. Erwin Schwella,
Stellenbosse Goeie Regeringsforum, Skool vir Publieke Leierskap, Stellenbosch Universiteit.

Daar is 'n bekende stelling wat lui: "As jy dink opvoeding is duur, probeer onkunde."

Die stelling kan ook aangepas word om soos volg te lees: "As jy dink verandering en innovasie is duur, probeer stagnasie en verstokking. "Natuurlike en menslike stelsels (as deel van natuurlike stelsels) het in gemeen dat die versuim om aan te pas by verandering lei na entropie. 'Entropie' is 'n "groot" woord vir die geleidelike afwen van die stelsel totdat die wekker gaan staan en rolspelers voort rus in die slaap van die eeue gesus.

Die uiteindelike gevolg is stagnasie - op die beste - en vernietiging op die slegste.

Blote reaktiewe aanpassing voeg ook nie waarde toe nie, maar lei tot oorlewing ("survive") terwyl dit moontlik is om te kan gedy ("thrive"). Wat jou werk en roeping ook al is (om koekie vorms te maak, strate te vee of satelliete te lanseer) is in hierdie verband nie relevant nie. As jy nie betrokke is by vernuwing en innovasie nie, is uiteindelike mislukking, selfs al gebeur dit oor lang tye, gewaarborg. Uiteindelik gaan jy en jou produkte of spektakulêr neerstort of gestadigd in die niet van die onbeperkte, maar veranderende heelal verdwyn. Die benodigde innovasie is nie net gefokus op jou primêre produk nie, maar op die hele waardeketting waarin die produk ingebed is, wat alle prosesse en newe-produkte insluit.

In konkrete terme: As Nguniboere nie oor die hele spektrum van die waardeketting van hulle produk innoveer nie, gaan hulle bloot oorleef en uiteindelik in die niet verdwyn. Hierdie waardeketting strek vanaf Ngunikalfkonsepsie tot kalfsvleis tot Ngunivel. Dit dek ook al die prosesse vanaf genetiese seleksie en kunsmatige

Sonder idees en denke kan geen innovasie plaasvind nie. Alle produkte en prosesse wat waarde toevoeg begin by 'n idee. Dit koppel aan denke.

inseminasie tot gedrewe bemarking en ekovriendelike en etiese praktyke by slagting en verwerking, waar innovasie nodig is. Weereens, as jy dink verandering en vernuwing is duur, probeer stagnasie en verstokking.

Innovasie is gekoppel aan drie ander i's, naamlik [1]**idees,** [2]**institusionalisering en** [3]**implementering**. Innovasie staan ook op die fondamente van drie k's, naamlik [1]**kennis,** [2]**kundigheid en** [3]**konkrete leierskap**.

Sonder **idees** en denke kan geen innovasie plaasvind nie. Alle produkte en prosesse wat waarde toevoeg begin by 'n idee. Dit koppel aan denke. Alle rolspelers in ruimtes waar waarde toegevoeg word moet, moet dink om idees te stimuleer en te veredel. Ek rig soms die uitdaging aan mense deur te sê: "Begin nou dink, dit mag 'n opwindende en fassinerende nuwe ervaring wees."

Dus - vernuwende idees wat prakties en passievol is en die brein en die hart aanspreek - is 'n broodnodige voorwaarde vir innovasie. Dit is egter nie 'n alleen voorwaarde vir innovasie nie. Daar moet ook **institusionalisering** en implementering wees. Meer hieroor later.

Dit is ook belangrik om nog een van die mites wat oor idees bestaan, naamlik dat dit die "Aha!" helder-oomblik-proses is wat net vir briljante individue beskore is,ook as vals uit te wys. Alle aanduidings uit die teorie en praktyk is dat innovasie beter werk as dit in groepe aangepak word en gewoonlik ook as dit toevoegings is tot bestaande idees eerder as die skielike ligflits-idee van 'n enkele individu.

Die implikasie is ook dat innovasie in groepe beplan kan word en toegewyd kan plaasvind deur dit spesifiek op die agenda te plaas en bewustelik daaraan aandag te gee.

Nadat idees gegenereer is, moet daar georganiseer word om hierdie idees prakties te maak en aksie daaraan te koppel. Die proses word institusionalisering genoem. Dit is nie burokratiese beheer en beperkinge nie, maar juis die teendeel. Koördinering is genoeg. Kontrole in die vorm van beheer is gevaarlik in die innovasie-konteks. Die beste manier van organiseer hier is om vennootskappe te skep tussen die rolspelers wat 'n belang het om dinge prakties gedoen te kry en met die (byna uitsluitlike) doel om die projek te implementeer. Die vennootskappe kry dan die mandaat om die projek te maak werk. En mens kan byna byvoeg: "Finish en klaar!"

Derdens moet daar **implementering** wees. Implementering kan en behoort vroeër eerder as later te begin. Dit is doods-gevaarlik om te probeer om alle voor-waardes vir die waarskynlike sukses van die projek in plek te probeer kry voordat jy begin. Die metode is eerder een van aksieleer - begin en doen iets, kyk wat die resultate is, pas aan en doen dan weer. Leer gedurig tydens die aksie-leer-aksie-rondtes. Werk met 'n koalisie van gewilliges eerder as die A-span as dit moet en streef na 'n moontlike sukses eerder as 'n gewaarborgde sukses. Probeer en tref is die wagwoord hier.

Innovasie is **kennis** gebaseer en intuïsie bekleed. Soek die kennis in alle bronne, wat die biblioteek, die internet, die konferensie, die professionele praktyk en die buurman insluit. Wees versigtig vir emosies en aannames, veral oor wat nie kan of sal werk nie. Kombineer intellek en intuïsie met kennis en kundigheid.

Kundigheid is die derde basis van innovasie. Dit vereis dat uitdagings geïdentifiseer en geformuleer kan word, inligting versamel word, getoets word en dan gebruik word met insig en oorweging deur mense wat die moed het om te probeer, omdat hulle hul kennis en intuïsie vertrou.

Derdens vereis innovasie **konkrete leierskap**. Ja, leierskap wat leierskap van die hoof is, (denkleierskap), leierskap van die hart is, (emosioneel intelligente leierskap) en leierskap van die hande is, (aksieleierskap). Die bydraes van hoof, hart en hande moet in balans bly en ook voortdurend aangepas word by die veranderende konteks.

Innovasie is dus vir almal, maar veral vir almal wat wil gedy eerder as net "oorleef". As jy nie vorentoe gaan nie, gaan jy agteruit. Stagnasie en stilstand is nie 'n opsie nie, maar voluit vooruit met vernuwing en aksie is aangedui.

Ook vir geharde Nguniboere. ■


DU
PLESSIS
NGUNIS
Epos: archieduplessis@vodamail.co.za
Langberg, Jagersfontein
Archie du Plessis
082 460 4818
Arno du Plessis
082 564 0823

GOOD LEADERSHIP

Prof. Erwin Schwella
Professor of Public Leadership
Stellenbosch University

Just as good years start with ample rain, good leadership starts with being **effective and ethical.** Just as the value of good rain in a good year must be maximised, good leadership requires action to build upon being effective and ethical.

The action required involves being a leader of the head, a leader of the heart and a leader of the hands.

Leadership of the **head** requires the capacity to analyse, think, strategize, plan and implement plans with solid and professional management competencies. It is about thinking, understanding and calculating.

Leadership of the **heart** calls for emotional intelligence and empathy with people whether these people are part of the team, clients, shareholders, workers or neighbours. It requires inspirational communication and dedication and commitment to do unto others as one wants to be done unto you. It is just about understanding and applying the golden rule(s) to treat others well and to act ethically and morally. It is about having compassion for other people irrespective of their wealth, status or power.

Leadership of the **hands** require doing, and it must be done energetically, actively and passionately.

Leadership of the head, heart and the hand is leadership with purpose for a purpose. Purpose driven leadership is strong on vision and commitment and weak on boundaries. It involves and inspires people into professional planning and impactful implementation in a continuous set of dedicated and disciplined actions striving for excellence. It requires inspiration and action toward a better destiny linked to meticulous attention to detail in a quest toward zero defect.

The most recent Harvard Business School research on the top leadership competencies grouped into five themes surveyed 195 global leaders. The research produced the following findings on the qualities of leaders which are most highly rated:

GOOD LEADERS

- have high ethical and moral standards: 67%;
- provide goals and objectives and sensitively oversee the accomplishment of these: 59%;
- communicate expectations clearly: 56%
- are flexible and sensitive to change their opinions: 52%
- are committed to the ongoing development of people: 43%
- communicate often, openly and clearly: 42%;
- are open to new ideas and approaches: 39%;
- create a feeling of succeeding and failing together: 38%;
- assist in the growth of team members and other human beings to become leaders in the future in their own right: 38%;
- provide safety for trial and error: 37%

What is significant in this list is not only what is included, but also what is not. What is not included is that good leaders are strict, strong, disciplinarian, hard or harsh and unbendingly always right.

Good leaders are purposeful with passion and compassion. They lead with their heads, hearts and hands.

In conclusion, leadership under condition of complexity and challenge may require that leaders have the capacity to understand and the courage to admit that they do not always have all the answers.

And also that they do not need to have all the answers always.

Leadership in situations of complexity may require of the leaders to facilitate processes of innovative journeys of learning and discovery. This leadership approach requires of the leader to understand that there are no easy answers and to involve their people in a process of experimentation and learning to facilitate new approaches and build new competencies to deal with complex issues such as political instability, economic uncertainty, climate unpredictability and endemic uncertainty. This is where leadership with easy answers become leadership without easy answers, which calls for flexibility and innovation rather than for rigidity and strictness.

Is leadership an art, a profession, a science and/or a calling? It is all of the above and a privilege to be used for the benefit of all rather than to privilege the few. ■

DANIE VAN ZYL
De Dam
PO BOX 217, Colesberg, 9795
Cell: 082 738 2357
Email: nguni@toverveld.co.za

TOVERVELD

DAWIE KOTZÉ
Middelwater
PO BOX 91, Colesberg, 9795
Cell: 073 626 6873
Email: nguni@toverveld.co.za

Avg ICP of herd 362 / Gem TKP van Kudde 362

Avg ICP over last two calvings 365 / Gem TKP oor laaste twee kalwings 365

JA 08 122

Rhus Lancea NGUNIS

JF 04 111

GL 00 8

Deel van die Kalahari Nguni Klub en Diamand Telers Groep.

Kudde neem deel aan prestasie toetsing. Natuurlike poenskop diere geteel in aparte kudde.

JF 07 77

JF 8 25

JF 09 74

FF 8 166

GF 08 26

PVC - 051 448 5832/4

Rhus Lancea Ngunis • Frans Lubbe • 083 261 3231

Douglas, Noord-Kaap • lubbefj@planetpastel.com

KRY DIT NOU!

Beskikbaar by uitgesoekte winkels.

Bak, braai, piekniek en vakansiekos! Die sewende uitgawe van *Landbou Boerekos* is propvol resep-inspirasie vir die somer. Met meer as 150 smullekker beproefde resepte is daar iets vir elke smaak en begroting.

SLEGS R45 posgeld nie ingesluit

Die tweede uitgawe van *Landbou Vee* is propvol inligting vir die vee- en wildboer. Daar is talle wenke oor kuddebestuur, teling, voeding, die behandeling van dieresiektes en weiveldbestuur. Daar is ook inligting oor die jongste tegnologie, bemarkingsgeleenthede en markneigings.

SLEGS R38 posgeld nie ingesluit

Indien jy dit nie in die winkel kry nie, bestel só:

Landbou WINKEL

Gaan na:
www.winkel.landbou.com
& klik op die tydskrif

DIGITALE WEERGAWE
Gaan na:
www.mysubs.co.za/magazine/landbou-boerekos
www.mysubs.co.za/magazine/landbou-vee

E-pos:
LBW@media24.com

Tel:
021 406 4962

NGUNI **BULL** MORPHOLOGY

An example of a Nguni Bull with descriptive headings



'n Voorbeeld van 'n Nguni-bul met beskrywing van liggaamsdele



NGUNI COW MORPHOLOGY



VOORKOMS EVALUASIE VOLGENS NORME VAN FUNKSIONELE DOELTREFFENDHEID

D.J. Bosman, *Pri. Sci. Nat.*
Kranskop, KZN



Die seleksie van vleisbeeste vir funksionele doeltreffendheid het die wetenskap in voorkoms evaluasie beslag gegee. Voorkoms evaluasie gebaseer op funksionele doeltreffendheid is in Suid-Afrika reeds in 1946 deur prof Jan Bonsma geïmplementeer.

Die beginsel het gegroei en is in baie lande aanvaar, selfs in die skouring. Die skouring lê klem op 'n simmetries gebalanseerde bouvorm. Dit het egter nie daarin geslaag om die produksievlak van die bees te verbeter nie. Daar is vele diere met 'n mooi voorkoms wat goed presteer. As dit 'n vereiste is dat die dier simmetries mooi moet wees is dit moontlik om met prestasiemeting so 'n kombinasie te vind. Die belangrike beginsels is om diere te teel wat presteer en wat funksioneel korrek is. Sulke diere is opsigself mooi. Die belangrike beginsels is dat vorm funksie moet volg. Die mens wil graag die vorm voorskryf en dan hoop dat funksie sal volg.

Let op hoe die dier lyk wat in 'n sekere omgewing presteer en teel diere daarvolgens. Let op hoe die elite koeie se voorkoms is. Hulle het byvoorbeeld almal 'n voordelige rumenkapasiteit, 'n pragtige vroulikheid met 'n funksionele uier, 'n gladde haarkleed met oë wat twee derdes na bo in die kop geplaas is. Leer om 'n bees te lees soos 'n lewende boek.

Voorkoms evaluasie kan nie die produksievermoë van 'n dier kwantifiseer nie. Dit moet met 'n skaal of meet instrument bepaal word. Alle belangrike eienskappe kan egter nie objektief gemeet word nie. Dit is waarom die korrekte interpretasie van funksionele doeltreffendheidsnorme gebaseer op die wetenskap so belangrik is.

By reproduksie word slegs skrotum omvang tans gemeet en by aanpassing word slegs veldiktes gemeet. Die belangrikste eienskappe, word met ander woorde deur voorkoms geëvalueer. Dit is dus belangrik dat die basiese wetenskaplike kennis van al hierdie eienskappe bekend moet wees.

Funksionele voorkoms het primêr ten doel die uitskakel van diere wat afwyk van die verwagte norm. Die eienskappe is oorerflik en voorkoms seleksie sal dus voordelig wees vir die suiwering en opbou van die genepoel van die ras. Dit neem soms jare om in 'n ras 'n sigbare verskil te maak. Verbetering vind wel oor tyd plaas, meer as wat besef word. Ongelukkig kan die verbetering nie soos by metings gekwantifiseer word nie.

Die daarstel van subjektiewe voorkomsnorme is nie 'n maklike taak nie want mense vorm hul eie standaard. Gereelde praktiese demonstrasies en bespreking sal uniformiteit bewerkstellig. Dit is belangrik om te leer om oplettend te wees en soveel diere as moontlik te evalueer altyd met inagneming van die wetenskap.

Weens die hoeveelheid inligting sal voorkoms volgens die funksionele norme in drie hoofstukke verdeel word naamlik:

1. **Reproduksie**
2. **Aanpasbaarheid**
3. **Raamwerk**

HOOFSTUK 1: REPRODUKSIE

Reproduksie is uit 'n ekonomiese en rasverbeterings oogpunt die belangrikste eienskap.

Evaluasie van diere volgens norme van funksionele doeltreffendheid sal 'n betekenisvolle hulpmiddel vir telers wees om hoogs vrugbare bulle en vroulike diere te selekteer.

DIE INVLOED VAN HORMONE

Die voorkoms van 'n dier weerspieël die delikate balans van hormoonafskeidings. Lig en hitte impulse sal deur die senuweestelsel hormoonafskeidings beïnvloed. Die hipofise klier onder die brein skei gonadotrofiese hormone af wat die testes by die bul en ovaria by die vroulike dier stimuleer om testosteroon en oestrogene af te skei. Enige afwyking van die normale hormonale balans sal in die voorkoms van die dier weerspieël word.

Vanaf geboorte tot puberteit word groeihormone hoofsaaklik afgeskei sodat die bees optimaal kan groei en ontwikkel. Vanaf puberteit tot by 12-15 maande ouderdom word minder groeihormone afgeskei maar meer geslagshormone. Die ontwikkeling van die reproduksie eienskappe is noodsaaklik vir normale voortplanting.

Die balans tussen die verskillende hormone is belangrik. Afwykings van die balans sal in die voorkoms van die dier weerspieël word.

Met puberteit vind 'n belangrike proses plaas, naamlik ossifikasie (verbening) van die groeipunte van die bene (Figuur 1). Dit word met puberteit in werking gestel deur die geslagshormone, testosteroon by die bul, en oestrogene by die vroulike dier. Indien 'n bul voor puberteit gekastreer word sal ossifikasie nie plaasvind nie en die lengtegroei van die bene en horings sal onbepaald voortduur. Dit is waarom osse hoog op die been en diep deur die voorlyf word. Die horings sal soortgelyk aanhou groei. Indien die hormoonbalans by bulle of verse nie korrek is nie kan die diere hoog op die been ontwikkel. Sulke diere het gewoonlik 'n swakker reproduksievermoë en word uitgeskot.

DIE VROULIKE DIER

Die gonadotrofiese hormoon stimuleer by die vroulike dier die afskeiding van oestrogene wat verantwoordelik is vir 'n vroulike voorkoms.

Sekere kategorieë van laer vrugbaarheid waar hormonale wanbalanse voorkom is teenwoordig in die meeste kuddes. As 'n koei oorslaan is dit nodig om 'n verandering in haar voorkoms dop te hou want dit kan 'n hormoon steurnis wees. Sowat 10% van die nuwe versgroep elke jaar sal 'n swakker vrugbaarheid toon. Dit is nodig om hierdie diere te identifiseer en vroegtydig uit te skakel.

Die vroulike dier in 'n ideale hormonale balans is pragtig vroulik, veral in die kop en nek, haar borsstuk is klein, sy het 'n goeie kapasiteit, glad en blink van haar en het 'n wigvorm veral by die ouer koeie. Haar geslagsdele sal goed ontwikkel wees.



Figuur 1: Verbening van die groeipunte met puberteit bring die lengte groei van bene tot stilstand

Vorm volg funksie / Form follows function

Met die seleksie van koeie vir embrio-spoelings was dit gou duidelik dat koeie met goed ontwikkelde geslagsdele heelwat meer embrio's geproduseer het, dit ten spyte van 'n uitstekende reproduksierekord met natuurlike dekking.

Die laag vrugbaar vroulike dier se hare is growwer en donkerder van die middel van die rug tot by die kop. Hulle neig ook dieper deur die voorlyf omdat die groeigolwe van die liggaam hormonaal versteur word. Die onderkaak neig om meer vlesig te wees asook die borsstuk, skouers en ribbes.

Koeie wat gereeld kalf ontwikkel 'n wigvorm van vlakker in die voorkwart na dieper agter (Figuur 2). Die rugwerwels van die laag vrugbare dier is hoër as die skouerblaaie (Figuur 3). Elke keer wat 'n koei oorslaan word die werwels hoër as die scapula (skouer blaaie). Dit is waardevolle kennis indien rekords nie beskikbaar was nie.



Figuur 2: Die wigvorm dui op hoë vrugbaarheid
Figuur 3: Die rugwerwels van die laag vrugbare koei groei hoër as die skouerblaaie.
Figuur 4: 'n Dier met spene sonder pigment.

UIER EN SPENE

Verse wat gereeld op hitte kom se uier ontwikkel en is sigbaar. Indien 'n vers weinig of geen uierontwikkeling op 15-18 maande toon nie mag dit wees dat die korrekte hormoonafskeiding nie plaasvind nie. Funksionele uier is belangrik veral ten opsigte van die grootte, vorm en lengte van die spene, vlesigheid en pigment (Figuur 4). Bottelspene by ouer koeie is 'n swakheid aangesien die kleiner kalf sukkel om te suip.

Aanmekaar gegroeide spene kom ook voor. Dit is 'n resessiewe geen wat dit veroorsaak. Skakel sulke diere uit.

Die uier vorm en grootte is middelmatig tot hoog oorerflik sodat deur seleksie afwykings vroegtydig uitgeskakel moet word.

Fig 4b: Ongebalanseerde uier met 'n speen wat te groot is.

DIE MANLIKE DIER

'n Bul is 'n bul omdat hy manlik is en skrotum teenwoordig is. Die testosteroon hormoon het 'n betekenisvolle invloed op die manlikheid van 'n bul.
Die werk van 'n Duitse navorser Berthold het reeds in 1849 die belangrike effek van hormone op die voorkoms van diere illustreer.

Hy het 'n hoenderhaan gekastreer en 'n ovaria in sy nek geplant wat vroulike hormone afskei. Die haan het naderhand die voorkoms van 'n hen verkry. Dieselfde is met 'n hen gedoen. Die eierstokke is verwyder en 'n testis in die nek geplaas. Die hen het die voorkoms van 'n haan ontwikkel.

Die enigste objektiewe mate vir reproduksie is skrotum omvang, gemeet aan die einde van 'n groeitoets.

Dieselfde is met beeste gedoen deur navorsers van die VSA en Suid-Afrika met dieselfde resultaat.

Die reproduksie voorkoms eienskappe van die bul sal soos volg bespreek word:

- skrotum grootte
- skrotum vorm
- sekondêre manlike eienskappe
- libido

SKROTUM GROOTTE

Die enigste objektiewe mate vir reproduksie is skrotum omvang, gemeet aan die einde van 'n groeitoets. Dit is 'n reproduksiewaarde met 'n voordelige hoë oorerflikheid van 45-60 persent, volgens die literatuur. Dit is goeie nuus wat dui op vinnige vordering indien aandag aan skrotum grootte gegee word (Figuur 6).

Figuur 6: 'n Pragtig gevormde skrotum met duidelike epididimis.

Skrotum grootte op sy beurt is voordelig gekorreleer met die hoeveelheid en die gehalte van semen.

Met die evaluasie van reproduksie by die bul is dit belangrik om elke eienskap hierbo genoem as 'n eenheid te gebruik. Al is die skrotum groot genoeg moet die vorm, libido en sekondêre eienskappe ook in plek wees.

Bertschinger van Onderstepoort het die semen kwaliteit van 2 jaar oud Bovelderbulle evalueer en gevind dat die skrotum grootte wat die beste kwaliteit semen met die minste afwykings gegee het, 34-40cm groot was. Die groter of kleiner skrotums het swakker semen geproduseer met meer afwykings. Bevrugting vereis miljoene sperme per ejakulaat vir 'n suksesvolle bevrugting.

As die digtheid van die semen met die van dik room vergelyk is die getal sperme geproduseer soveel as 3200 miljoen. Indien die semen 'n melkerige voorkoms het word sowat 25 miljoen sperme geproduseer. Vir bevrugting is 56 miljoen en meer nodig. Besetting van koeie is afhanklik van 'n groot getal sperme wat die ovum bereik en dit voorberei vir bevrugting deur een sperm wat deur die Skepper bepaal word. Die wetenskap kon nog nooit bepaal hoe 'n sperm kwalifiseer om die ovum te bevrug nie.

SKROTUM VORM

Dit is belangrik dat skrotums simmetries hang. Indien skrotums draai, draai hulle in 82% van die gevalle na links. 'n Draaiing van meer as 30° veroorsaak 'n groot persentasie skrotum afwykings in die bul nageslag. Dit veroorsaak ook afwykings in die ovaria sodat die retensie van die vroulike nageslag oor tyd laer as verwag is (Figuur 7).

Figuur 7: Skrotum teen die liggaam met 'n hoër as 30° draaiing wat ongewens is.

Die werk van 'n Duitse navorser Berthold het reeds in 1849 die belangrike effek van hormone op die voorkoms van diere illustreer.

Figuur 8: Eensydige hipoplasie, 'n ongewensde toestand van die skrotum.

Eensydige of bilaterale hipoplasie. Die een testis is kleiner as die ander (Fig 8). Weereens is dit in 80% van die gevalle die linker testis. Die bilaterale geval is waar albei testis klein is wat vanselfsprekend onder standaard sal meet. Dit is albei genetiese afwykings met ernstige nadelige gevolge vir reproduksie. Die bulle is goed bespier weens 'n hormonale wanbalans tussen groei en reproduksie hormone en aantreklik. Telers wil hulle graag gebruik sonder om die nadelige effek te besef. In 1977 is by die Bartlow Combine kudde hieraan aandag gegee nadat in die ondersoek deur Dr Pretorius en Dr Osbourn gevind is dat 11.8% van die bulkalwers hipoplastiese skrotums gehad het.

Gesplete skrotum. Soms bokballe genoem omdat die verskynsel by bokke voorkom. Die skrotum het gewoonlik 'n langwerpige vorm. Skakel sulke diere uit.

Langwerpige skrotum. Ondervinding het geleer dat sulke skrotums nie 'n goeie reproduksie rekord het nie.

Pigment. 'n Skrotum moet verkieslik gepigmenteer wees. 'n Rooierige skynsel in die ongepigmenteerde dele dui op inflammasie wat nadelig vir reproduksie is.

Epididimus. Die byballe kom voor aan die onderpunt van die skrotum. Dit is waar die semen gestoor word. Hulle is buite die skrotum ter wille van 'n koeler omgewing en beter gehalte semen. Die twee byballe moet netjies aan die onderpunt van die skrotum hang. Somtyds is die twee byballe inmekaar gedraai soos 'n koeksister (Figuur 9).

Figuur 9: Byballe in koeksister vorm is 'n genetiese afwyking.

Sulke bulle teel heelwat afwykings in die skrotums van hulle seuns. Sulke bulle is nie onvrugbaar nie maar teel afwykings in hulle nageslag wat ongewens is.
Soms hang die byballe van die skrotum na voor of na agter. Dit is soortgelyk 'n ongewensde genetiese afwyking. Gewoonlik het so 'n skrotum 'n ongewensde wolhaar oor die oppervlakte.

Lang hare op skrotum. 'n Skrotum moet glad en selfs blink glad wees sodat die temperatuur sowat 7°C minder as die liggaamstemperatuur kan wees. Dit is voordelig vir goeie gehalte semen.

Figuur 10: 'n Peervormige skrotum vorm.

Peervormige skrotum is nie 'n normale vorm nie. Sulke bulle teel nie nageslag met 'n goeie reproduksierekord nie (Figuur 10).

Figuur 11: 'n Nguni bul met sterk sekondêre manlike eienskappe

SEKONDÊRE MANLIKE EIENSKAPPE

Testosteroon het 'n waarneembare invloed op die sekondêre manlike eienskappe. Die volgende eienskappe is belangrik:

Kop:
'n Bul is 'n bul as hy 'n sterk manlike kop vertoon. Die oë moet wakker wees met 'n forsheid wat beïndruk. Growwer haar behoort op die kop en nek voor te kom. Dit stem moet aandui dat hy werklik bul is.

Bespiering:
'n Vrugbare aktiewe bul is goed bespier, omdat dit 'n effek van die manlike hormoon is. 'n Balans tussen bespiering en skrotum grootte en vorm moet gehandhaaf word omdat 'n negatiewe korrelasie tussen skrotum grootte en bespiering (GDT) kan voorkom.

Verdonkering:
'n Vrugbare bul toon verdonkering op die haarkleed in die nek en laerskouer gedeelte en laer boud. Dit sal beter sigbaar wees in volrooi diere.

Haar:
Die hare op 'n bul se skede is lank. Die os het geen lang hare op die skede nie omdat die manlike hormoon afwesig is.

LIBIDO

Libido is nie gekorreleer met die skrotum en ander reproduksie eienskappe nie en moet dus afsonderlik evalueer word.

Manlike diere skei 'n klein hoeveelheid oestrogene af wat die vroulike hormoon is. Soortgelyk het vroulike diere 'n mate van testosteroon wat afgeskei word. Langs die skrotum van bulle kom klein onderontwikkelde speentjies voor. As hierdie spene prominent en 1-2cm lank is, word meer oestrogene afgeskei. Die bul se libido sal as gevolg daarvan nadelig beïnvloed word.

Bulle met 'n wakker oog en sterk sekondêre manlike eienskappe het goeie libido. Hulle is bulle wat graag koppe stamp en in gate in die grond skuur. In die meeste gevalle het hulle 'n maklik sigbare kaal kol op die voorkop.

Goeie libido bulle sal hulle koeie domineer en as hulle verskuif word, by die hek bymekaar maak. Bulle met libido het soms 'n olierigheid in die velvoue van die nek.

NAEL EN SKEDE

Skedes wat reguit afhang vir 8-10cm of selfs verder weg van die lyf is ongewens. Dit is nie 'n eienskap wat gevestig moet word nie.

Figuur 12: Prominente nael en lang skede wat 'n swelsel gevorm het.

Figuur 12b: 'n Dier met naeltjie skede kombinasie wat sterk neig

12

12b

Lank en vlesig:
Skedes wat te lank en vlesig is neig om 'n prolapse te ontwikkel of die prepuce sak uit en gee aanleiding tot maklike beserings.

'n Swelsel wat ontstaan sal die bul vir verdere teling elimineer. Poenskop diere se voorhuide is geneig om maklik uit te sak. Uitsonderings kom voor, wat geselekteer kan word. Die skede en nael is 35% oorerflik sodat seleksie vir die ideale nael-skede kombinasie suksesvol sal wees.

Skede met groot opening:
Hulle is soortgelyk ongewens omdat beserings deur takke en dorings maklik kan plaasvind.

Naeltjie:
Lang skedes is soms die gevolg van'n prominente naeltjie. Seleksie vir'n kort of afwesige naeltjie word sterk aanbeveel.

Stywe vel:
Seleksie vir 'n kort nael en skede moet nie gepaardgaan met'n styf gespanne vel om die lyf nie.

'n Stywe vel dier het nie die produksie-vermoë van'n los vel dier nie waarskynlik weens swakker fisiologiese werking.

Teling moet soms gebruik maak van uitsonderings genetika. Bulle met geen nael,'n korterige skede wat verkieslik'n paar sentimeter weg van die liggaam hang met'n stywe opening kom voor met'n los dik vel oor die liggaam van die dier. Dit is dié genetika wat in die ras vermeerder moet word. Sulke kombinasies is aan die begin nie volop nie maar moet identifiseer en vermeerder word.

OPSOMMING

Visuele evaluasie met die klem op funksionele doeltreffendheid betrek die wetenskap by'n subjektiewe metode van evaluasie. Dit het groot waarde veral as dit saam met prestasiemeting, teelwaardes en stambome gebruik word om produksie doeltreffendheid te verbeter.

HOOFSTUK 2: AANPASBAARHEID

deur
***D.J. Bosman,** Pri. Sci. Nat.*
Kranskop, KZN

Beesvleis produksie is 'n funksie van genotipe en omgewing. Die omgewing is saamgestel uit verskillende elemente wat produksie beïnvloed soos temperatuur, humiditeit, reënval, hoogte bo seespieël, bestraling (son), grond ph, interne en eksterne parasiete en siektes.

Telers benodig kennis van hoe elke omgewingseffek die diere beïnvloed, en hoe die dier visueel vertoon wat die beste aanpas. Prestasie evaluering is in hierdie opsig 'n belangrike bykomende hulpmiddel.

Dit is nodig om aanpassingseienskappe te verstaan en visueel te evalueer omdat dit nie gemeet word nie. Rasse verskil meer wat aanpasbaarheid betref as in enige ander opsig. As aanpasbaarheid nie in berekening gebring word nie is daar weinig ander verskille wat nie met prestasiemeting uit die weg geruim kan word nie. Aanpasbaarheidsverskille bestaan tussen beeste van dieselfde ras. Dit geld selfs in verwante lyne wat ooreenkom in tipe en ander voorkoms eienskappe.

Die Sanga rasse speel in Suidelike Afrika 'n belangrike rol om in verskillende omgewings doeltreffend ekonomies vleis te produseer weens 'n voortreflike aanpasbaarheid. Nietemin kom verskille tussen diere voor.

Die volgende voorkoms eienskappe sal bespreek word:

- Bouvorm
- Liggaamstemperatuur
  - asemhaling
  - die vel
  - haarkleed
  - sweetkliere
- Pigment
- Eksterne parasiete

BOUVORM

Die inheemse Sanga of *Bos taurus africanus* rasse het 'n eiesoortige bouvorm, in vergelyking met die uitheemse *Bos taurus* en *Bos indicus* rasse.

- Hulle beskik oor 'n respiratoriese bouvorm soortgelyk aan die *Bos indicus* rasse. Dit beteken dat hulle in die middelstuk by die ribbes die vorm van 'n rugbybal het. Die ribbes lê ook meer skuins na agter. Sodoende is meer veloppervlakte in aanraking met die omgewing terwille van beter liggaamshitte regulering.
- Die uitheemse *Bos taurus* rasse het 'n metaboliese bouvorm. Agter die blaaie het hulle 'n ronde vorm soos 'n sokkerbal, en die ribbes lê vlakker na agter. Dit is om hitte te bewaar in die gematigde tot koue omgewing waar hulle ontwikkel is. Dit is betekenisvolle verskille.
- Sanga rasse beskik oor sterk gevormde oogbanke met 'n sensitiewe oogsenuwee. Die oogbank beskerm die oë van die intense ultra-violet strale van die son en die oë knip maklik toe as 'n dier weiding tussen struike en bosse vind. Die *Bos taurus* rasse het 'n oop oog wat weinig beskerming bied. Hulle kan nie tussen struike gras soek nie.
- Sanga rasse het 'n lang stert wat soms tot teen die grasweiding hang vir 'n doeltreffende afweer van vlieë en bosluise op die sye van die dier.
- Sanga ras bulle het 'n kenmerkende goed gevormde skof wat op die nek geplaas is. Dit is 'n voordelige kenmerk van aanpasbaarheid in 'n warm subtropiese of tropiese omgewing. Sodra Sanga beeste se skof kleiner raak word die stert korter en die hare word langer wat kenmerke van die *Bos taurus* rasse is met 'n swakker aanpasbaarheidsvermoë.

Die *Bos indicus* rasse se skof is op die skouers geplaas met 'n regop vorm terwyl die Sanga skof voller en rond vertoon en op die nek geplaas is.



Figuur 13a: Bouvorm van metaboliese tipe *Bos Taurus* ras links.

Respiratoriese bouvorm van Indicus en Sanga rasse regs.

Sekere eienskappe beïnvloed die mate waartoe 'n dier van oortollige hitte ontslae kan raak.

LIGGAAMSTEMPERATUUR

Aanpasbaarheid in 'n omgewing draai primêr om die handhawing van 'n normale liggaamstemperatuur. Die liggaam produseer hitte weens metabolisme, vertering, bloedsomloop en beweging. Die dier moet van die oortollige hitte ontslae kan raak anders styg die liggaamstemperatuur, die eetlus word benadeel en die dier begin degenereer. Dit is waar die term "tropiese degenerasie" sy oorsprong het.

Sekere eienskappe beïnvloed die mate waartoe 'n dier van oortollige hitte ontslae kan raak. Voeg daarby die omgewings-temperatuur en humiditeit en die belangrikheid dat 'n dier oor voortreflike aanpassingseienskappe moet beskik, word duidelik.

In die meeste vleisproduserende gebiede van Suid-Afrika kan die somers warm (30-35°C) tot baie warm (36-45°C) wees. Die Nguni het oor 500 en meer jare die vermoë ontwikkel om aan te pas en te produseer onder vogtige warm omstandighede.

Koue temperature van selfs 1 tot -10°C is nie vir mens en dier 'n onoorkomlike probleem nie, mits daar voldoende kos beskikbaar is. Sneeu koue sal wel vir die Sanga rasse ongerieflik wees, maar vir *Bos indicus* rasse lei dit tot sterftes. *Bos indicus* rasse vreet slegs 2.7% liggaamsgewig voedsel terwyl die Nguni 3.2% liggaamsgewig vreet. Dit is 'n voordeel in 'n koel klimaat.

Gemiddelde liggaamstemperatuur van bees: 38.7°C
Gemaksone uitheemse Taurus rasse: -1° tot 16°C
Gemaksone uitheemse Indicus rasse: 10°C tot 27°C
Ongemaksone uitheemse Taurus rasse: hoër as 27°C
Ongemaksone uitheemse Indicus rasse: hoër as 35°C (volgens Bradley, 1956)

Toename van minder as 0.5°C in liggaamstemperatuur is voldoende om 'n negatiewe invloed op die fisiologiese prosesse van die dier uit te oefen.

Soms beweeg die omgewingstemperatuur bokant liggaamstemperatuur (38.7°C). Die aanpassingseienskappe van die dier moet besonders wees om te verhinder dat die dier se liggaamstemperatuur styg.

As die dier sukkel sal hulle koelte of water om in te staan opsoek. Verskeie eienskappe van die dier wat hitte regulering bevoordeel sal bespreek word:

Asemhaling

Diere onder 12 maande ouderdom is meer gevoelig vir hoë temperature en sal vinniger asemhaal om van oortollige hitte te probeer ontslae raak. Selfs ouer diere sal vinniger asemhaal as temperature bo 30°C styg en hulle sukkel om liggaams-temperatuur te handhaaf.

Die normale asemhalingstempo van vleisbeeste is 24-26 per minuut. In die warmte van die dag met loop en wei kan dit wissel by diere van 30-90 asemhalings per minuut.

By Mara proefplaas het jong bulle van verskillende rasse 'n groeitoets voltooi. Temperature en asemhalingstempo van die bulle is gemeet na hulle sowat 2km op vinniger pas in groepe na die krale beweeg het. Die omgewingstemperatuur was 34°C. Die resultate verskyn in Tabel 1.

TABEL 1: Asemhalingstempo en liggaamstemperature van verskillende rasse

RAS	TEMP °C	ASEMH / MINUUT
Nguni Uitheemse Taurus rasse	39.4 39.6	47 62
% verskil	0.5%	31.9%

Die Nguni het by 34°C op Mara proefplaas 'n 31.9% beter aanpasbaarheid getoon as uitheemse *Bos taurus* rasse volgens asemhalingstempo. Dit sal reflekteer in die produksievermoë. Indien die omgewings-temperatuur 40°C is sal die verskil nog groter word. Selfs binne dieselfde ras kom betekenisvolle verskille na vore.

Die Vel

Die vel vorm 'n buffer tussen die dier en sy omgewing en speel dus 'n belangrike rol in liggaamshitte regulering (Figuur 14).

Figuur 14: 'n Nguni bees met 'n voordelige veloppervlakte vir liggaamshitte regulering in warm somermaande.

Die vel verteenwoordig sowat 8% van die lewende gewig van die dier (36kg vir 'n dier wat 450kg weeg). Die bloed vloei na die vel waar hitte uitstraling plaasvind. Die dikker vel sal 'n hoër bloed toevoer geniet. Die vel bevat sweetkliere sodat 'n groter veloppervlakte relatief tot gewig hitte uitstraling soortgelyk sal vergemaklik.

Amerikaanse Navorsers het bewys dat Brahmaan vroulike diere 'n 12% groter veloppervlakte het as Jerseys van dieselfde gewig.

Die keelvel, naelvel en ore van die Brahmaan het 11% van die totale veloppervlakte verteenwoordig terwyl dit by die Santa Gertrudis 9% was en by die Shorthorn slegs 6%.

Die verandering van veldiktes vanaf 1993 in Suid-Afrika soos bepaal by intensiewe groeitoetse verskyn in Tabel 2.

TABEL 2: Enkel velmaat diktes en bulletjies wat 'n groeitoets voltooi

RAS	1993-97 (mm)	1995-99 (mm)	2010-2014 (mm)	% verandering
Nguni	7.8	7.5	7.3	-6.8
Afrikaner	9.5	8.9	8.3	-14.5
Bonsmara	8.4	8.2	7.8	-7.7
Britse rasse	7.3	7.3	7.2	-1.4

Die Britse rasse het die dunste velle soos wat verwag word. Die belangrikste gevolgtrekking is dat die veldiktes dunner geword het die afgelope 20 jaar by al die rasse wat gelys is. Dit beteken dat seleksie vir aanpassingseienskappe nie 'n prioriteit is nie.

Met die huidige (2015-2016) droogte-toestande was dit baie duidelik dat die swakker aangepaste koeie eerste uitgesak het.

Indien veldiktes nie gemeet is nie kan die afwaartse velvoue in die nek as verwysingspunt gebruik word.

Indien die afwaartse voue na aanmekaar lê is die vel dun met minder bloed wat na die oppervlakte vloei. Indien die voue verder uitmekaar en dikker vertoon sal die vel dikker wees. Dit is voordelig vir 'n hoër bloedvloei na die oppervlakte vir hitte regulering en steekvlieë sal moeiliker deur die vel boor.

Bonsmarabulletjies wat by Irene aan die groeitoetse deelgeneem het se skede lengtes is gemeet as 'n maatstaaf van veloppervlakte. Bulletjies met langer, selfs ongewensde skedes het 7% beter gegroei met 'n 8% beter voeromsetverhouding. Die meeste kort skede diere is gekenmerk deur 'n stywe vel om die liggaam soos die Britse rasse. Bulletjies is egter geïdentifiseer met relatief kort skedes maar uitstekende prestasies. Die geheim was dat hulle los velle oor die liggaam gehad het en hulle fisiologiese prosesse beter gefunksioneer het.

Dit is die genetika wat Sanga rasse moet vermenigvuldig.

Die Sanga rasse beskik oor 'n goed ontwikkelde *paniculus* spier net onder die vel regoor die ribbes asook 'n sensitiewe *polimotoris* senuwee. Die spiertjies word na verwys as "happy lines". As 'n vlieg of bosluis daar kom sit, tril die hele vel selfs tot in die nek gedeelte. Dit is 'n voordelige aanpassingseienskap wat by elke dier teenwoordig behoort te wees.

Figuur 15: Pragtig en duidelike paniculus spiere sigbaar.

Haarkleed

Haarkleed speel 'n baie belangrike rol in die regulering van liggaamstemperatuur. Aangepaste diere het 'n los vel oor die liggaam met 'n kort glansende haar veral in die somermaande (Figuur 16)

Die *Bos taurus* rasse (Brits en Europees) is in 'n koel klimaat ontwikkel met twee haartipes. Die hare bestaan uit 'n beskermde dikker haar van 50μ in dikte en 'n dunner binne krulhaar van 30μ wat die liggaamshitte beskerm. Hierdie hare het nie 'n glans nie. In die warmer Suid-Afrikaanse omgewing is hierdie twee haartipes nie ideaal nie. Die hare het 'n glans nodig om die ultra-violet strale van die son te weerkaats. Diere met 'n gladder blink haar sonder 'n krulhaar kan maklik wei en beweeg selfs as die dag-temperatuur 30°C oorskry.

Op Mara proefplaas is loopproewe gedoen met die volgende resultaat:

- Wollerige Britse ras diere: 6.4km per dag – liggaamstemp: 41.1°C
- Gladde haar Britse ras diere: 25.6km per dag – liggaamstemperatuur: normaal
- Gladde haar Sanga diere: 64.0 km per dag – liggaamstemperatuur: normaal

Bonsma het 'n wollerige Afrikanerbul bekom en hom gepaar met gladde Afrikanerkoeie. Byna 50% van die nageslag was wollerig. Op 8 maande ouderdom was die gewigsverskille soos volg:

Figuur 16: Nguni's met 'n kort glansende haarbedekking wei in die warm somerson.

- Gladde haar Afrikaner: 243kg Asemhalings per minuut: 47
- Wollerige haar Afrikaner: 149kg Asemhalings per minuut: 148

Gladde haar Sanga rasse wei maklik en sal in die son staan by 'n dagtemperatuur van bo 30°C. Let op watter diere soek eerste die koelte op en staan in die dam of waterbak om af te koel. Let op na hulle haarkleed. Op Mara het die Britse ras diere nie ver van die lekbakke gewei nie en verkies om onder die bome te staan en herkou as dit warm is. Die weiding is naby die waterpunt uitgetrap en produksie is benadeel.

In die warm somer dae in die Bosveld is dit bekend dat die *Bos taurus* rasse maklik die fetus resorbeer met 'n gevolglike laer kalfpersentasie. In die Bosveld, Laeveld, en tropiese en subtropiese gebiede is weinig Taurus rasse wat sulke uiterstes van temperature oorleef. In Brasilië noord van die springbok skeurkring kan Britse ras bulle nie by koeie gesit word nie want hulle oorleef nie. Hulle kan wel met Britse ras semen die koeie insemineer om kruiskalwers te verwek.

'n Dier mag glad van haar vertoon op die oog maar hare mag in die ore teenwoordige wees, soms op die uier en laer dy.

Sulke diere is nie so glad soos diere wat skoon van hare in die ore is nie. Dit is die diere wat koelte toe vlug of vinniger asemhaal as dit warmer word en swakker aanpassingsvermoë het. As bulle aangekoop word kyk gerus na die hare binne die ore.

Wanneer die haar van 'n gladde haar dier gestreel word moet dit 'n vetterigheid aan die hand laat. Die haar van die onaangepaste dier is droog en dof en slegs stof kom te voorskyn as dit gestreel word.

'n Goed aangepaste dier sal vroeg in die somer begin verhaar. Dit sal in die nek begin, die voorkwart en laer agterkwart en vanaf die middellyn op die rug afwaarts. Verse wat vroeg verhaar kom eerste op hitte wat ook dui op 'n voordelige hormoon balans.

Sweetkliere

Sweetkliere skei vog af wat die dier help om sy liggaamstemperatuur te handhaaf. Sweet is nie op die hare sigbaar nie maar dit is 'n hulp met die beheer van liggaamstemperatuur. Die getal sweetkliere is dus belangrik. Dit is gevind dat *Bos indicus* rasse 1507 sweetkliere per vierkante sentimeter het teenoor die 981 van die Britse rasse ('n verskil van 54%). Die *Bos indicus* rasse het ook 'n groter vel oppervlakte wat dit meer gunstig maak. Sanga rasse sal waarskynlike minder sweetkliere as die *Bos indicus* rasse bevat maar heelwat meer as die Britse rasse.

In die sanderige Kalahari, dele van Namibië en Botswana is 'n blink swart hoef (buffelhoef) die mees geskikte.

PIGMENT

In die Suidelike Afrikaanse omgewing is sterk pigment op die vel, oë, hoewe, skrotum en neusspieël noodsaaklik (Figuur 17a). Die ultra-violet strale is intens en sal sere en selfs kanker veroorsaak indien voldoende pigment nie teenwoordig is nie.

In die sanderige Kalahari, dele van Namibië en Botswana is 'n blink swart hoef (buffelhoef) die mees geskikte (Figuur 17b).

Die sand word warmer as die dagtemperatuur en weerkaats hitte na die uier en skrotum van die dier. Pigment is dus besonders belangrik.

Indien die haarkleed kolle wit of ten volle wit is moet pigment op die vel teenwoordig wees anders sal daardie gedeelte pienk vertoon weens inflammasie. In Brasilië sowat 400km suid van die ewenaar is opgelet dat die wit gedeeltes van 'n Holstein dier pienk was.

Dit is hoe intens die ultra-violet strale in daardie warm vogtige omgewing is.

Sonlig bestaan uit infra-rooi en kortgolf strale wat albei intens kan wees. Hierdie strale word doeltreffend weerkaats deur grys, wit, geel en rooibruin hare as dit 'n blink haar is. Swart hare het 'n mindere vermoë om die golwe te weerkaats tensy die haar skynend blink is. Dit is waarom motors vandag met '*metallic*' geverf is – dit weerkaats sonstrale doeltreffend en hou die motor koeler.

Figuur 17a: Pigment om die oë is in 'n warm omgewing noodsaaklik.

Figuur 17b: Blink swart hoewe is in die omstandighede voordelig.

EKSTERNE PARASIETE

Die Sanga rasse, veral die Nguni beskik oor 'n besondere weerstand teen eksterne parasiete soos die bosluis.

Bosluise, steekvlieë, muggies en ander parasiete veroorsaak ongemak en siektes.

Die beweging van die vel en'n lang stert kan'n mate van verligting bied soos reeds bespreek is.

Om te kan groei en ontwikkel vorm bosluise gedurig vitamien B uit die bloed (kos) wat opgesuig word. Dit wil voorkom of die immuun stelsel van die Nguni hierdie organisme in die bosluis aanval.

Die groei van die bosluis word daardeur vertraag sodat die bosluis langer neem om volwassenheid te bereik en vroeër afval. Dit is waarom min of geen bosluis op die meeste Nguni's sigbaar is nie.

Die effek van bosluisbelading is by die Hereford, Bonsmara en Nguni op die Loskop proefplaas naby Groblersdal bepaal. Een groep van elke ras is gedip terwyl die ander groep nie gedip is nie. Die bosluislading op elke dier is getel. Die getal eengasheerbosluise op die Hereford was 3137 op die Bonsmara 2030 en op die Nguni 431. Die verlies aan speengewig was 29.5kg by die Hereford, 17.6kg by die Bonsmara en 4.4kg by die Nguni.

Die effek van'n enkel bosluis was 8.9g by die Hereford, 8.0g by die Bonsmara en 8.6g by die Nguni.

Die betekenisvolle effek op produksie indien bosluise nie beheer of teen geselekteer word nie is uit hierdie resultate duidelik.

OPSOMMEND

Aanpasbaarheid het'n stel eienskappe wat ekonomies belangrik is vir die vleisbeesbedryf en meer pertinente aandag verdien in die seleksieprogram. ■

HOOFSTUK 3: RAAMWERK

deur
***D.J. Bosman,** Pri. Sci. Nat. Kranskop, KZN*

'n Korrekte raamwerk is vir die bees fundamenteel vir 'n voordelige produktiewe leeftyd. Vleisbeeste moet gemaklik kan beweeg oor redelike afstande om kos te versamel. Bulle behoort die koeie te volg en gemaklik te dek.

In Namibië het 'n teler onlangs bepaal hoe ver die bulle in die nag beweeg om die koeie te dek. Dit is 'n ekstensiewe gebied in die Kalahari waar die kampe 400-500 ha groot is. Sommige bulle het tot 16km in 'n nag geloop. Interessant was dat 'n bul met regop hakke nie veel meer as 3km beweeg het nie.

Skelet afwykings beperk 'n dier se beweging maar kan ook produksie benadeel of 'n dier se lewe verkort. Daar is 'n menigte afwykings wat aan die raam kan ontwikkel. Hulle is meestal geneties van aard of kan in sekere gevalle deur omgewingseffekte veroorsaak word. Slegs bekende eienskappe van die raam sal bespreek word:

KRUIS

By vroulike diere is 'n matige hangkruis voordelig. Die kruis word deur 'n drie-hoek verteenwoordig bestaande uit die heupbene *(Tuber Sacrale)* sitbene *(Tuber Ischii)* en draaibene (Femur aansluiting met pelvis). Dit is belangrik dat die draaibeen heelwat laer geplaas sal wees, nader aan die sitbene. Dit sal verseker dat die pelvis opening voordelig is vir gemak van kalwing.

Die Nguni het die uitsonderlike vermoë om selfs met Europese ras kruisteling die gewig van die kalf binne voordelige grense te beperk. Nietemin is 'n goeie pelvisplasing voordelig vir die agterste raamwerk van die dier, die agterbene ingesluit.

Figuur 18: 'n Nguni koei met 'n voordelige lang kruis.

Die Holstein is bekend vir 'n plat kruis en kalfprobleme. In 'n studie met Holsteins is gevind dat as die helling van die heupbeen na die sitbeen 7-12% (redelik plat) was, was distokie gevalle 45%. As die helling 20-24% was, was dit slegs 12%. 'n Dakkruis met 'n verhewe sacrum is ongewens (Figuur 19).

Heupbene moet nie te prominent en wyd wees nie. Dit is 'n vroulike eienskap maar selfs by die vroulike dier is dit ongewens. Wye heupe by 'n bul dui op 'n hormonale wanbalans. Sulke bulle moet eerder uitgeskot word want hulle libido sal nie voordelig wees nie.

Figuur 19: 'n Ongewensde kruis en swak stert aanhegting.

AGTERBENE

Die agterbene moet verkieslik eweredig geplaas wees. Te sekel of te regop hakke is ongewens en belemmer die gemaklike loop van die diere (Figuur 20). In die geval van regop hakke word die draaibeen gelig wat die pelvis-opening verklein. Dit kan aanleiding tot kalfprobleme gee. Koeihakkigheid veral as dit oordrewe is bemoeilik die gemaklike beweeg van die dier.

Figuur 20: Regop of sekel hakke by die agterbene is ongewens.

KOOTGEWRIGTE

'n Sagte kootgewrig plaas meer gewig op die hiel en veroorsaak 'n mate van ongerief vir die dier. Die bykloue kan soms so laag sak dat dit die grond raak. In sanderige grond kan dit aanleiding gee tot uitgroei kloue (Figuur 21).

Figuur 21: Kote sak deur wat beweging benadeel.

VOORSTE KNIEË

Die twee voorste knieë moet verkieslik regop wees, beide van voor en van die kant gesien.

Met duiftonigheid beweeg die knieë na buite en die tone na mekaar. Met x-benigheid beweeg die knieë namekaar en die onderste deel van die bene na buite. Die bees trap nie plat op die kloue nie wat klou groei aanmoedig. Beide toestande is ongewens en afkeuringswaardig (Figuur 22).

Figuur 22: Duiftonige en x-voorbene is nie gewens nie.

Die agterbene moet verkieslik eweredig geplaas wees. Te sekel of te regop hakke is ongewens en belemmer die gemaklike loop van die diere

HOOGTE

In die sub-optimale Suid-Afrikaanse omgewing word beperkings op die grootte van diere geplaas omdat groter diere meer kos vereis en as dit nie beskikbaar is nie sal die vroulike diere nie beset raak nie.

Met die hoogtemates wat in groeitoetse geneem is, is elke ras ingedeel volgens volwassenheidstipes.

Tipe 1 is as 'n ponietipe identifiseer en tipe 5 'n laatryp tipe en 2 tot 4 is intermediêr – die meer aanvaarbare tipes.

Die pypbeen is die vroegste ontwikkelende deel van die raamwerk van 'n bees. Dit is by 12 maande ouderdom reeds 98% ontwikkel. Dit kan dus sinvol met keuring as 'n verwysingspunt vir hoogtetipes gebruik word. Dit is 'n toepassing wat redelik maklik aangeleer kan word.

LIGGAAMSLENGTE

Liggaamslengte is 'n belangrike struktuur van die raam. Dit is by 12 maande ouderdom 77% ontwikkel en by 24 maande 88%. Liggaamslengte is hoër met gemiddelde daaglikse toename (GDT) en voeromsetverhouding (VOV) gekorreleer as hoogte. Dit is voordelig. In groeitoetse wat vanaf 1963 plaasgevind het, is gevind dat al die rasse meer in lengte toegeneem het as in hoogte.

Gee dus voorkeur aan langer diere met goeie kapasiteit en liggaamsdiepte. Langer diere is soms geneig om vlak te wees met minder plek vir hart, longe en rumen.

Die hoogte lengte verhouding van die Nguni wat vanaf 1993 getoets is, is 1:10 met ander woorde is 10% langer as hoog. Die produksievermoë van die ras sal baat vind by 'n mikpunt van 1:15 of 15% langer as hoog.

NEUS EN BEK

Soms kom 'n skewe neus of bek voor wat 'n genetiese afwyking is. Sulke diere word uitgeskakel. Dieselfde geld vir 'n kort of te lang onderkaak.

KOP

Osserige lang koppe is nie voordelig nie. 'n Korter breër kop is uit 'n produksie-oogpunt meer voordelig. Let op waar die oë van die elite Nguni koeie sit. Waarnemings dui aan dat die oë van sulke koeie twee derdes van onder geleë is. Dit is dus die ideaal.

STERT

'n Verhewe bobbejaanstert is nie normaal nie en vertoon nie mooi nie. Skakel liewer sulke diere uit. 'n Lang stert met 'n sterk kwas is ideaal veral vir aanpasbaarheidsdoeleindes soos reeds bespreek.

RUG

'n Hol rug kom soms voor. Die rug moet verkieslik reguit en vol wees. 'n Duiwelsgreep kom soms agter die blaaie voor wat 'n knak in die rug veroorsaak. Dit is ongewens.

HIEL DIEPTE

Die hiel moet diep wees. As daar geen diepte is nie, lê die kloue platter wat aanleiding gee tot uitgroei. Dit moet ook nie te regop wees soos 'n balletdanser nie. In die sandveld omgewing verkies telers die meer regop hiel. Hulle beweer sulke diere loop makliker in die sand.

HOEWE

Die hoewe van 'n bees is baie belangrik omdat die diere elke dag op hulle loop. Laminitis is meer 'n ontsteking van die weefsel rondom die hoef wat hoofsaaklik in 'n voerkraal omgewing voorkom.

Afwykings van die hoewe is hoofsaaklik geneties van aard. Omgewingsfaktore kan egter aanleiding gee tot hoefgroei. In 'n klipperige omgewing word die hoewe natuurlik afgeskuur sodat uitgroei nie voorkom nie. Swakheid vir uitgroei word sodoende verberg. In sandveld en sagte weidings sal genetika wat tot uitgroei neig meer voorkom. Sulke genetika moet eenvoudig uit geselekteer word.

Figuur 23: Hoewe wat in sanderige omstandighede so uitgroei beteken 'n swak produksie doeltreffendheid

Sandveld telers moet dus versigtig wees vanwaar hulle genetika inbring in hulle kuddes (Figuur 23).

Die kleur van hoewe is belangrik veral in ‘n sandveld omgewing. Dit is duidelik dat die swart en amber kleur hoewe nie so maklik uitgroei soos ligte en wit kleur hoewe nie. Die blink swart hoef is in die sandstreke die sterkste hoef. Sulke genetika is egter skaars. Dit is belangrik om hulle te vind en doelbewus daardie gene te vermeerder. As opgelet word hoe die Skepper diere in die natuur saamgestel het dan is die swart pigment prominent om die oë, die bek, skrotum, horings, vel en kloue. Dit is net die nag diere wat nie almal swart pigment het nie.

Hoeflengtes is vroeër jare aan die begin en einde van groeitoetse gemeet. Die effek van uitgroei kloue is op prestasies bepaal. Diere wat die normale hoefgroei getoon het, het ‘n 3% beter GDT en 4% beter voeromsetverhouding gehad teenoor bulletjies wat goedgekeur is maar meer uitgroei getoon het.

Die bulletjies met kloue wat te lank uitgegroei het het swak presteer en is deur die betrokke genootskap uitgeskot. Die voeromsetverhouding van sulke diere was nader aan 1:12.

In Namibië is zebras en gemsbokke van ‘n hardeveld plaas ingevoer na ‘n sandveld plaas. Die hoewe is swart, maar het so erg uitgegroei dat hulle gesukkel het om te loop. Die diere is verdoof, die hoewe gesny en hulle is weer losgelaat. Dieselfde het gebeur. Daar was geen seleksiedruk vir hoefgroei op die hardeveld nie want die veld het die hoewe kort gehou. Al was die kleur korrek was dit nie die regte genetika vir die sandveld nie. Soms moet diere onder druk geplaas word om by die korrekte genetika te kom.

Hoewe sal soms na binne groei of draai wat ongerief vir die dier veroorsaak. Sulke genetika word uitgeskakel.

TEMPERAMENT

Diere met ‘n gemaklike temperament is aangenaam om mee te werk.

Beeste met ‘n temperamentele geaardheid kan gevaarlik wees. Temperament is 40% oorerflik sodat seleksie vrugte sal afwerp.

Laag vrugbare diere en selfs diere met ander afwykings is geneig om senuweeagtig of wild te wees. Dit mag weens ‘n hormonale wanbalans wees. Hulle loop meestal eenkant, weg van die trop.

OPSOMMING

Die raamwerk van die dier dra die organe en vleis wat geproduseer word. As die raam nie op standaard is nie sal produksie nie doeltreffend plaasvind nie. Dit is dus noodsaaklik dat ongewensde gene gedurig uitgeskakel word. Dit is ‘n volgehoue proses wat op die lange duur voordeel vir die ras en die vleisbeesbedryf inhou. ■

PAT & MARGIE HOBBS - 082 7737298

patmarg@telkomsa.net

GROWTH, SIZE & EFFICIENCY

OF NGUNI CATTLE FOR OPTIMUM ADAPTATION AND REPRODUCTIVE EFFICIENCY

Prof Edward Webb
Department of Animal and Wildlife Sciences, University of Pretoria, Private Bag X20, Hatfield 0001, South Africa,Email: Edward.webb@up.ac.za

NTRODUCTION

Beef cattle production has benefitted from major advances in production practices like the selection for adaptability, growth and reproduction efficiency during the turn of the previous century (Webb & Casey, 2010). In the case of the Nguni cattle breed there has been some debate about the relevance of selection for growth and efficiency, although selection for adaptability and fertility traits have hugely benefitted the breed. Feedlots increasingly favour medium-larger frame weaners with high growth potential, which puts more pressure on extensive beef cattle producers to change the types of cattle and breeding systems to supply the growing demand in such weaners. Nguni cattle are renowned for its adaptability and fertility despite its small-frame size, but there is mounting pressure to change the selection strategies of this breed in order to remain competitive.

Beef cattle production is practised under a wide variety of ecological regions with varying environmental conditions. The efficiency of cattle production is a function of yield, time and natural and human resources required to produce edible tissues of consistently high quality in a sustainable way (Webb, 2012).

The question that remains is to what extent selection for growth and efficiency affects adaptability and reproduction rate of Nguni cattle.

A production system is regarded as sustainable if a consistently high level of efficient production can be achieved over a long term (longevity). The purpose of this paper is to focus on the potential effects of selection for growth and efficiency on the adaptability and reproductive characteristics of Nguni cattle, as well as other strategies to remain competitive.

HARDY AFRICAN CATTLE FOR SUSTAINABLE BEEF PRODUCTION

A strategic question centres on the importance of growth, nutrition and crossbreeding of beef cattle in terms of reproductive efficiency of Nguni cattle. It is critical to understand that growth and development are the dynamic outcome between the genetic make-up of an animal and the environmental factors, which include both the physical and internal environments (Webb & Casey, 2010). This implies that the expression of an animal's genetic blue-print depends on the extent to which the total environment allows its expression, resulting in a unique phenotype. Adapted animals are less affected by environmental limitations and that is where the indigenous breeds like the Nguni often excel.

The importance of the internal environment, notably the rumen and its microbes and the ability of cattle to maintain homeostasis, are often ignored. Nguni cattle are ideally suited to harsh conditions and they are able to better utilise poor quality grazing with a relatively high crude fibre content compared to other cattle breeds.

Heat of digestion or "heat increment" due to the digestion and fermentation of high crude fibre diets, adds an additional burden on cattle to maintain heat balance. European cattle breeds generally struggle to maintain heat balance in such conditions, especially during hot summer months in southern Africa. These features and the inherent small size of the Nguni cattle breed should be carefully managed in order to retain a genetic resource that can provide long-term sustainable beef cattle production in resource constrained environments.

EFFECTS OF SELECTION FOR GROWTH ON SIZE AND EFFICIENCY OF NGUNI CATTLE

It is established that growth occurs in a specific sigmoidal sequence which involves the increase in cell number (hyperplasia), increase in cell size (hypertrophy), organisation of growth and ultimately cell and tissue differentiation. During this complex process, the rate, proportions, composition and extent of growth of different cells and tissues change in a fixed way. However it has been demonstrated in pigs and other livestock (Hammond et al., 1971) that selection for growth and efficiency changes the conformation of animals which may affect the components of fertility like gonadal development, pelvic dimensions and endocrine balance that supports efficient reproduction. These aspects become increasingly limiting in harsh environments and it was demonstrated (Botsime & Webb) that Nguni cattle suffer only a marginal depressions in reproduction efficiency in such environments compared to European and composite cattle breeds.

GENETIC SELECTION, PRODUCTION AND REPRODUCTION

The question that remains is to what extent selection for growth and efficiency affects adaptability and reproduction rate of Nguni cattle. Adequate growth and development provides the impetus for subsequent gonadal growth and secondary sexual development of both bulls and heifers. Growth and reproduction are sensitive indicators of environmental limitations and management practices. Fertility is a complex aspect which is poorly understood because it has a low heritability, which implies that a major part of the variation in fertility is due to environmental and management factors. In this regard growth, mature size and maintenance of body condition directly affect the rate and repeatability of reproductive performance in a beef cattle herd. There are a number of important aspects that can be addressed to ensure efficient beef cattle production in resource constrained environments.

1. Selection for growth and mature size:

Since cattle production systems are directly dependant on the natural resource base (quantity and quality of grazing and planted pastures as well as supplemental feeding), it is vital to synchronise the quality of the resource base with beef herd management practices like breeding season, age at breeding, weaning and re-breeding.

a. South Africa is characterised by frequent variations in its natural resources e.g. quality and quantity of grazing and water due to seasonal variations, sporadic droughts, veld fires, pressure on agricultural land and land claims.
b. It follows that cattle that are adapted and fertile in the particular production environment are non-negotiable aspects of successful and sustainable beef production.
c. A key principle is that the production environment will determine the optimal size and level of production of beef cattle.

d. It is not feasible to breed and select phenotypes that exceed the capacity of the farm, by substituting the natural grazing with large quantities of expensive feeds and supplements.
e. Selection for medium frame size cows generally yields better production compared to either their small and large framed counterparts. Medium frame size cattle tend to be more adaptable in harsh environments and such animals can be selected by EBV's and visual appraisal of functional efficiency and hide and coat characteristics like a thick hide and smooth hair coat.

2. Early breeding and re-conception:

Scientific studies point to the benefits of early breeding and re-conception.

a. Cattle reproduction consists of several harmonised steps namely conception, implantation, gestation, parturition and involution. These physiological events are directly controlled by the delicate interplay between the hypothalamus (master gland of the endocrine system), gonadotropins (reproductive hormones) and environmental stimuli.
b. Although there is a trend to select for larger frame size due to favourable correlations between frame size and growth rate, with subsequent benefits on feedlot performance, medium frame size cattle are more likely to produce well in resource constrained environments in South Africa.
c. Selection for early breeding has a beneficial effect on growth by acting as a more sensitive gauge to synchronizing environmental effects with growth and size.

3. Puberty and early conception:

Economic aspects of puberty and early conception emphasise the importance of using heifers retained for breeding purposes as soon as possible.

a. Barren heifers and cows are unproductive and put extra burden on the production costs of the cow herd.
b. Obviously the period from birth to first conception is 'unproductive time' and costly. There is a fine balance between early conception and performance because early puberty should not be at the expense of reduced performance!
c. Early conception affects skeletal development and mature size and provides a way to exploit sexual dimorphism in livestock, provided that an acceptable mass is attained at breeding, which is usually ca. 55-60% of mature size.
d. Research at the University of Florida suggests that faster growth decreases the age at puberty by between 30 to 90 days and at 30 to 50 kg lower body mass. Such heifers achieved a higher first exposure pregnancy rate and rebreeding conception rate (79,2% vs 64,9%), but with no differences from 4 years of age onwards.

4. Methods to improve reproduction efficiency:

Reproductive efficiency is determined based on services per conception, calving rate and non-return rates.

a. These parameters are affected by the proportion of the cow herd that can be bred, herd health, age profile and replacement percentage of the herd and bull fertility or efficiency of artificial breeding.
b. The research by Taylor & Webb on Santa Gertrudis cattle in Namibia clearly indicates that large farmed cows have lower fertility. A similar study by Visagie & Webb in South Africa confirmed the effect of cow size, but indicated smaller differences in cow size.
c. Suckling significantly decreases re-conception rates in cows and this can be improved by early weaning strategies or calf removal before re-breeding (Escrivao et al., 2009 & 2012).
d. Pre-partum feed supplementation of extensive beef cows had little effect on ovarian activity or re-conception rates (Bayemi et al., 2014 a&b), so it is recommended that cattle breeders focus more on achieving optimum pre-partum body condition scores with creep feeding of calves to facilitate early weaning and higher re-conception rates in cows post-partum.

5. Longevity:

Longevity is a measurement that is often neglected, but can be improved by retaining cows in the herd as long as they produce a good calf annually and maintain an acceptable body condition.

6. Beef herd dynamics:

Beef herd dynamics are often neglected in beef herd management, despite the fact that the replacement percentage is as important as the calving or weaning percentage of the beef herd.

a. The ideal replacement percentage for beef cattle in South Africa is ca. 18%.
b. Deviation from this norm will result in a larger or smaller proportion of productive cows, depending on the replacement %, which will adversely affect the cash-flow of the farming operation.
c. Other parameters that may contribute to more efficient beef production include age at first calving, adjusted weight of heifer, weaning weight of calf and scrotal circumference of bulls.

7. Crossbreeding Bonsmara cattle:

Crossbreeding is an aspect that lost popularity in recent years. Indigenous cattle breeds like the Nguni has high potential in crossbreeding programmes in extensive production systems to exploit hybrid vigour for hardiness, adaptability, fertility and added effects on growth and efficiency of crossbred cattle in resource constrained environments. The Nguni Cattle Breeders' Society should seriously consider emphasising previously unique parameters such as tick indexes and scrotal circumference of Nguni breeding stock.

CONCLUSIONS

Selection for size of Nguni cattle should be carefully synchronised with environmental and management factors, to avoid possible adverse effects of large mature size on reproduction efficiency. Cow size can be better synchronised with the production environment by means of selection for faster growth to medium size, early puberty, resulting in early breeding and conception. Early breeding has positive effects on reproductive criteria, by better synchronising frame size with the production environment. Excessive supplementary feeding is not beneficial in terms of sustainable beef cattle production. Reproductive efficiency can be improved by better management of cow body condition, breeding season, weaning methods and herd dynamics. ■

SELECTION FOR SIZE OF NGUNI CATTLE SHOULD BE CAREFULLY SYNCHRONISED WITH ENVIRONMENTAL AND MANAGEMENT FACTORS

Prof Edward Webb

REFERENCES

Hammond, J., Mason, I.L. & Robinson, T.J., 1971. Hammond's farm animals, 4th Edition, Edward Arnold, London.

Bayemi, P.H., Leinyuy, I., Nsongka, M.V., Webb, E.C., Nchadji, J.M., Cavestany, D. & Perera, B.M.A.O. 2014a. Effect of cow parity and synchronization method with PGF2α on conception rates of Bos indicus cows in Cameroon, Trop. Anim. Health & Prod., 47: 159-162.

Bayemi, P.H., Nsongka, M.V., Leinyuy, I., Webb, E.C., Nchadji, J.M., Cavestany, D. & Bryant, M., 2014b. Effect of pre-partum feed supplementation on post-partum ovarian activity, milk production and calf growth of small holder dairy Cattle in Cameroon, Trop. Anim. Health & Prod., 47: 153-158.

Escrivao, R.J.A., Webb, E.C. & Garces, A.P.J.T. 2009. Effects of 12 hour calf withdrawal on conception rate and calf performance of Bos indicus cattle under extensive conditions, Trop. Anim. Health Prod., 41:135-139.

Esposito, G., Irons, P.C., Webb, E.C. & Chapwanya, A., (2014). Interactions between negative energy balance, metabolic diseases, uterine health and immune response in transition dairy cows, Anim. Repr. Sci., 144:60-71.

Scheepers, R., Annandale, H.A. & Webb, E.C. (2010). Relationship between production characteristics and breeding potential of 25 month old extensively managed Bonsmara bulls, S. Afr. J. Anim. Sci., 40(3):163-172.

Swanepoel, F.J.C., Taylor, G., Webb, E.C. & Stroebel, A. 2008. The effect of nutrition on testicular traits of tropically adapted yearling beef bulls, Australian Journal of Experimental Agriculture, 48, 950-953.

Taylor, G., Swanepoel, F.J.C., Webb, E.C. & Stroebel, A. 2008. Effect of heifer frame size on their subsequent reproductive performance and pre-weaning performance of their calves, Australian Journal of Experimental Agriculture, 48, 945-949.

Webb, E.C. 2009. Genesis of the Bonsmara cattle breed, In: Bonsmara, Born to breed - Born to lead, Edited by P Ferreira and EC Webb, Bonsmara South Africa, ISBN: 978-0-620-44143-8. pp.7-14.

Webb, E.C. & Casey, N.H., 2010, Physiological limits to growth and the related effects on meat quality, Livestock Science, 130: 33-40.

Webb, E.C. 2012, Basic principles of production efficiency in beef cattle, Bonsmara SA pp. 102-1-4.

MAGARAMOMBE NGUNIS

Auvinus & Antoinette Martens
082 958 4293 ◂▸ 013 262 2685
amartens@vodamail.co.za

KUDDE PRESTASIE PROFIEL

Ouderdom met eerste kalwing	26 maande
Gem. tussen kalfperiode	369 dae
Gem. reproduksie index	119
Gem. speen index	100
Gem. koei doeltreffendheid	101
Gem. koei-kalf speenverhouding	46.5%
6 Koeie met toekenings	

PVC: 051448 58324

The breed from the past
for the future
MANYENYEZA
NGUNIS
BOSTON-KZN
THE DUNGAY TRUST, P.O. BOX 644 UMZINTO
Barry Cole (Owner) 082 600 5628, Email: 1dungay1@scottburgh.co.za
Felicity Smith (Manager) 072 620 4438, Email: fillypip@yahoo.co.uk
ngunicattle

AGRI VET
BLOEM

DR. STÉPHAN WESSELS | RAADGEWENDE VEEARTS
ELZAAN FOURIE | VEEKUNDIGE

VERSTAAN JOU DIERE DIE BESTE

VEEARTSPRODUKTE · VEEMEDISYNE & TOERUSTING · HONDEKOS · KUNDIGE ADVIES

051 430 9076 · ELZAAN@AGRIVETBLOEM.CO.ZA

NICO VAN DER MERWESTRAAT 61 · ORANJESIG · BLOEMFONTEIN

BEES BRUSELLOSE

SIT ONS OP 'N TYDBOM?

Professor Dietmar Holm
Fakulteit Veeartsenykunde, Universiteit van Pretoria

Brusellose van beeste is 'n aansteeklike siekte wat veroorsaak word deur die bakterium Brucella abortus. Die belangrikste feite van brusellose, is dat dit 'n staatsbeheerde siekte is weens die potensiële risiko wat dit inhou vir mense en vir produksie-effektiwiteit, en die feit dat ons tans in Suid-Afrika te doen het met die grootste uitbreking van brusellose in dekades.

Die verspreiding en gevolg van brusellose in beeste
Brusellose organismes word hoofsaaklik per mond ingeneem, vanwaar dit via die bloed na die limfkliere en sommige organe versprei. Dit kan vir 'n lang tydperk in limfkliere skuil en wanneer die koei of vers dragtig raak, word die organismes in die bloed gemobiliseer vanwaar dit na die dragtige baarmoeder gaan. 'n Spesifieke suiker wat in die vrugwater voorkom verseker dat die baarmoeder die ideale omgewing vir die organismes skep om in te vermeerder. Die fetus word besmet deurdat dit die vrugwater insluk, en die besmetting veroorsaak dan die dood van die fetus met gevolglike aborsie - gewoonlik op 'n gevorderde stadium van dragtigheid. Wanneer die koei met 'n vorige dragtigheid geaborteer het, of wanneer die koei ingeënt was, sal die hoeveelheid organismes in die huidige dragtigheid minder wees weens gedeeltelike immuniteit en sal dit nie noodwendig 'n aborsie tot gevolg hê nie, maar kan 'n normale of 'n verswakte kalf op voltermyn of effens prematuur gebore word. Sulke verskallers word dan dikwels draers wat vir maande lank negatief toets totdat hulle die eerste keer dragtig raak, en hulle skep 'n pertinente probleem om 'n kudde skoon te kry van infeksie. Wanneer 'n besmette koei of vers aborteer of kalf, word 'n groot hoeveelheid Brucella organismes met die vrugwater en nageboorte uitgeskei, en dien weer as bron van infeksie vir die volgende dier. Jong verse is veral blootgestel weens hulle ondersoekende gedrag; hulle gaan stel ondersoek in tydens die geboorte of aborsie van 'n kuddemaat, en ruik of lek dan aan die fetus of kalf en nageboorte.

Die belang van brusellose

Brusellose van bokke (*Brucella melitensis*) is die eerste wat beskryf is, en veroorsaak die gevreesde Maltakoors in mense. Brusellose van beeste is egter ook 'n soönose (siekte wat van dier na mens oordraagbaar is) met ernstige implikasies in mense. Die oordraging kan plaasvind deur kontak met 'n abortus, pasgebore kalf of nageboorte, met 'n besmette karkas, of deur rou (ongepasteuriseerde)

melk van 'n besmette koei te drink. In die moderne samelewing is boere, plaaswerkers, abattoirwerkers en veeartse blootgestel.

Die effek van inenting en immuniteit teen brusellose

Daar is twee entstowwe teen brusellose beskikbaar, wat beide lewendige, verwakte stamme van die Brucella abortus organisme is wat as entstof ontwikkel is. Slegs vroulike diere word geënt, en entstowwe word in 'n gevriesdroogde vorm verkoop wat beteken dat dit ten alle tye koud gehou moet word, en dat dit binne enkele ure nadat dit met water gemeng is, gebruik moet word. Die ouer entstof is die Stam 19-entstof (S19) en die nuwer entstof is die RB51-stam. Pogings om dooie (geïnaktiveerde) entstowwe te vervaardig, was tot op hede nog nie suksesvol nie, aangesien dit nie 'n sterk genoeg immuunreaksie in die dier tot gevolg het nie.

Entstowwe teen brusellose bied ten beste 'n mate van beskerming teen oorweldigende infeksie, en kan hierdeur 'n belangrike rol speel om die ekonomiese impak van 'n siekteuitbreking (die hoeveelheid aborsies), asook die verspreiding van die siekte binne 'n kudde te beperk. Dit is belangrik om kennis te neem dat geen entstof ten volle teen infeksie beskerm nie. Dus word diere wat geënt is steeds besmet, maar die hoeveelheid organismes in die besmetting word beperk, en die gevolge van besmetting is minder dramaties. Inenting alleen is dus ongelukkig nie die oplossing van die brusellose dilemma nie. Soos baie ander siektes word dit beheer deur 'n kombinasie van dinge reg te doen, en nie deur 'n naald en spuit nie.

Die S19-entstof het 'n baie goeie immuunreaksie tot gevolg, en een enkele inspuiting tussen die ouderdom van 4 en 8 maande het 'n langwerkende beskermende effek tot gevolg. Volgens regulasie moet alle verse met hierdie entstof geënt word. Indien 'n mens kyk na die verkope van die entstof teenoor die grootte van die nasionale beeskudde is dit egter duidelik dat slegs 'n gedeelte van die nasionale kudde die entstof ontvang, wat deel van die rede is waarom ons tans met 'n probleem sit in die land. Die beskikbaarheid van die entstof is soms 'n probleem, wat tot gevolg het dat boere moed opgee en uiteindelik permanent ophou om hulle verse te ent, of om oor te skakel na die alternatiewe entstof en die aanname te maak dat dit dieselfde effek sal hê. In Suid-Afrika word die S19-entstof deur Onderstepoort Biologiese Produkte (OBP), 'n staatsbeheerde maatskappy, vervaardig. Geen ander S19-entstof is hier geregistreer nie of mag versprei word nie. Onlangse hernuwing van die infrastruktuur by OBP se fabriek wat prosesse tydelik gestop het (asook herstrukturering van die verspreidings-kanale van die entstof) het bygedra tot die onlangse probleme met beskikbaarheid van entstof.

Alhoewel die S19-entstof 'n goeie immuniteit tot gevolg het (selfs na slegs een toediening), is die grootste nadeel daarvan dat dit potensieel kan inmeng met die toetsresultate wanneer diere se bloed getoets word vir teenliggame. Dit gebeur egter slegs wanneer herhaalde inentings (skraagdosisse) of inenting na agt maande ouderdom toegedien word. Vir hierdie rede het slegs die staatsveearts in beheer van 'n uitbreking die diskressie om diere ouer as agt maande met S19 te ent.

Die RB51-entstof

Hierdie is 'n nuwer stam van die organisme wat as entstof ontwikkel is, met die grootste voordeel dat dit nie met die toetse inmeng nie. Dit word aanbeveel as addisionele beskerming teen brusellose, veral in besmette kuddes, en nie om die S19-entstof te vervang nie. Verse en koeie kan skraagdosisse van RB51 ontvang wat tot addisionele beskerming kan lei. Op hierdie manier kan die immuniteit van die kudde as 'n geheel verhoog word, wat bydra tot die beheer van die siekte. Dit word sterk aanbeveel in hoërisiko-areas, wat beteken dat die meeste Suid-Afrikaanse beesboere dit op die oomblik behoort te oorweeg.

Boere word gewaarsku dat daar van tyd tot tyd persone in die mark is wat voordoen dat hulle ander entstofprodukte kan beskikbaar stel. Hierdie is ongetoetsde produkte waarvan die effektiwiteit (maar meer belangrik, die veiligheid) nie bekend is nie. Boere moet enige sulke aanbiedinge vriendelik van die hand wys en by die naaste staatsveearts gaan rapporteer.

Die nasionale brusellose beheerskema, wat gebasseer is op bloedtoetse van alle diere in die kudde, maak voorsiening vir:

1. Die besmette kuddeprogram, vir kuddes waarin diere positief getoets het: Dit word deur die staat uitgevoer en staan onder beheer van die staatsveearts. Die kudde word elke twee maande getoets totdat alle positiewe diere en hulle verskalwers verwyder is, en die kudde val dan een jaar later in die onderhoudsprogram in.

2. Die onderhoudsprogram, vir negatiewe kuddes: Dit word aanvanklik deur die staat betaal, en indien alle diere negatief toets by twee geleenthede, word die kudde negatief gesertifiseer deur die staatsveearts. Dit word aanbeveel dat kuddes minstens elke twee jaar op hierdie program getoets word om hulle negatiewe status te bevestig.

"Soos baie ander siektes word dit beheer deur 'n kombinasie van dinge reg te doen, en nie deur 'n naald en spuit nie"

3. Die diagnostiese program, vir individuele diere, byvoorbeeld vir uitvoer of individuele diere wat geaborteer het, of vir kuddes waar die eienaars addisionele toetse verlang: Hierdie program word finansieel deur die boer self gedra.

In die geval van melkkuddes word die melkringtoets (MRT) op 'n gereelde basis, bykomend tot bloedtoetse, gedoen om sertifisering te ondersteun.

Die rede waarom herhaalde toetse nodig is in die beheer van brusellose, is omdat die aanvanklike toets, vernaam in 'n besmette kudde, nie alle diere korrek kategoriseer nie. Sommige draerdiere kan aanvanklik vals negatief toets, terwyl sommige negatiewe diere vals positief kan toets, wat herhaalde toetse noodsaak.

Vals negatiewe toetsresultate

Diere wat onlangs besmet geraak het of wat met die besmetting gebore is, maar waarvan die immuunsisteem nog nie genoegsaam gestimuleer is nie, kan vir maande lank negatief toets net om later te aborteer en 'n nuwe bron van infeksie te veroorsaak. Hierdie is een van die belangrikste redes wat veroorsaak dat die beheer van brusellose nie 'n eenvoudige proses is nie.

Vals positiewe toetsresultate

Diere wat verkeerdelik met S19 ingeënt is, of wat te kort na inenting getoets word, kan positief toets met die bloedtoetse en kan dus die status van 'n kudde onnodig benadeel. Dit veroorsaak ook verwarring in die beheer van die siekte. Addisionele toetse wat deer vorm van die beheerskema help om meer akkuraat tussen natuurlike infeksie en S19 reaksies te onderskei, maar dit is ongelukkig steeds nie 'n presiese proses nie, en bly afhanklik van interpretasie deur die veearts.

Brusellose is 'n simptoom van 'n groter probleem

Vir die afgelope een of twee dekades het 'n kultuur onder sommige boere ontstaan dat ons aanneem dat Suid-Afrika se onvermoë om brusellose sedert 1995 effektief te beheer iemand anders se probleem is. Hierdie houding kan tot 'n mate verduidelik word deurdat die beskikbaarheid van S19-entstof by tye frustrerend is, en aangesien die vertroue tussen kommersiële boere en die staatsveeartsenydienste tot so 'n lae vlak gedaal het dat sommige boere selfs die toets van hulle kuddes aktief boikot. Dit is hartseer om van soveel boere te hoor wat weens hierdie probleme opgehou het om hulle verse met S19 te ent, en opgehou het om te verseker dat hulle kuddes gereeld getoets word. Solank ons met groot areas van naïewe kuddes, of kuddes met 'n onbekende brusellose status, te doen het, sal die siekte aanhou versprei en sal Suid-Afrika sy internasionale kompeterendheid verder verloor. Aan die ander kant is die staat van mening dat boere moedswillig oneties optree en nie hulle verantwoordelikhede en pligte nakom nie. Nou word daar natuurlik maklik heen en weer vinger gewys om die verantwoordelikheid en blaam vir ons huidige situasie te probeer wegskuif na die ander party. As onpartydige buitestaande kan 'n mens dus sê dat hierdie 'n siekte van morele verval is, want die morele plig van die juiste mense wat die siekte moet beheer (die staat asook die privaatsektor) word nie nagekom nie.

Wat boere moet doen is eintlik baie eenvoudig:

1. Indien nie reeds in plek nie: Sorg dat die diere in jou kudde behoorlik geïdentifiseer is. Sonder identifikasie kan geen siektebeheerprogram suksesvol deurgevoer word nie.

2. Ent alle verse tussen 4 en 6 maande ouderdom ('n praktiese manier is om dit ongeveer 'n maand voor speen te doen in die geval van vleisbeeste) met die Brucella Stam19-entstof.

3. In 'n hoërisiko-area: Ent alle verse weer op ongeveer 8 maande ouderdom met RB51, en dan weer 1 -2 maande voor die eerste dekking. Addisioneel kan koeie 1 maand na kalwing met RB51 geënt word.

4. Dring aan dat jou kudde elke twee jaar volledig getoets word vir brusellose (alle diere ouer as 18 maande), en volg op met die staatsveearts totdat 'n sertifikaat uitgereik word.

5. Weier om enige beeste aan te koop wat uit kuddes kom wat nie behoorlik deur 'n veearts getoets is nie. Onthou dat besmette diere aanvanklik negatief kan toets, en dus is die status van die kudde waar die diere vandaan kom meer betekenisvol as die resultaat van die individuele dier.

6. Dit is 'n goeie praktyk om ingekoopte diere in kwarantyn te hou vir twee maande voordat hulle by die kudde aansluit, en om hulle weer te toets voor die einde van die kwarantynperiode.

Slotsom

Sit ons dus op 'n tydbom? Wel, as 'n tydbom iets is wat tiek-tok-tiek-tok... en dan boem gaan, sou ek sê nee. Brusellose is eerder 'n broeiende sweer wat aan ons beeskudde se produktiwiteit vreet deur al die aborsies en ander verliese wat nie altyd duidelik tasbaar is nie. Indien ons nie almal inspring om brusellose te pak nie, gaan daar waarskynlik geen dramatiese ontploffing wees nie, maar ons beesboere se winsgewendheid, bemarkbaarheid van ons produkte en internasionale status gaan geleidelik verder agteruitgaan. ■

A YEAR FROM NOW YOU WILL WISH YOU HAD STARTED TODAY

Karen Lamb



Onderberg Nguni Stoet

RADLEY
LANDGOED

Henning Radley

082 388 3642

(013) 790 0466

henning@radleylg.co.za


Blue-Chip
NGUNIS
LUKIE EN CARINA STEENKAMP
VAALKOP - POSBUS 98 POTGIETERSRUS
LIMPOPO

083 407 5682 / 083 458 4757
BLUECHIP@ABSAMAIL.CO.ZA
Find us on:
facebook
Blue Chip
Exclusive Game Breeding
Hunting Safaris
Nguni Stud

YOUNG BULLS FOR SALE. OFF THE FARM.

DAM - PH 05 92
Z 14 GRANDDAUGHTER

ASSEGAAI - GGG 13 02

SIRE - LEB 06 150

GRANDSON OF "BLIKKIES" LEB 01 209, OUT OF PH 05 92,
A CRESMAN, NTSIKIZI MAKATINI PH 00 10 DAUGHTER.

G G G

SIRE-H 97 365
SAVIMBI
* 08/10/1997
+ 27/10/2015

SAVIMBI - GGG 13 01

G G G

DAM - N 09 74

SON OF SAVIMBI, OUT OF N 09 74, A "KOLLE" TOL 02 72 DAUGHTER.

WE FOLLOW A STRICK POLICY OF MINIMAL INTERFERENCE. EVEN THOUGH THE 5 MAIN CATTLE TICK SPCIES ARE WELL REPRESENTED. IT IS MY STRONG BELIEF THAT A STRESS-FREE ENVIRONMENT WILL BOOST AN ANIMALS HEALTH AND IMMUNITY FAR BETTER THAN ANYTHING OFF THE CO-OP SHELF.THERE HAS BEEN NO DIPPING, DOSING OR INOCULATING OF ANY FORM AT ISADALE FOR THE LAST 15 YEARS.

NATURE, WITH THE HELP OF SKILLED HERDSMEN, HAS PERFECTED THE NGUNI MANY CENTURIES AGO. EVERY TIME WE TRY TO CHANGE OR MEDDLE WITH THIS PERFECT BALANCE BETWEEN SIZE, FORM AND EFFICIENCY, WE LOSE THEE ESSENCE OF THE NGUNIS TRUE VALUE...

NGUNI CLUB

ISADALE

Nguni

WAAR DIE NATUUR SELEKTEER...

DEON GOOSEN - CATHCART - 045 8432111

WINSGEWENDE NGUNI-TELER

DIE BELANGRIKHEID VAN PRODUKSIE-AANTEKENING VIR VOLHOUBARE NGUNI TELING

Dr Pierre van Rooyen
SA Stamboek

Presisie veeboerdery is die effektiewe aanwending van alle beskikbare hulpbronne, inligting en tegnologie wat kan lei tot die minimalisering van risiko's en die maksimalisering van wins.

> **OPPORTUNITY**
> IS MISSED BY MOST PEOPLE
> BECAUSE IT IS DRESSED IN
> OVERALLS AND LOOKS LIKE
> **WORK**
>
> **Thomas Edison**

Weens die geweldige druk op die Veeboer as gevolg van voortdurende kleiner wordende marges, word algemeen aanvaar dat veeboere wat nie daadwerklik gaan poog om hulself te skool en in te rig om hul boerdery met presisie metodes te bedryf nie, dit eersdaags moeilik gaan vind om te oorleef. Soos in enige besigheid in die tyd waarin ons nou is, sal die veeboer ook enige besluite met konkrete en objektiewe inligting, moet kan staaf. Subjektiewe besluite wat op "gevoel" geneem word, gaan eenvoudig nie meer 'n volhoubare besigheid tot gevolg hê nie.

Dit is juis toestande soos die huidige knellende droogte en die kumulatiewe effek daarvan, wat dit lewensbelangrik maak om die mees produktiewe en winsgewende diere te identifiseer en net met hulle te boer.

HOE KAN DIT GEDOEN WORD?

Presisie veeboerdery is die effektiewe aanwending van alle beskikbare hulpbronne, inligting en tegnologie wat kan lei tot die minimalisering van risiko's en die maksimalisering van wins.

Die doelwit van 'n kommersiële veeboer behoort te wees om die hulpbronne waaroor hy beheer het só te bestuur dat hy 'n kudde vroulike diere het wat aangepas is in sy omgewing en elke jaar 'n swaar kalf relatief tot die ma se gewig, speen.

Die stoetteler daarenteen, wil afgesien van bogenoemde, nageslag produseer wat gemete meerderwaardigheid toon met ander woorde nageslag wat geneties beter is as hul ouers vir die verskillende ekonomies belangrike produksie-eienskappe.

As produsent van verbeterde genetika, het die stoetteler eerstens ten doel om meerderwaardige gene aan mede-stoettelers te voorsien en tweedens genetika aan die breër kommersiële produsent wat laasgenoemde weer in staat kan stel om hoër produksiepeile te bereik.

Produksie van geloofwaardige hoë waarde genetika, is vir die stoetteler slegs moontlik indien hy in sy teeltbeleid die betroubare aantekening van geboortes, ouers en eienaarskap tesame met produksie-meting met 'n diere-aantekeningstelsel op 'n betroubare databasis, toepas.

Wanneer mens kyk na die globale ekonomiese toetstande van die afgelope paar jaar, dan is dit verblydend dat die veebedryf beslis nie die negatiewe klimaat tot dieselfde mate as ander sektore, ervaar het nie.

Vleispryse het tot 'n groot mate gestabiliseer, die droogte wat tans ondervind word ten spyt en alhoewel speenkalf pryse basies dieselfde is as tien jaar gelede, maak diegene wat op presisieveeboerdery ingestel is, wel nog 'n bestaan aangesien hulle meer koste-effektief kan produseer en nie "passasiers" saam dra nie.

As gelet word op die inligting in Grafiek 1, is dit duidelik dat, ten spyte van 'n progressiewe verhoging in produksie sedert 2006, daar nie voldoen word aan die stygende verbruik van rooivleis nie en is Suid-Afrika steeds 'n netto invoerder van rooivleis.



GRAFIEK 1: Produksie, verbruik, karkas- en speenpryse van beesvleis oor tyd. Met erkenning aan Prof. Johan Willemse

Dit is dus duidelik dat die veebedryf dié sektor in die Landbou is, waarby dit goed is om betrokke te wees, want enige landbouprodusent is in 'n voordelige posisie as hy 'n produk produseer waarin daar 'n tekort is.

Vir beesboerdery byvoorbeeld, is die kapitaalbelegging in Rand per hektaar, omgewerk na per GVE, laer as vir enige ander landbouproduk in alle streke. Dit word verder aanvaar dat die ekonomiese waarde van appresiasie van vee in vergelyking met die depresiasie van trekkers en implemente, nie onderskat mag word nie.

Hoeveel saaiboere sal nie daarvan kan getuig dat hul vee hul deurgehaal het in 'n seisoen wat die saaiery hulle in die steek gelaat het nie?

Die veebedryf met al sy produkte maak 43% van die BBP (Bruto Binnelandse Produk) van landbou uit. Die res word deur al die ander landbouprodukte saam, opgemaak. Die veebedryf is dus inderdaad die ruggraat van die Suid-Afrikaanse landbou.

Een van die grootste gevare egter vir enige produk is dat daar 'n behoefte geskep word, waarin nie voorsien kan word nie.

Dit word beraam dat 73% van Suid-Afrika se grond, slegs geskik is vir veeboerdery. Groot dele is semi-aried en selfs aried en het gevolglik 'n lae produksiepotensiaal. Maar steeds vee is in elk geval al waarmee in hierdie gebiede geboer kan word.

Maar, hierdie positiewe aanwysers in die veebedryf, is egter geen waarborg dat veeboerdery inderdaad op die medium en lang termyn, winsgewend sal bly nie. Die gemiddelde vlak van produksie van die Nasionale kudde, is eenvoudig nie tekenend van 'n volhoubare besigheid nie.

Die veebedryf sal dus slegs sy voordelige posisie in die Landbousektor in die toekoms kan behou, as veeboerdery rég bedryf word.

Daar is 'n groot deel van ons veeboere, stoet sowel as kommersieel, wat rekord hou, meet en selekteer en suksesvol produseer. Daar is egter ongelukkig 'n veel groter groep wat dit nie doen nie en wie se diere onder gemiddeld produseer, sonder dat die boer dit weet juis omdat hy nie meet en aanteken nie. Met 'n beraamde Nasionale kalfpersentasie byvoorbeeld van onder 60%, is dit duidelik dat daar 'n groot probleem met produktiwiteit in ons Nasionale kudde is.

Hierdie is ook 'n groot uitdaging vir die bedryf. Insetkostes, ook vir die veeboer, het so 'n vlak bereik dat dit eenvoudig nie meer moontlik is om suksesvol of selfs lewensvatbaar te bestaan met diere wat onder gemiddeld reproduseer en produseer nie.

Per kapita verbruik van rooivleis is geleidelik besig om te styg soos duidelik blyk uit Grafiek 1. Dit, tesame met die feit dat die aanvraag verder styg weens die bevolkingsaanwas en die toename in persone met hoër inkomste, skep 'n groter tekort as wat in elk geval ervaar word.

Wat 'n uitdaging en wat 'n geleentheid!

Hierdie geleentheid moet aangegryp word om, nie net meer nie, maar meer doeltreffend te produseer tot so 'n mate dat daar nie na ander opsies gekyk hoef te word nie.

Daar sal egter slegs aan hierdie uitdaging voldoen kan word indien:

- Onproduktiewe gebiede en -boere meer produktief raak;
- Bestaande kommersiële produsente meer koste-doeltreffend produseer;
- Die stoetteler sy verantwoordelikheid nakom om bewese meerderwaardige genetika, bekostigbaar aan die kommersiële bedryf te voorsien.

Dit is alleenlik moontlik indien met die regte diere op die regte plek op die regte manier geboer word dus, presisieboerderypraktyke.

Hierin lê daar 'n groot verantwoordelikheid op Nguni telers, juis weens die uniekhede van die ras in verskillende omgewingstoestande.

WAT BEHELS PRESISIEBOERDERY IN DIE VEEBEDRYF?

Daar is vandag beswaarlik 'n saaiboer wat 'n redelike bestaan maak, wat nie presies weet wat sy grondsamestelling is en wat hy presies moet aanvul vir 'n spesifieke opbrengs met 'n spesifieke saadkultivar onder sy spesifieke omgewingstoestande nie.

Verder bepaal hy presies hoeveel kunsmis per hektaar hy moet toedien, presies hoeveel saad per hektaar geplant moet word, hoe diep geplant moet word in die spesifieke grondtipe en les bes, monitor hy dit presies, want hy kan eenvoudig nie bekostig om een sak kunsmis of een kilogram saad te veel of te min neer te sit nie. Daarvoor is die risiko's wat hy nie kan beheer nie, te groot en die marges te klein. Daarom moet hy die beheerbare risiko's, met al die hulpmiddels tot sy beskikking, optimaal bestuur.

As prysnemers is die Suid-Afrikaanse boer in 'n baie moeilike posisie en moet hy alles moontlik doen om die risiko's waaraan hy niks of weinig kan doen, sover as moontlik te verskans deur dié wat hy wel kan beheer.

Dit geld beslis ook vir die veeboer, stoet sowel as kommersieel. Dit blyk egter dat hierdie beginsel nog nie deurgedring het tot die oorgrote meerderheid van Suid-Afrikaanse veeboere nie as in ag geneem word dat slegs ongeveer 15 % van alle suiwelbeeste in melkaantekening is, slegs ongeveer 5 % van alle vleisbeeste vir produksie aangeteken word en kleinvee produksie-aantekening amper nie noembaar is in verhouding tot die totale kleinvee bedryf nie.

Die toekomstige suksesvolle veeboer, stoet sowel as kommersiële boer, sal minstens die volgende moet doen:

- 'n Erkende plaassagteware program aanskaf vir aantekening van dier-inligting en hierdie inligting op 'n onafhanklike, geloofwaardige diere-aantekeningprogram laat verwerk.
- Al sy diere met 'n unieke nommer identifiseer.
- Die vaar van elke kalf aanteken — óf deur enkel vaar parings toe te pas óf deur DNS toetse met meervaar parings.
- Elke geboorte met moer nommer en geboortedatum aanteken.
- Sover as moontlik geboortegewig te neem.
- Die gewig van die moer en kalf by speen aanteken.
- Addisioneel hiertoe is dit betekenisvol om potensiële vervangingsversese na-speen gewigte aan te teken.
- As vleisbeesboere deelneem aan die Logix Vleisprogramme van SA Stamboek, is dit nie net tot voordeel van die teler nie, maar ook vir sy Telersgenootskap.

Die Logix Vleis programme van Stamboek gee nie slegs 'n mededingende voordeel aan die vleisbeesteler weens die praktiese toepasbaarheid daarvan nie, maar dit bemagtig ook Telersgenootskappe om hul kern besigheid effektief uit te voer naamlik om hul ras geneties te bevorder en te promoveer. Wanneer die meerderheid van telers hul diere hierop aanteken, kom nie net 'n magdom geloofwaardige inligting vir die Genootskap beskikbaar om die ras mee te promoveer nie, maar het die Genootskap se personeel ook die kapasiteit en tyd om dit te doen, want die groot klomp data-administrasie wat diere-aantekening verg, is Stamboek as datadiensverskaffer se verantwoordelikheid en nie die personeel se taak nie.

Hierdie programme en dienste verwerk alle gemete inligting tot bruikbare gegewens, verslae en selfs BLUP teelwaardes (stoettelers) vir die identifikasie van die mees produktiewe en winsgewende diere vir seleksiedoeleindes.

Dit is verder belangrik dat die progressiewe veeboer toegang het tot diensverskaffers wat op hoogte is van die nuutste tegnologie en veekundige teelthulpmiddels soos byvoorbeeld Genomiese ontledings wat reeds besig is om 'n omwenteling in teling en seleksie in die praktyk, teweeg te bring.

Genoemde dienste is beskikbaar vir alle stoettelers en daar is genoeg bewyse dat dit die enigste wyse is waarop veeboerdery betekenisvol bedryf kan word, risiko's beperk kan word en dus die beste kans bied tot langtermyn winsgewendheid in veeboerdery.

In Grafiek 2 word aangetoon hoedat 'n ras wat verpligte produksie-aantekening doen, oor jare (1975-2013) met behulp van die sinvolle toepassing van produksie-meting as hulpmiddel, daarin geslaag het om die genetiese tendense vir speen-gewig, naspeengroei en melkproduksie, betekenisvol te verbeter, terwyl geboortemassa konstant gehou is. In dieselfde tyd het volwasse gewig wel ook verhoog, maar nie tot nadeel van die ander eienskappe nie.



GRAFIEK 2: Genetiese tendense van verskillende eienskappe by ras x.
Dr Helena Theron: SA Stambroek



GRAFIEK 3: Genetiese tendense van Koei vrugbaarheidseienskappe by ras x.
Dr Helena Theron: SA Stamboek

Hierdie stelling word gestaaf deurdat die ouderdom van eerste kalwing en tussenkalf periode (vroulike vrugbaarheid), oor dieselfde periode in dieselfde ras, ook betekenisvol verbeter het (Grafiek 3), terwyl terselfdertyd vir die ander groei- en produksie-eienskappe geselekteer is.

Presisieboerdery in die veebedryf, met ander woorde deur te meet en aan te teken en dit te gebruik, werk!

Gestel 'n Nguni-teler het 'n kudde van 150 diere (100 teelkoeie). Deelname aan Registrasie- en Produksie-aantekening by Stamboek, sal hom of haar, R5 148-50 per jaar uit die sak jaag.

Indien hierdie teler daadwerklik van die resultate verkry uit diere-aantekening gebruik maak in sy teeltbeleid en sy speengewig (met 'n 80% speenpersentasie), verhoog gemiddeld met 2kg per kalf, kry hy 'n addisionele inkomste van R3 360-00 in een jaar (80 kalwers x 2kg x R21).

Indien sy speenpersentasie ook met 5% verbeter, kry hy 'n verdere addisionele inkomste van R15 750-00 (80% - 85 % = 5 addisionele kalwers van 150 kg @ R21). Dus R19 110-00 meer vir dieselfde moeite net deur die regte diere met behulp van Logix Vleis verslae te identifiseer en te selekteer. Dit maak mos besigheidsin!

Daar is legio bewyse van sulke verbeterings in produksiepotensiaal weens diere-aantekening en die objektiewe gebruik daarvan. ■

Die veebedryf sal dus slegs sy voordelige posisie in die Landbou-sektor in die toekoms kan behou, as vee-boerdery rég bedryf word.

Tillietudlem Ngunis

Naturally fertile & resilient

Tillietudlem Ngunis are the timeous product of passion and discipline. Chris and Celeste Wilkinson carefully selected the original true to type breed stock from the herds of Biggs, Midlands Imperial and Young. The herd then ran with the legendary bull "Tusk" (T 03 191) and replacement heifers strictly selected for their fertility. Chris and Celeste plan to breed with Dun (TCW 10 18 pictured here) to consistently produce calves that may proudly carry the Tillie brand.

Bazil Roth (GM)
033 234 9045
tillietudlem@mweb.co.za
Gallery - facebook.com/tillietudlem.ngunis

TEELSEISOENE

BESTUURHULPMIDDEL VIR VERHOOGDE DOELTREFFENDHEID

Leslie Bergh
Bull's Eye Consulting
leslie.bergh@vodamail.co.za

Die belangrikste gevolg van 'n teelseisoen (en gevolglik kalfseisoen) wat te vroeg begin is 'n laer herkonsepsiepersentasie.

Waarom teelseisoene?

Die sinchronisasie van beskikbare voedingsbronne, veral natuurlike weiding, met die reproduksie- en produksiesiklus van vleisbeeste is krities belangrik om die reproduksie van die teelkudde en die voorspeense groei van kalwers te optimaliseer. Teelseisoene is die belangrikste bestuurshulpmiddel om hierdie sinchronisasie te bewerkstellig en sodoende die winsgewendheid van 'n vleisbeesboerdery te verhoog.

Wat is die doel met 'n teelseisoen?

Die doel van 'n teelseisoen is om so koste-effektief as moontlik die hoogste moontlike persentasie van die beskikbare verse en koeie in die teelkudde dragtig te kry in 'n relatief kort tydperk vir kalwing tydens 'n tydperk van die jaar wat die gunstigste is vir hoë herkonsepsie van die koeie, lae kalfmortaliteite en hoë voorspeense groei van die kalwers.

Wat is die beste teelseisoen?

Goeie somerweiding (in somerreën gebiede) is die goedkoopste bron van hoë gehalte voeding vir vleisbeeste. Die beste teelseisoen is die een wat optimale gebruik maak van daardie goeie somerweiding.

Hoe weet ek of my teelseisoen nie te vroeg of te laat begin nie?

Die belangrikste gevolge van 'n teelseisoen (en gevolglik kalfseisoen) wat te laat begin is eerstens laer speengewigte. Koeie wat te laat kalf het tot gevolg dat die kalwers nog te klein is om hulle moeders se hoë melkproduksie tydens die piek somerweiding te kan benut en dit lei tot laer speengewigte. Tweedens lei koeie wat te laat kalf tot hoër geboortegewigte en gevolglik 'n hoër voorkoms van moeilike kalwings omdat die koeie tydens kalwing reeds vir 'n geruime tydperk op die hoër voedingsvlakke van die somerweiding is wat lei tot groter kalwers by geboorte.

Die belangrikste gevolg van 'n teelseisoen (en gevolglik kalfseisoen) wat te vroeg begin is 'n laer herkonsepsiepersentasie. Koeie wat te vroeg kalf, d.w.s. te lank voordat daar voldoende somerweiding beskikbaar is om aan die verhoogde voedingsbehoeftes van lakterende koeie te voldoen, lei tot 'n te groot verlies aan kondisie en gevolglik 'n laer herkonsepsiepersentasie.

Wat is die nadele van deur-die-jaar teling?

Die belangrikste nadele van deur-die-jaar teling en -kalwing is:

- Die goeie somerweidings (in somerreën gebiede) word nie optimaal benut nie omdat sekere koeie nie in piek melkproduksie is gedurende die midsomer nie.
- Meer voedingaanvullings is nodig gedurende die winter om te verhoed dat koeie wat kalwers het gedurende die winter te veel kondisie verloor op die swak winterweiding.
- Seleksie vir vrugbaarheid, veral die vroegtydige uitskot van nie-dragtige diere, is moeiliker.
- Bestuurstake soos merk, dosering, inentings, wegings en onthoring van kalwers en dragtigheidsondersoeke van koeie kan nie gekonsolideer word nie;
- Prestasietoetsing (en indirek ook die beraming van teelwaardes) is sub-optimaal, omdat kalwers in verskeie kleiner groepe geëvalueer moet word in plaas van in een groot groep.
- Bemarking is moeiliker omdat kalwers in verskeie kleiner groepe bemark moet word in plaas van in een groot groep.
- Die koste vir dragtigheistoetse en ander bestuurstake is hoër as gevolg van, onder andere, meer besoeke deur die veearts.
- Voervloeibeplanning is meer kompleks en dus aansienlik moeiliker.

Wat is die voordele van teelseisoene

Daar is baie meer voordele as nadele verbonde aan teelseisoene. Die belangrikste hiervan is:

- Die piek produksietydperk van die natuurlike weiveld word optimaal benut:
  - *Die produserende koeie kan in die beste kampe gesit word sodat hulle in 'n beter kondisie sal wees wat 'n hoër konsepsie persentasie sal gee.*
  - *Koeie en verse kan gepaar word wanneer hul kondisie en gewig optimaal is vir konsepsie, wat 'n hoër konsepsie persentasie sal gee.*
  - *Die tydperk waartydens die koeie hul piek voedingsbehoeftes bereik (ongeveer 6 - 14 weke na kalwing) val saam met die piek produksietyperk van die natuurlike weiding. Koeie sal dus hul kondisie beter kan handhaaf wat sal lei tot 'n hoër konsepsie persentasie.*
  - *Die voorspeense groeitydperk van die kalwers val saam met die piek produksie van die natuurlike weiding wat hoër speengewigte sal verseker.*
- Die tydperk waartydens die koeie se voedingsbehoeftes laag is (nadat die kalwers gespeen is) val saam met die lae produksie van die natuurlike weiding (gedurende die winter). Minder aanvulling is dus nodig gedurende die winter.
- Bestuurstake soos merk, dosering, inenting en onthoring van kalwers, dragtigheidsondersoeke van koeie, vrugbaarheidstoetse van teelbulle asook wegings en speen van kalwers kan gekonsolideer word.
- Waar enkelbul paring toegepas word hoef teelgroepe slegs vir 'n kort tydperk van die jaar apart gehou te word.
- Die teel- en kalfseisoen kan moontlik gekoördineer word met ander boerdery aktiwiteite, byvoorbeeld plant en oes sodat meer aandag gegee kan word aan die koeie tydens die dek- en kalfseisoen.
- Prestasietoetsing kan meer effektief gedoen word omdat die kalfgroepe groter en meer eenvormig is wat betref ouderdomsvariasie.
- Bemarking van speenkalwers is makliker omdat die kalfgroepe groter en meer eenvormig is ten opsigte van gewig en ouderdom. Alle nie-dragtige koeie kan ook voor die winter in 'n goeie kondisie bemark word.
- Seleksie vir vrugbaarheid is makliker en meer effektief omdat:
  - *Nie-dragtige koeie en verse maklik geïdentifiseer kan word met 'n jaarlikse dragtigheidsondersoek en onmiddellik uitgeskot word.*
  - *Onvrugbare, laag-vrugbare en bulle met 'n swak libido makliker geïdentifiseer kan word.*
  - *Koeie wat laat in die seisoen gaan kalf en gevolglik die grootste risiko het om die volgende jaar nie dragtig te word nie, maklik geïdentifiseer kan word met 'n jaarlikse dragtigheidsondersoek en betyds verkoop kan word.*
- Die koste vir dragtigheistoetse en ander bestuurstake is laer omdat dit slegs een keer per jaar gedoen hoef te word.
- Koste-effektiewe strategiese aanvulling van teelkoeie is moontlik.
- Voervloeibeplanning is makliker.

Is daar nadele verbonde aan teelseisoene?

Ja, daar is enkele nadele verbonde aan teelseisoene, maar die voordele oorskadu hierdie nadele by verre. Die enkele nadele is:

- Tydens die nie-teel tydperk van die jaar moet die teelbulle in afsonderlike kampe weg van die koeie gehou word. Met voldoende kampe en korrekte bestuur is hierdie nie 'n groot probleem nie.
- Meer teelbulle word benodig as vir deur-die-jaar teling.
- Die speenkalwers vir bemarking is nie deur die loop van die jaar beskikbaar nie, wat 'n invloed op kontantvloei het. Die voordeel van groot, eenvormige groepe vir bemarking oorskadu egter hierdie nadeel.

Watter tyd van die jaar is die beste teelseisoen?

By verre die belangrikste oorweging is om die teelseisoen so te kies dat die koeie in optimale kondisie is vir konsepsie. Hierdie tyd is gewoonlik sowat drie maande na die maand van die hoogste reënval. Vir 'n somer teelseisoen (in 'n somerreënval gebied) word die beste herbesetting verkry indien koeie kalf sowat ‘n maand vóór tot sowat 'n maand ná die eerste effektiewe reën gewoonlik val.

Indien die eerste effektiewe reën byvoorbeeld gewoonlik in Oktober val, is die beste kalftyd van September tot November. Dit beteken dat die teelseisoen 9½ maande vroeër moet wees, dus 15 November tot 15 Februarie.

Die beskikbaarheid van aangeplante weidings en oesreste behoort ook in ag geneem word by die bepaling van die beste tyd van die jaar. Waar oesreste en/of aangeplante weiding byvoorbeeld beskikbaar is in die laat winter/vroeë lente, kan dit oorweeg word om koeie, maar veral verse, vroeër te laat kalf sonder die gevaar dat hulle te veel kondisie verloor voor die somerweiding beskikbaar word.

Waar geen teelseisoene in 'n kudde bestaan nie, kan die historiese kalwingspatroon van die kudde as 'n riglyn gebruik word om te bepaal wat die beste tyd van die jaar is. Bepaal naamlik in watter drie agtereenvolgende maande die meeste kalwers gebore word – dit behoort die kalfseisoen te wees. Die optimum tyd vir die teelseisoen is dan 9½ maande vroeër.

In die algemeen behoort die teelseisoen in droër streke, waar die reën gewoonlik later in die seisoen begin, 'n maand of wat later te wees as in die natter streke, waar die reën gewoonlik vroeg in die seisoen begin.

Een of twee teelseisoene - wat is die beste?

In die algemeen is 'n somer teelseisoen die beste in 'n somerreënval gebied. 'n Winter teelseisoen behoort slegs oorweeg te word indien voldoende voeding van 'n hoë gehalte, byvoorbeeld oesreste of aangeplante weiding, teen 'n lae koste beskikbaar is gedurende die winter. 'n Winter teelseisoen kan ook oorweeg word om verse wat te swaar/vet raak indien hulle eers op 24-27 maande gepaar word, op 18-21 maande ouderdom te paar.

Die belangrikste voordele van twee teelseisoene per jaar is eerstens dat nie-dragtige koeie wat nie uitgeskot word nie, nie ’n volle jaar hoef oor te slaan voordat hulle weer gepaar word nie – hulle kan binne ses maande weer gepaar word. Tweedens dat verse wat te swaar/vet word vir paring op 24 maande op 18 maande ouderdom gepaar kan word. Derdens dat teelbulle meer effektiewe gebruik kan word.

Die belangrikste nadele van twee teelseisoene per jaar is eerstens dat seleksiedruk vir reproduksie verlaag word weens die versoeking om koeie wat oorgeslaan het nie uit te skot nie, aangesien hulle binne ses maande weer gepaar kan word.

Tweedens is prestasietoetsgroepe kleiner omdat die jaarlikse kalweroes verdeel word in twee seisoene. Derdens vereis twee teelseisoene hoër bestuursinsette omdat al die bestuursaksies twee keer per jaar gedoen moet word.

Wat is die belangrikste voor- en nadele van 'n winter kalfseisoen?

Die belangrikste voordele van 'n winter teelseisoen is dat die parasietlading laer is tydens die voorspeense groeifase van die kalwers wat tot 'n besparing aan doseer- en dipkostes kan lei. Tweedens word kalwers in die somer (ongeveer Desember) gespeen wanneer die speenkalfpryse gewoonlik hoër is as in die wintermaande.

Die belangrikste nadele van 'n winter teelseisoen is dat die koeie gewoonlik in 'n swakker kondisie is tydens die teelseisoen wat ‘n laer konsepsie persentasie tot gevolg kan hê. Meer byvoeding sal ook nodig wees om die koeie om 'n goeie kondisie te hou tydens die tydperk waartydens die voedingsbehoeftes van die koeie 'n piek bereik (mid winter), omdat dit nie saamval met die piek produksietydperk (gedurende die somer) van die natuurlike weiveld nie.

Hoe lank moet 'n teelseisoen wees?

Die ideaal is dat koeie elke jaar ongeveer dieselfde tyd moet kalf.

In ag genome dat die gemiddelde dragtigheidsperiode van beeste ongeveer 285 dae is, moet 'n koei binne 80 dae na kalwing [365 minus 285 = 80 dae] weer dragtig raak om op dieselfde tyd die volgende jaar te kan kalf. 'n Teelseisoen van 75 dae is dus beter as 90 dae.

Die ideaal is 'n 65-dae (3 oestrus siklusse) teelseisoen vir koeie met kalwers en 'n 45-dae (2 siklusse) vir verse en droë koeie. Dit is egter belangrik om daarop te let dat aspekte soos die voedingstatus en kondisie van die koeie op 'n optimum vlak wees om 'n hoë dragtigheidspersentasie in 'n kort teelseisoen te behaal. Wanneer daar byvoorbeeld 'n droogte heers, sal dit moeilik wees om in 'n kort teelseisoen ‘n hoë dragtigheidspersentasie te verkry, tensy addisionele voeding verskaf word.

Hoe begin ek om 'n teelseisoen te implementeer in my kudde?

Daar is basies vier besluite wat geneem moet word, naamlik:

1. *Besluit op een of twee teelseisoene per jaar.*
2. *Besluit op die beste periode(s) gedurende die jaar.*
3. *Besluit op die implementeringstrategie, naamlik geleidelik of onmiddellik.*
4. *Besluit oor die implementeringsproses.*

Vir onmiddellike implementering van 'n somer teelseisoen word die volgende stappe aanbeveel:

1. *Verwyder alle bulle uit die teelkudde aan die einde van die beplande somer teelseisoen.*
2. *Doen dragtigheidstoetse op alle koeie en verse ongeveer 2–3 maande nadat die bulle verwyder is.*
3. *Skot alle nie-dragtige koeie en verse uit, OF plaas hierdie diere oor na 'n winter teelseisoen.*
4. *Indien die nie-dragtige koeie en verse oorgeplaas word na 'n winter teelseisoen, doen weer dragtigheidstoetse en skot alle nie-dragtige diere uit. Plaas die dragtige diere oor na die somer teelseisoen OF gaan voort met die winter teelseisoen.*

Vir geleidelike implementering van 'n somer teelseisoen word dit aanbeveel om te begin met 'n langer seisoen en dit elke jaar met ongeveer 1–2 weke te verkort totdat die verlangde tydperk bereik word. Dit is belangrik dat die teelseisoen verkort word deur die begin datum vorentoe te skuif (nie die einddatum terug nie). Gestel die uiteindelike teelseisoen moet van 15 Desember tot 28 Februarie (2 ½ maande) wees, dan kan daar byvoorbeeld begin word met 'n vier maande teelseisoen en dit elke jaar as volg verkort word met twee weke:

- 1ste jaar: 1 Nov - 28 Feb (4 maande).
- 2de jaar: 15 Nov - 28 Feb (3 ½ maande).
- 3de jaar: 1 Des - 28 Feb (3 maande).
- 4de jaar: 15 Des - 28 Feb (2 ½ maande).

Die volgende proses word aanbeveel:

- Verwyder alle bulle uit die teelkudde aan die einde van die beplande somer teelseisoen.
- Doen dragtigheidstoetse op alle koeie en verse 2 - 3 maande nadat die bulle verwyder is.
- Skot alle nie-dragtige koeie en verse uit.

Hoe inkorporeer ek KI in 'n teelseisoen?

Daar is drie algemene praktyke vir die bestuur van KI in teelseisoene:

- Die eerste opsie is om vir die eerste derde van die teelseisoen te KI, en dan opvolgbulle by te sit vir die laaste twee-derdes van die teelseisoen. Met hierdie praktyk is die teiken om minstens 60% koeie dragtig te kry van KI.
- Die tweede opsie is om die koeie en/of verse te sinchroniseer en te KI vir een estrussiklus en dan opvolgbulle by te sit.
- Die derde opsie is om slegs KI te doen. Dit is 'n hoë risiko praktyk en behoort slegs oorweeg te word indien die betrokke kudde se voeding, bestuur en KI praktyke op 'n baie hoë vlak is.

Watter faktore moet in ag geneem word by die teling van verse?

Die korrekte bestuur van verse en eerstekalfkoeie is 'n baie kritieke aspek om 'n hoë konsepsie persentasie in 'n kudde te behaal omdat hulle nog groei terwyl hulle dragtig is en daarna 'n kalf moet soog. Om dit te kan doen en weer dragtig te word, het hulle voldoende hoeveelhede hoë gehalte voer nodig.

Gewig, kondisie en groeitempo is die primêre aspekte om in ag te neem in die besluit wanneer verse gepaar kan word.

Hierdie aspekte is belangriker as die ouderdom van die verse. Die ideaal is om verse so gou as moontlik nadat hulle seksuele volwassenheid bereik het te paar. 'n Vers bereik seksuele volwassenheid wanneer sy ongeveer 60% tot 65% van haar verwagte volwasse gewig bereik. Vir mediumraam koeie met 'n gemiddelde volwasse gewig van 500kg is die teikengewig van verse vir paring dus ongeveer 300 tot 325kg.

Die bestuurspraktyk om verse wat te swaar/vet word op 18-21 maande ouderdom (in plaas van 24-27 maande) tydens 'n tweede (winter) teelseisoen te paar, plaas groter druk op hierdie jong verse. Hierdie praktyk moet slegs oorweeg word indien voldoende goeie kwaliteit weiding en/of oesreste, hooi of kuilvoer beskikbaar is vir die eerstekalfkoeie gedurende die winter wat volg na eerste kalwing, andersins sal dit 'n laer herkonsepsie persentasie tot gevolg hê.

Daar is basies twee opsies vir eerstekalf-koeie wat gedurende die winter op 'n ouderdom van ongeveer 2½ jaar gekalf het, naamlik:

- Skuif hulle na die hoof teelseisoen deur 'n ekstra ses maande te wag voordat hulle weer gepaar word. Dit gee hulle ekstra tyd om te herstel voor die volgende teelseisoen wat in 'n hoër-herkonsepsie persentasie sal verseker,

OF

- Paar hulle dadelik om weer te kalf gedurende die winter op ongeveer 3½ jaar ouderdom. Hierdie praktyk sal uiteindelik lei tot twee volwaardige teelseisoene.

Die teelseisoen van verse moet verkieslik 45 tot 65 dae wees om 'n hoër seleksiedruk te plaas op vrugbaarheid. Hoër seleksiedruk kan ook toegepas word deur die praktyk van oor-paring waar tot 50% meer verse as wat nodig is vir vervanging gepaar word. Sodoende kan verseker word dat slegs dragtige verse in die kudde opgeneem word. ■

Gariep Ngunis

"Nature is smarter than all of us"

Freddie Besselaar
Cell: 072 782 0057
www.gariepngunis.co.za

DIAMANT

3 November 2016

KONTEMPORÊRE GROEPE

DIE BASIS VIR AKKURATE PRESTASIETOETSINDEKSE EN TEELWAARDES

Leslie Bergh
Bull's Eye Consulting

INLEIDING

Die basis van vergelyking van diere vir prestasietoetsdoeleindes en ook teelwaardes is nie die dier se prestasie (byvoorbeeld speengewig) as sulks nie, maar die dier se meting (byvoorbeeld speengewig) in vergelyking met die groep waarin dit geëtaleer word. Die tweede aspek is dat omgewingsfaktore wat 'n invloed kan hê op die betrokke diere se meting sover moontlik uitgeskakel moet word deur die korrekte groepering van diere en/of deur korreksies daarvoor. Die doel hiermee is om te verseker dat die verskille in metings tussen diere sover moontlik slegs die genetiese variasie tussen die diere weerspieël.

KONTEMPORÊRE GROEPE

Korrekte kontemporêre groepe, ook genoem bestuursgroepe, is 'n baie belangrike aspek by prestasietoetsing en genetiese evaluasies.

Verkeerde of swak gedefinieerde-kontemporêre groepe is een van die heel belangrikste oorsake van onakkurate of selfs verkeerde teelwaardes. Dit beïnvloed nie slegs die betrokke diere in die kontemporêre groepe se teelwaardes nie, maar ook die teelwaardes van die ouers en ander verwante diere.

Die definisie van 'n kontemporêre groep is 'n groep diere wat in dieselfde jaar en seisoen (dus soortgelyke ouderdom) gebore is, op dieselfde plek (plaas), van dieselfde geslag, wat dieselfde voeding en bestuur ontvang het vanaf geboorte tot die tyd van weging of meting en wat op dieselfde dag (of twee) geweeg of gemeet is. Die mees algemene oorsake van swak of foutief gedefinieerde kontemporêre groep is diere wat aan die verkeerde kontemporêre groep ingedeel word en hergestruktureerde kontemporêre groepe as gevolg van diere wat van een groep na 'n ander geskuif is.

In die algemeen is riglyne oor kontemporêre groepe daarop gemik om te verseker dat 'n kontemporêre groep op so 'n manier saamgestel word dat omgewingseffekte sover prakties moontlik dieselfde is vir alle diere binne die bepaalde groep. Dit is natuurlik uitgesonder daardie effekte waarvoor gekorrigeer word in die evalueringsmodel, bv. dierouderdom en moederouderdom effekte. Korrek saamgestelde kontemporêre groepe gekombineer met goeie genetiese koppelings tussen groepe sal verseker dat die genetiese- en omgewingseffekte binne 'n bepaalde kontemporêre groep effektief geskei kan word deur die genetiese evaluerings-model.

Die groepering van diere word basies op twee wyses gedoen, naamlik outomatiese groepindelings en teler-verskafde (of beïnvloede) groepindelings.

OUTOMATIESE GROEPERING

'n Teler kan weinig doen aan die outomatiese groeperings en daarom sal dit net baie kortliks genoem word.

- Slegs diere van dieselfde eienaar (lidnommer) en ras word saam groepeer.
- Slegs diere gebore in dieselfde jaar en seisoen word saam groepeer. In die Logix stelsel van SA Stamboek is die maksimum toelaatbare variasie in geboortedatums binne ‘n bepaalde bestuursgroep 100 dae. Indien ‘n kalfseisoen byvoorbeeld 90 dae is, sal die kalwers in een groep gegroepeer word.
- Vir Prestasietoetsindeksberekenings word slegs diere van dieselfde geslag met mekaar vergelyk. In teelwaarde beramings word gewigte gekorrigeer vir geslag.
- Enkel kalwers word apart gegroepeer van tweelinge nie, selfs as een van die tweeling dood is of aan ‘n ander koei gesoog het.
- In teelwaarde beramings word kalwers van eerstekalfkoeie outomaties in aparte kontemporêre groepe ingedeel van ouer koeie se kalwers, aangesien verse en eerstekalfkoeie dikwels voorkeurbehandeling soos beter weiding of addisionele byvoeding kry.
- Embrio-oorplasing kalwers word nie saam groepeer met kalwers wat aan hul genetiese moeders suip nie.

GROEPERING DEUR DIE TELER

Behalwe vir bogenoemde outomatiese groepindelings, is dit die teler se verantwoordelikheid om diere aan verskillende grootmaakstatus en/of voedingstatus groepe binne 'n bepaalde toets toe te deel om te verseker dat hulle korrek hanteer word in die genetiese ontleding. In hierdie opsig speel die teler natuurlik 'n baie belangrike rol in die optimalisering van die genetiese evaluasie van die diere in sy kudde.

Daar is ‘n paar algemene reëls wat altyd in gedagte gehou behoort te word by die groepering van diere in kontemporêre groepe, naamlik:

- Hou die kontemporêre groep so groot as moontlik, maar homogeen of eenvormig. Verkieslik moet daar minstens 5-10 diere per kontemporêre groep wees; en
- Moenie kontemporêre groepe onnodig verdeel in kleiner groepe nie.
- Moenie diere wat eers (bv. by speen) in verskillende kontemporêre groepe was later (naspeen) saam groepeer in een kontemporêre groep nie.

Hier volg 'n aantal praktiese bestuurspraktyk riglyne vir optimale kontemporêre groepe:

- Die belangrikste bestuurspraktyk is om gebruik te maak van een (of twee) kort teelseisoen. Teelseisoene behoort nie langer as 90 dae lank te wees nie. Dit sal verseker dat die kontemporêre groepe, gebaseer op die maksimum toelaatbare ouderdomsvariasie (100 dae), so groot as moontlik is. Indien geen teelseisoen gebruik word nie, gaan die kalwers in tot vier verskillende groepe verdeel word, sommige waarvan baie klein groepe mag wees.[Sien die artikel oor teelseisoene elders in hierdie joernaal].
- Wat geboortegewig vergelykings betref, veral waar die koeie/verse voorkalwing verskillende voeding ontvang en/of bestuur word en/of op verskillende plase loop waar die veld verskil, is dit belangrik dat die geboorte kontemporêre groepkode ingevul word by die aantekening van geboortes om te verseker dat kalwers aan die korrekte geboortegroep gekoppel word by die beraming van geboortegewig en gemak van kalwing teelwaardes.
- Maak seker dat álle diere in ‘n betrokke bestuursgroep inpas in die ouderdomsgrense vir die betrokke gewig of meting, byvoorbeeld 151 tot 250 dae ouderdom vir speengewig.
- Weeg álle diere in bepaalde bestuursgroep op dieselfde dag of, indien dit nie moontlik is nie, binne twee of drie dae.
- Maak seker dat álle diere in ‘n groep geweeg, gemeet of gepunt word, d.w.s. geen selektiewe prestasietoetsing mag gedoen moet word nie. Moet byvoorbeeld nie net geboortegewigte aanteken van die groot kalwers of moeilike geboortes nie – sulke gewigte is van geen waarde vir genetiese evaluasies nie, inteendeel, dit kan lei dat teelwaardes foutief beraam word.
- Probeer om groepe volledig te hou, dit wil sê moenie diere uitskot voor 18 maande ouderdom of totdat alle prestasiemetings afgehandel is nie. Dit is dikwels nie prakties moontlik nie en maak dikwels nie ekonomies sin nie, maar dit is die ideaal vir genetiese evaluasies. Veral by die punting van funksionele eienskappe kan die teelwaarde van 'n bul wat byvoorbeeld lang skedes teel, heeltemal skeef getrek word indien die bul se nageslag met lang skedes uitgeskot word voordat die res van die groep gepunt word.
- Maak seker dat álle diere in 'n grootmaak- en voedingstatusgroep dieselfde voeding en bestuur gehad het. Dit beteken die diere moes op dieselfde plaas gebore wees, saam groot geword het en saam geweeg wees. Diere van verskillende plase waar die weidingstoestande verskil (byvoorbeeld Hoëveld en Laeveld) en/of waar verskillende voeding- en/of bestuurpraktyke toegepas word) moet dus met verskillende voedingstatuskodes aangeteken word vir doeleindes van genetiese evaluasies. Onthou ook om diere wat spesiale behandeling of voeding ontvang het (byvoorbeeld koeie in ‘n embrioprogram, veilingsdiere en skoudiere) as aparte kontemporêre groepe aan te teken.
- Maak seker dat tweeling kalwers as sodanig aangeteken word by geboorte en ook by grootmaakstatus wanneer gewigte aangeteken word.
- Ken die toepaslike grootmaakstatuskodes toe aan diere wat deur ‘n pleegmoeder of hans grootgemaak is.
- Ken die toepaslike opmerkingskodes toe aan alle siek of beseerde diere.
- Maak seker dat kalwers gebore uit embrio-oorplasings as sodanig aangeteken word.

- Vir prestasietoetsdoeleindes hoef kalwers van eerstekalfkoeie nie in aparte kontemporêre groepe ingedeel te word van ouer koeie se kalwers nie, tensy die eerstekalfkoeie voorkeurbehandeling soos beter weiding of addisionele byvoeding kry.
- Diere wat aangekoop is moet as aparte grootmaakstatusgroepe aangeteken word.
- Diere wat vir 12- en/of 18 maande geweeg word moet, sover moontlik, in dieselfde bestuursgroep gegroepeer word as vir geboorte- en speengewig, behalwe as sommige diere se bestuur en/of voeding verskil, of hulle aangekoop is, in welke geval die diere as aparte kontemporêre groepe hanteer moet word.
- Alle kalwers wat konsentraatvoeding ontvang het voorspeen moet as 'n aparte voedingstatusgroep hanteer word, selfs vir naspeense gewigte.
- Bulle wat na sentraleprestasietoetse (Fase C) gestuur word, moet saam met hul tydgenote in dieselfde speentoets geëvalueer word.
- Bulle wat naspeen konsentraatvoeding ontvang het moet nie vir 12- en/of 18 maande gewigte saam met bulle gegroepeer word wat op die veld geloop het nie.
- Roteer groepe tussen kampe om die kampeffek tot die minimum te beperk.

Indien dit nie moontlik is nie en die kwaliteit en/of kwantiteit van die weiding tussen verskillende kampe verskil betekenisvol, ken dan verskillende voedingstatuskodes toe aan daardie groepe.

- Deelname aan kompeterende skoue word ontmoedig, omdat sulke beeste voorkeur voeding en bestuur ontvang en dus in afsonderlike kontemporêre groepe geëvalueer moet word. Dit geld nie net vir jong diere nie, maar ook vir kalwers wat se moeders geskou word.
- Indien sekere bulkalwers gekastreer word, probeer om dit uit te stel totdat die speengewigte aangeteken is.

GENETIESE KOPPELINGS

'n Ander aspek wat baie belangrik is by die beraming van teelwaardes is genetiese koppelings tussen diere wat in verskillende groepe geëvalueer is. Genetiese koppelings maak dit moontlik om deur middel van genetiese evaluasies die genetiese meriete van diere te bepaal ("benchmark") tussen verskillende kuddes, jare, seisoene en kontemporêre groepe. Vaders lewer by verre die grootste bydra om genetiese koppelings tussen groepe te bewerkstellig. 'n Koppelvader ("link sire") kan gedefinieer word as 'n vader wat prestasiegetoetste nageslag het in ander kuddes, jare, seisoene en/of kontemporêre groepe.

DIERDATA EN OUERSKAPPE

Laastens is dit nodig om ook die belangrikheid te beklemtoon dat diere se eie inligting, veral geslag en geboortedatum, korrek aangeteken word. Geslag en geboortedatum is onder andere belangrik vir die koppeling van 'n dier aan die regte kontemporêre groep en vir die toepassing van die korrekte korreksiefaktore in die berekening van prestasietoetsindekse en teelwaardes.

Die aantekening van die korrekte ouers van 'n kalf is een van die belangrikste faktore vir genetiese evaluasies, aangesien dit die basis is van al die genetiese verwantskappe van daardie spesifieke dier. Foutiewe of ontbrekende ouerskappe beïnvloed nie net die akkuraatheid van die teelwaardes van die betrokke dier nie, maar ook van al sy verwantes.

OPSOMMING

Telers het 'n baie belangrike verantwoordelikheid om toe te sien dat diere in die korrekte kontemporêre groep geëvalueer word met prestasietoetsing, aangesien dit krities is vir die akkuraatheid van beide prestasietoetsindekse en teelwaardes. ■

KORREKTE KONTEMPORÊRE GROEPE,
OOK GENOEM BESTUURSGROEPE,
IS 'N BAIE BELANGRIKE ASPEK
BY PRESTASIETOETSING
EN GENETIESE EVALUASIES.

Leslie Bergh

ProAgri

tegnologie vir die boer
technology for the farmer

ProAgri is 'n maandelikse tydskrif wat konsentreer op tegnologiese ontwikkelinge, produkte en dienste wat vir die boer van belang is. ProAgri word gratis aan aktiewe kommersiële boere regoor Suid-Afrika versprei.

bereik 40 000 boere landswyd

Aandag alle telers!
Help jou genootskap deur in ProAgri te adverteer.
www.proagri.co.za

Boer slim!

Stefan van Wyk • 082-381-7563 • stefan@agritrader.co.za

"AFRICAN ICON"

THESE STUNNING IMAGES WILL ENHANCE ANY HOME, OFFICE OR RESORT.

Ngunigalore is a proudly South African, luxury home décor brand. Using the photography of owner John Lambert, Ngunigalore offers high quality photographs of our country's breath taking indigenous Nguni cattle, printed on a range of high quality home décor items. At Ngunigalore, the focus is less on using the hide of the animal in making the products, but rather on using the inspirational imagery of these magnificently South African cattle, to create beautiful home décor items that can be treasured by everyone. Apart from the extremely popular canvas prints, their catalogue includes a range of decorative items including placemats, coasters, ottomans and cushions. Bring the Nguni beauty into your home.

Nguni GALORE

For more information on Ngunigalore products contact 031 702 6447 or browse online at www.ngunigalore.com

TAFELSIG NGUNIS

Tel: 022 486 5822
Cell: 072 295 5208 or
082 897 6225
Email: cstoch@isales.co.za

PO Box 121
Malmesbury, 7299

GPS Co-ordinates:
S 33 26' 38.6"
E 18 39' 53.5"

Averages	Herd	Breed
Number of heifers	533	
Number of cows	470	
ICP first 2 calves	410	456
ICP last 2 calves	385	415
Average ICP	374	405
Days since last calving	182	
Age at 1st Calving	29	32
Reproduction Index	82	
Approval ratio	98.6% Females	
Approval ratio	91.5% Males	

NGUNI DOES IT AGAIN!

Nguni's presteer en floreer in die Klein Karoo

PVC · 051 448 5832/4

ROBERT EN LIZELLE BRUCE
Email: brucekeur@gmail.com
Tel: 028 581 2427 • 082 324 3527

Keurfontein Nguni's BC Ladismith

LAER ENERGIE RANTSOEN AS ALTERNATIEF VIR DIE NGUNI

IN DIE VOERKRAAL EN 'N ONDERSOEK NA DIE MOONTLIKE EFFEK OP GEEN EKSPRESSIE

Ida Linde[1], Dr Michiel Scholtz[2], Prof. Este van Marle-Köster[3] en Anette Theunissen[4]

[1] M.Sc student aan die Departement Vee & Wildkunde, Universiteit van Pretoria en 'n Professiönele Ontwikkelings Program student by die LNR Irene; [2] Spesialis Navorser in Toegepaste Diereteelt by die LNR-Diereproduksie-instituut;[3]Professor in Diere Genetika en Teling aan die Universiteit van Pretoria;[4]Wetenskaplike by die Vaalharts Navorsingstasie van die NoorkaapDepartement van Landbou, Grond Hervorming en Landelike Ontwikkeling

In Suid-Afrika is daar 'n aantal inheemse vleisbees-rasse wat met eksotiese rasse moet kompeteer vir 'n plek in die voerkraal. Die Nguni is een van die bekende inheemse vleis-beesrasse wat goed aangepas is vir produksie onder ekstensiewe (veld) produksie toestande.

Die Nguni is 'n kleinraam ras wat lei na laer speengewigte, laer naspeense groeitempos en swakker voeromset wanneer hulle vergelyk word met die grootraam eksotiese rasse wat veroorsaak dat die Nguniboere sukkel om hulle diere aan voerkrale te verkoop. Dit lei dan daartoe dat Nguni produsente gebuk gaan onder 'n prys diskriminasie van die voerkrale, veral as pryse met die eksotiese rasse of kruisrasse se pryse vergelyk word (Strydom, 2008).

Daar is tans druk op die voerkraalbedryf om rasse te gebruik wat swaarder is of jonger is, as hulle voerkraal toe gaan (Strydom, 2008) weens ekonomiese faktore (voerprys, ens.). Nguni's is bekend vir hulle aanpasbaarheid by die Suid-Afrikaanse klimaat en is baie keer meer produktief op veld as die eksotiese rasse. Alhoewel die Nguni grootliks vanaf die veld geproduseer kan word, is daar behoefte by Nguni produsente in sekere dele van die land, en afhangend van die produksiestesel, om speenkalwers aan te bied vir die voerkraal. Die voerkraal se tradisionele rantsoen bevat 'n hoë energie van 12.0 MJ/kg DM wat normaalweg die mees effektiewe rantsoen is vir die tradisiönele voerkraal rasse. Die vraag het dus ontstaan of aanpassing van die voerkraal rantsoen die Nguni kan bevoordeel om die groei te haal wat nodig is vir doeltreffende produksie.

vervolg op bl.138 >



Nandi Nguni

Since 1977

LBC Biggs Trust • Box 88, Cedarville, 4720 • lbcbiggs@lantic.net

Redwater & gallsick area (KZN)

Sales:

Internet auction (19 March 2016)

Central sale Bloemfontein (19 October 2016)

6th Production sale (November 2016)

PVC - OSI 448 583214


Natural
POLLED
BULL
Brian
Cell: 071 004 4199
Home: 010 001 0857
Clive
Cell: 082 308 8568

DIE NAVORSINGS PROBLEEM

Douglas voerkraal in die Noord-Kaap het agtergekom dat die Nguni's in hulle voerkraal beter presteer op 'n lae energie rantsoen as die normale hoë energie rantsoen. Dit lyk asof die lae energie rantsoen meer pas by die Nguni's se metabolisme as die hoë energie rantsoen. Daarby hou die lae energie ransoen ekonomiese voordele in vir die boere. Die Nguni ras speel 'n belangrike rol in die Noord-Kaap en ook ander dele van Suid-Afrika, veral vir opkomende boere. Nguni's kan gebruik word om voedselsekuriteit te versterk en ook die lewe van opkomende boere in Suid-Afrika te verbeter (Mapiye et al., 2009).

Die Noord-Kaapse Departement van Landbou, Grond Hervorming en Landelike Ontwikkeling het die LNR gevra om die waarneming van Douglas voerkraal te ondersoek. Die doelwit van die projek was om twee rantsoene te voer: die tradisionele hoë energie rantsoen van voerkrale en 'n lae energie rantsoen wat amper dieselfde rantsoen is as wat Douglas voerkraal voer - en die resultate te vergelyk.

Voerkoste maak ongeveer 60-70 % van die uitgawes uit. As 'n lae energie rantsoen goedkoper is as 'n hoë energie rantsoen, hou die lae energie rantsoen ekonomiese voordele in vir die boer, veral as sulke diere ook langer gevoer kan word.

Twee verskillende rantsoene kan verskillende uitwerkings hê op die diere en dit word veroorsaak deur geen-ekspressie. Geen-ekspressie is die manier waarop die gene op die DNA string uitgedruk word. Elke organisme het 'n stel gene wat op sy DNA gekodeer is. Om hierdie gene uit te druk (om 'n fenotipe te kry) moet sekere prosesse soos transkripsie en “vertaling” uitgevoer word om die finale proteïn produk te kry, wat uitgedruk word as die fenotipe. Daar is faktore wat hierdie prosesse kan beïnvloed om die gene meer of minder uit te druk (dit word anders uitgedruk as oorspronklik). Die gene kan aangeskakel word (word uitgedruk waar dit oorspronklik nie uitgedruk is nie) of afgeskakel word (word nie uitgedruk nie waar dit oorspronklik uitgedruk word). Dit kan ook “oor” uitgedruk word (meer uitgedruk) of “minder” uitgedruk word. Die faktore wat dit bepaal sluit in die omgewing waar die dier grootgeword het (kudde van oorsprong), die omgewing waarin dit nou is (klimaat, ens.), voeding (gegee by geboorte, grootgeword het op en die voeding wat dit nou ontvang) en epigenetika.

DIE WETENSKAP AGTER DIE NAVORSINGSPROJEKPROJEK

Die effek van verskillende rantsoene (voeding) op verskillende rasse (genotipe) is bekend as nutrigenomika (Bouchard & Ordovas, 2012).

Een van die doelwitte van nutrigenomika is om pasgemaakte rantsoene uit te werk vir spesifieke rasse. Dit kan ook 'n invloed hê op vleis kwaliteit en kwantiteit (Andersen et al., 2005). Die projek gaan in twee fases uitgevoer word.

FASE 1

In fase 1 is die groei en produksie van die diere bestudeer en hiervoor is inligting oor kwantitatiewe (gewig, groeitempo) en fisiologiese parameters (bloed glucose, ureum) ingesamel. Altesaam 90 diere is gebruik vir fase 1, naamlik 65 Nguni's en 25 Bonsmara's.

Fase 1 is alreeds afgehandel en resultate wys dat die twee rantsoene wat in fase 1 gebruik is, sal moet verander vir fase 2, aangesien die verskil in die produksie te klein was. 'n Ander rantsoen is reeds hiervoor geformuleer in samewerking met die Universiteit van Pretoria en Putter Voere van Heilbron.

Tabel 1: Fase 1 resultate

Ras	Rantsoen	Lewende gewig	Karkas gewig	GDT (112 dae)
Bonsmara	Hoë	443.11	251.07	1.66
	Lae	440.63	253.95	1.77
Nguni	Hoë	383.00	218.87	1.34
	Lae	389.04	221.93	1.37

Geen-ekspressie is die manier waarop die gene op die DNA string uitgedruk word. Elke organisme het 'n stel gene wat op sy DNA gekodeer is.

Om hierdie gene uit te druk (om 'n fenotipe te kry) moet sekere prosesse soos transkripsie en “vertaling” uitgevoer word om die finale proteïn produk te kry, wat uitgedruk word as die fenotipe.

Dit blyk dat die Nguni's op die lae energie rantsoen beter presteer het as die Nguni's op die hoë energie rantsoen, al is die verskil klein. Alhoewel die Bonsmaras op die hoë energie ransoen swaarder was, was die karkasgewig en groeitempo (GDT) op die lae energie rantsoen ook beter as op die hoë energie rantsoen.

Tabel 2: Bloed analise

Ras	Rantsoen	Urea gemiddelde konsentrasie	Glukose gemiddelde konsentrasie
Bonsmara	Hoë	2.57	5.13
	Lae	3.32	5.09
Nguni	Hoë	3.10	5.27
	Lae	2.83	5.90

Die bloed analises toon interessante resultate. In Tabel 2 kan gesien word dat die Nguni se bloed glukose konsentrasie hoër is as die van die Bonsmara in beide gevalle. Hierdie resultate kan lei na die teorie dat inheemse diere eers vet neerlê voor hul begin om proteïn neer te lê vir weefsel (spier) produksie. Hierdie meganisme kan die diere help in tye van droogte. Hierdie teorie kan ook ondersteun word deur die resultaat dat die meeste Nguni's in hierdie proef uitgeslag het op vetklassifikasie kode van 2 (vet laag is 3-5 cm). Sommige van die beeste is langer gevoer (tot 180 dae) om te sien of hul meer vet gaan deponeer. Tog het 75% nog steeds 'n vetkode van 2 uitgeslag en die res 'n vetkode van 3. Meer navorsing word benodig om hierdie teorie te bevestig.

Fase 2

Hierdie fase gaan gene ondersoek wat verwant is aan groei en produksie in Nguni diere wat twee verskillende rantsoene in 'n voerkraal sisteem gevoer gaan word deur 'n transkriptoom benadering. Die fenotipe van die dier word bepaal deur die ekspressie van gene wat oor uitgedruk of minder uitgedruk word. Hierdie variasie in geen ekspressie kan moontlik gebruik word vir die seleksie van voordelige kenmerke (Cassar-Malek et al., 2008).

In fase 2 gaan 'n "RNA-seq" analise gebruik word om die geen ekspressie in die Longissimus dorsi spier monster te bestudeer. In hierdie fase sal die Bonsmara ook gebruik word as 'n kontrole. Die diere in hierdie fase sal in April 2016 geslag word, waarna weefselmonsters vir ontleding geneem sal word.

Die doel van hierdie studie is om moontlike gene te identifiseer wat 'n verskil in die groei van Nguni en Bonsmara bulle op verskillende rantsoene kan veroorsaak. Hierdie studie gaan ook probeer om die aanname dat Nguni's op 'n lae energie beter presteer te verifieër. Die Nguni ras is al in verskeie navorsings projekte gebruik, maar hierdie sal die eerste projek wees wat die geen ekspressie van groei verwante gene bestudeer van diere wat in 'n voerkraal sisteem twee verskillende rantsoene ontvang. ■

Verwysings

Andersen, H. J., Oksbjerg, N., Young, J.F. & Therkildsen, M., 2005. Meat Sci. 70: 543-554.

Bouchard, C. & Ordovas, J. M., 2012. Progress in Molecular biology and translational science 108:1-15.

Cassar-Malek, I., Picard, B., Bernard, C. & Hocquette, J.F., 2008. Aust. J. Exp. Agr. 48: 701-710.

Mapiye, C., Chimonyo, M., Dzama, K., Raats, J.G. & Mapekula, M., 2009. Livest. Sci. 124: 1-3.

Strydom, P.E., 2008. Meat Sci. 80:86-93.

Een van die doelwitte van nutrigenomika is om pasgemaakte rantsoene uit te werk vir spesifieke rasse.

Siyabuswa Nguni's

Ons byt steeds vas ten spyte van die verwoestende hitte en droogte

UCP 6-30 TKP 340 (8)

Dr HE van de Pypekamp Sel: 083 653 8990

Gerrit van de Pypekamp Sel: 083 409 9699

Uitsonderlike vrugbare kudde • Coligny • Noordwes Provinsie

Gemiddelde TKP van kudde oor afgelope 8 jaar is 357 dae

Vir die kenmerkende raseienskappe en funksionele doeltreffendheid van Nguni-beeste, raadpleeg my boek (verkrygbaar in Afrikaans en Engels).

TURKSVYE
DIE VERGETE STAATMAKER.

Turksvye behoort tot die genus Opuntia wat ongeveer 160 spesies insluit. Soos in alle goeie families is daar ook hier 'n paar ongure karakters. Onder hulle tel Litjieskaktus, Imbrikaatkaktus, en baie ander indringers. Die botaniese naam van die turksvy is Opuntia ficus-indica terwyl die bloublad of beesturksvy as Opuntia robusta bekend staan.

Dr Herman Fouché
Landbounavorsingsraad, DPI, Bloemfontein.
fouchehj@ufs.ac.za

Hierdie interessante plant (die doring tipe), met sy oorsprong in Mexiko, het 'n lang en roemryke geskiedenis. Dit is bekend dat turksvyblaaie deur die Spaanse ontdekkingsreisigers in die 1700's as groente op skepe gebruik is en so deur die hele wêreld versprei is. In ongeveer 1750 het 'n boer (Van der Berg) twee blaaie uit die Kaap gebring en op sy plaas Buffelshoek in die distrik Graaff-Reinet geplant.

Daar is ook aanduidings dat 'n boer (De Bruyn) van Bruintjieshoogte, tussen Pearston en Somerset-Oos turksvye verbou het en dat alkohol in die Camdebo en omstreke gestook is. Gedurende die 1850's het hoofman Sekwati doring turksvye as 'n vesting om Thaba Mosego geplant. Dit is ook in Sekukhuneland gedurende die Swazi inval (1874) as vestings om krale gebruik.

Gedurende die vroeë 1860's het die eerste boere begin kla dat turksvye die wêreld so ingeneem het dat dit skaapboerdery benadeel het en in 1874 het Henry Bolus turksvye as die grootste plaag tussen die Suur- en Sneeuberge beskryf.

Hierdie tipe turksvy het nes hulle voorsate so baie dorings gehad dat vee nie die plante kon benut nie en sodoende het dit al verder versprei. Groot koste is aangegaan om die plant te beheer en twee insekte vir die biologiese beheer daarvan, naamlik cochenille (cochineal) (1913) en die turksvyvlieg (cactoblastis) (1924) is ingevoer. Die gewildheid van hierdie wonder plant was skerp aan die afneem. Dit is dan ook die rede waarom turksvye onder die onkruidwet as verbode plant gelys is. Daar bestaan vandag nog verwarring met die toepassing van die wet.

Die wet bepaal dat Opuntia ficus-indica as verklaarde onkruid gelys is met die uitsondering van die doringlose tipes.

In ongeveer 1914 is die sogenaamde doringlose turksvye (ook Opuntia ficus-indica) wat deur Luther Burbank (Kalifornië, VSA) ontwikkel is, op groot skaal op die navorsingstasie Grootfontein (Middelburg, Kaap) aangeplant. Gedurende die periode is daar 21 tipes geëvalueer. Hierdie versameling is uniek en Suid-Afrika is van die min lande waar hierdie tipes nog beskikbaar is.

Turksvye is ook een van die mees veelsydige gewasse. Behalwe dat die gewas vir vrugte en voer gebruik kan word, is daar ook baie ander gebruike. In die Suid-Amerikaanse lande en Mexiko word die kladodes (blaaie) gebruik as voedsel vir die mens (nopalitos). Turksvye word in farmaseutiese en kosmetiese produkte gebruik, soos byvoorbeeld vir

sepe. Pitolie word gepers. Karmynsuur, 'n rooi kleurstof, word uit cochenille verkry. Verder word sappe ook van turksvye geproduseer.

Die eerste navorsing wat gedoen is, het hoofsaaklik gekonsentreer op die gebruik as diere-voeding en dan meer spesifiek droogte-voeding. Dit is ook hier waar die bekende Gerhard de Kock 'n groot bydrae gemaak het.

Die gewas is in die veld onder ekstensiewe toestande aangeplant. Dit was hoofsaaklik die bloubladtipes of die sogenaamde beesturksvy wat cocheneal weerstandig is, wat aangeplant is. In die onlangse agronomiese evaluasies (van 42 kultivars) is gevind dat daar van die sogenaamde groenbladtipes 'n baie hoër produksie-potensiaal in terme van voer- en vrugproduksie gehad het.

Turksvye is ook een van die mees veelsydige gewasse. Behalwe dat die gewas vir vrugte en voer gebruik kan word, is daar ook baie ander gebruike.

Die kummulatiewe bladproduksie vir 10 jaar



Die kummulatiewe vrugproduksie vir 10 jaar



Die huidige droogte het veroorsaak dat daar 'n hernude belangstelling in die gewas ontstaan het. Die voordele vir die aanplant van turksvye is:

1. Dit is eerstens droogtebestand en kan dus steeds voer produseer onder baie droë omstandighede.

2. Dit het 'n unieke vlak wortel- en fisiologiese stelsel wat klein hoeveelhede water effektief kan benut. Die sogenaamde reënwortels ontwikkel binne ure na 'n reënbui en kan dus klein hoeveelhede water effektief benut wat andersins verlore sou gaan.

3. Dit is verder 'n uitstekende voerbank waar vars blaaie vir lank aan die plant gehou kan word, gesny en dan gevoer kan word of selfs as meel in voermengsels ingewerk kan word. Turksvye kan selfs in normale jare as voer gebruik word om sodoende die veld gedurende die winter en lentemaande aan te vul. Onthou skoon turksvye is 'n onderhouds- en nie 'n produksierantsoen nie.

4. Turksvye reageer baie gunstig op bemesting en drupbesproeiing. Produksies kan twee of drievoudig verhoog word na gelang van die bestuur wat die plantasie ontvang.

5. Daar kan maklik tussen vrug- en voerproduksie gewissel word na gelang van die behoefte. Hier word 'n dubbeldoel kultivar soos Morado aanbeveel.

Beginsels in die verbouing van turksvye.

1. Dit is belangrik dat die regte kultivar keuse gemaak word. Vir voerproduksie word Morado, Gymno Carpo, Fusicaulis, R1259, R1260 en Fresno aanbeveel. Dit is belangrik dat siektevrye blaaie van betroubare verskaffers verkry word.

2. Plant eerder kleiner oppervlaktes aan wat goed bestuur word, deur middel van onkruidbeheer, bemesting, snoei en siektebeheer. Daar kan later uitgebrei word soos behoefte en vaardighede uitbrei.

3. Siektebeheer van cochenille en die turksvyvlieg is dié bepalende faktor vir sukses. Minder as die helfte van nuwe aanplantings oorleef die eerste paar jaar. Dit is derhalwe noodsaaklik dat skoon materiaal verkry word en verkieslik self ook met 'n insekdoder gewas word voor aanplanting. Turksvye word in die winter gesnoei en dit is ook gedurende die tyd dat blaaie beskikbaar raak vir aanplanting.

4. Onthou dat die opbrengspotensiaal gekoppel is aan kultivar keuse, kwaliteit van die genetiese materiaal, plantdigtheid en klimaat. ■

Gekerfde turksvye op droograkke

Vrugproduksie van Zastron kultivar

'n Voorbeeld van 'n goed bestuurde boord

BHETJANE
EST. 1987
FF
BHETJANE
Ngunis
THE BRAND YOU TRUST
SINCE 1987
BHETJANE IMPI FATHER & SON | FF 10-123 & FF 03-29
WWW.BHETJANE.COM
/BHETJANE NGUNIS
@BHETJANENGUNIS
DF FYFER - 083 385 2085 - DF@BHETJANE.COM - VRYBURG
GF
GRASSFED ASSOCIATION
SOUTH AFRICA

BHETJANE INTERNET SALE

14 MAY 2016

LAST CHANCE TO GET IMPI FF 03-29 GENETICS!

AMATHOLE
Nguni Breeders

GRAZE WHERE OTHERS DARE NOT. SURVIVE WHERE OTHERS CANNOT.

LUJILO NGUNI STUD – Wesley Sternberg – 078 722 5952 | ***PROVIDENCE NGUNI STUD*** – Andries du Preez – 082 445 0078
CAVALO STABLES – Peter Bezuidenhout – 082 570 1340 | ***FORT HARE UNIVERSITY*** – Dirk Potgieter – 072 794 6154
HERONCLIFF NGUNI STUD – Bert Ferreira – 083 739 7623 | ***UBUNINZI NGUNI STUD*** – Johathan Knott – 072 826 0354
TSHEZI NGUNI STUD – Aubrey Tyali – 083 274 3319 | ***GLENSMUIR NGUNI STUD*** – Greg Alsona-De Klerk – 082 410 9110
INKONJANE NGUNI STUD – Sherrol Swallow – 082 423 9688

AUTUMN STUD AUCTION - SATURDAY 28 MAY 2016 - CAVALO STABLES, GONUBIE
SPRING STUD AUCTION - SATURDAY 19 NOVEMBER 2016 - CAVALO STABLES, GONUBIE
VIEW LOT PHOTOS AND CATALOGUE AT ***www.sheardauctioneers.co.za*** prior to auction dates.

SHEARD AUCTIONEERS

www.amatholenguns.co.za

SUBSIDISED TRANSPORT FOR BULK BUYERS

PRAKTIESE VELDBESTUURSRIGLYNE NA KRISISDROOGTES

Dr Mias van der Westhuizen
Vrystaat Provinsiale Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling, Glen
E-pos: mias@glen.agric.za
Prof Hennie Snyman
Departement Vee-, Wild- en Weidingkunde, Universiteit van die Vrystaat
E-pos: Snymanha@ufs.ac.za

Volgens die Suid-Afrikaanse Weerdiens was 2015 die droogste jaar wat vanaf 1904 aangeteken is. Die hoogste temperature is dan ook in Desember 2015 en vroeë Januarie 2016 in veral die Vrystaat en Noord-Kaap aangeteken wat die effek van die droogte verder vergroot het. Natuurlik wissel die intensiteit van die droogte van distrik tot distrik en selfs plaas tot plaas maar oor die algemeen het die grootste gedeeltes van die land baie min reën met gepaardgaande uiterste hoë temperature ondervind. Goeie reën wat in Januarie oor groot gedeeltes uitgesak het, het ongelukkig nie veeboere se probleme totaal opgelos nie.

Daar moet ingedagte gehou word dat dit nie gras gereën het nie en boere moet die groot skade wat die afgelope droogte aan hul veld aangerig het, deeglik besef. Veld herstel gaan nou fyn weidingsbestuur verg.

Gevolge van droogte op veld

Die nadelige uitwerking van die droogte op die weiveld se produksie en groeikragtigheid moet nog oorkom word vir volhoubare funksionering van die weidingekosisteem. As gevolg van vogtekorte asook die benutting van plante is groeireserwes uitgeput en groeikragtigheid is dus laag.

Graspolle word kleiner en afsterwing vind plaas. Gevolglik neem die plantbedekking af, kaal oppervlaktes vergroot, en humus op die grond verminder. Dit beteken dat die afloop van reënwater sal verhoog, terwyl die gevare van gronderosie ook groter is sodra dit na die droogte weer begin reën. Die yler plantbedekking as gevolg van plantafsterwings, asook die noodwendige strawwer ontblaring in sekere gevalle, het die mikroklimaat totaal en al verander. Die laer bedekking werk nie net grootskaalse waterafloop in die hand nie, maar groter verdamping en hoë grondtemperature wat voorkom, elk met sy eie negatiewe impak op die weidingekosisteem.

Volgens die Suid-Afrikaanse Weerdiens was 2015 die droogste jaar wat vanaf 1904 aangeteken is. Boere moet die groot skade wat die afgelope droogte aan hul veld aangerig het, deeglik besef. Veld herstel gaan nou fyn weidingsbestuur verg.

Weens hierdie wanbalans in mikroklimaat is die weiveld meer droogte sensitief as gevolg van hoër verdamping vanaf die kaler grond en hoër grondtemperature. Daar is grondtemperature van self so hoog as 70°C gemeet op 'n totaal kaal oppervlakte. Die grondtemperatuur verskil tussen 'n digte plant bedekking en waar dit yl is, is so veel as 8°C.

Die hergroei van veld na droogtes is stadiger as normaalweg en dit is ook baie duidelik sigbaar in dele wat in Januarie goeie reëns ontvang het. Dit is algemeen bekend dat ongeveer 80% van die wortels van klimaksgrasse in die boonste 200 mm grondlaag voorkom. Dit is hierdie wortels wat grootliks vir plantproduksie verantwoordelik is. Die belangrikheid van die ander 20% wortels wat die grondprofiel dieper indring moet nie minder belangrik geag word nie, aangesien hulle weer vir oorlewing van die plant tydens droogtes verantwoordelik is.

Die slegte nuus is dat weens die geweldige intense langdurige droogte die meeste van die oppervlak wortels afgesterf het. Die droogte in sekere dele was selfs so intens dat die plant oor die drempel van oorlewing gestoot is en waar selfs van die dieper wortels, wat vir oorlewing geoormerk word, ook afgesterf het. Meer reën is gevolglik ook nodig om die grond tot by die dieper wortels te benat wat ook die stadige hergroei verklaar. Die gevolg van hierdie grootskaalse wortelafsterwings is dat die veeboer nou sit met baie polle wat gedeeltelik of selfs totaal afgesterf het, terwyl die hergroei ook stadig is. Wortelafsterwing is wel 'n normale verskynsel ten einde die weiding-ekosisteem in balans te hou en organiese materiaal (humus) tot die grond aan te vul, maar ongelukkig kan intense droogte saam met strawwe ontblaring die sisteem totaal uit balans uit gooi. Dit is wel so dat die grond nou baie vrugbaarder na die droogte behoort te wees, maar dit is ongelukkig ten koste van bogrondse groei wat vir die veeboer die belangrikste is.

Omgewingstoestande

Veldbestuur en veldtoestand voor droogtes sowel as reënval na droogtes is van die belangrikste faktore wat die herstelproses van veld beïnvloed. Tydens die skryf van hierdie artikel (einde Januarie 2016) het groot gedeeltes van die land goeie reën ontvang, terwyl daar egter gebiede is wat nog steeds baie min reën gekry het. Dit moet ingedagte gehou word dat met die voorjaar baie min of selfs geen groei voorgekom het nie en dat die groeikragtigheid van veld, selfs met Januarie se goeie reën, nog baie laag is. Indien daar vir die res van die groeiseisoen, Februarie en Maart, 30% meer reën as normaalweg voorkom, kan veld in goeie toestand se groeikragtigheid teen die einde van die groeiseisoen volkome herstel.

Grondvrugbaarheid wat weens wortelafsterwing hoër is, sal dan ook bydra tot die vinniger groei van veld. Plase of kampe in 'n redelik en swak toestand sal egter baie langer neem om volkome te herstel. Met gemiddelde reën vir die res van die seisoen, asook vir die volgende seisoen, sal die veld se groeikragtigheid eers volkome herstel teen Februarie 2017. Indien ondergemiddelde reën vir Februarie en Maart realiseer sal die droogte toestande voortduur, met voertekorte die komende winter, lente, asook die vroeë somer maande van 2017.

Daar moet egter ingedagte gehou word dat weiveld 'n dinamiese sisteem is wat oor eeue heen ontwikkel het en waarvan droogtes deel van hierdie ontwikkelings proses was. Suid-Afrika is endemies maar geneig tot droogte. As gevolg van die biodiversiteit, waar verskillende plante se weerstand teen droogtes verskil, is veld wat in 'n goeie toestand verkeer se weerstand teen droogtes normaalweg baie hoog.

As voorbeeld sal die kombinasie van kalahari-sandkweek (Schmidtia pappophoroides) en blinkaarboesmangras (Stipagrostis uniplumis) in ons ariede Savanna veld tipes, weerstand teen droogtes verhoog en mekaar aanvul. In gemiddelde en nat jare sal dit veral die smaakliker kalahari-sandkweek wees wat voldoende diereproduksie lewer, terwyl blinkaarboesmangras baie swak benut word. By jaarlikse reënval van 175 mm en laer besit kalahari-sandkweek egter nie meer die vermoë om optimale diereproduksie te lewer nie, terwyl blinkaarboesmangras hierdie rol sal oorneem. Selfs die bekende rooigras (Themeda triandra) in die sentrale grasvelddele sukkel om energie aan vee oor te dra by jaarlikse reënval van 350 mm en laer.

Gevolglik neem die plantbedekking af, kaal oppervlaktes vergroot, en humus op die grond verminder.

Die voorkoms om droogtes of voertekorte te ondervind verhoog soos wat plase se veldtoestand verswak (Tabel 1.) Die waarskynlikheid vir droogtes by veld in 'n uitstekende toestand op Glen net buite Bloemfontein is byvoorbeeld slegs 1 uit elke 20 jaar (5%), terwyl dit by 'n sub-klimaks veld (veldtoestand van 50%) verhoog na elke tweede jaar (48%). Die hoë waarskynlikheid vir droogtes by swak veld is ook baie duidelik sigbaar by baie van ons meentgronde waar daar feitlik altyd voertekorte is, selfs in bogemiddelde reënval jare.

Tabel 1: Die waarskynlikheid van droogtes by verskillende veldtoestande in persentasie

Veldtoestand	Uitstekend	Goed	Redelik	Swak
Glen (550mm)	5	10	48	99
Kuruman (420mm)	22	33	56	87
Upington (200mm)	27	45	69	98

Hoe laer die langtermyn gemiddelde reënval, hoe groter is die waarskynlikheid vir droogtes. So is die waarskynlikheid vir droogtes by veld in 'n uitstekende toestand op Glen slegs 1 uit elke 20 jaar (5%) terwyl dit in Upington ongeveer 3 uit 10 jaar kan voorkom (27%). Droogtebestuur moet dus deel wees van boere se weiveldbestuurs beplanning.

Nguni boer wat droogtes suksesvol met weiveldbestuur oorbrug

Daar is natuurlik baie veeboere met verskillende rasse wat wetenskaplike benaderings toepas om droogtes suksesvol te bestuur. Een so 'n voorbeeld is mnr. Chrisjan Immelman van die plaas Aardoorn net wes van Bloemfontein, met 'n langtermyn gemiddelde jaarlikse reënval van 500 mm. Mnr. Chrisjan Immelman het onder leiding van drs. Mias van der Westhuizen en Johann Erasmus met aangepaste velddiere (Nguni's) 'n 6 kamp beweidingstelsel begin toepas. Aanvanklik is die departementele weidingkapasiteit norm van die gebied, naamlik 6ha/GVE toegepas, maar danksy die baie weiding wat in die stelsel geproduseer is, kon hy sy belading met 25% verhoog na 4,8 ha/GVE, terwyl die veld se toestand (gesondheid) nog steeds verbeter het. Wat die verhoging in weidingkapasiteit nog meer merkwaardig maak, is dat dit in 'n droë jaar gebeur het, toe voertekorte algemeen by boere in sy omgewing voorgekom het.

Die seisoenale reënval vir daardie groeiseisoen (2011/12) was net 330 mm vergeleke met die langtermyn-gemiddeld van sowat 500 mm. Selfs tydens die huidige droogte (2015/16) waar slegs 240 mm in 2015 aangeteken is, was daar voldoende weiding op die veld en was dit nie nodig om koeie te voer of selfs te verminder nie. Die weiding stelsel is daarop gerig om kuddebestuur te sinchroniseer met die normale wisselings in die veld se kwaliteit en kwantiteit, sodat die beeste optimaal van die veld af produseer en reproduseer. Om die veld te bewaar en te verbeter is van die grootste belang in enige stelsel. Wat die veldbestuurstelsel self aanbetref wissel eentrop diere oor die ses kampe, met die weityd wat wissel van 1 tot 3 maande, afhangende van die kampgrootte, tydperk van die jaar en fisiologiese stadium van die koeie. Die beweidingstye word ook so afgewissel dat veld oor 'n tydperk van drie jaar nie dieselfde tyd van die jaar benut word nie. Die kampe word kort afgevreet, waarna dit dan relatief lank rus om groeikragtig-heid en groeidoeltreffendheid te maksimaliseer, terwyl dit ook hoër kwaliteit veld verseker.

Elke kamp ontvang een uit elke drie jaar 'n lang ruskans, vir ten minste 'n volle groeiseisoen vanaf begin Julie tot einde Mei. So 'n benadering laat die veld nie net rus nie maar laat dit ook herstel. Met herstel word bedoel dat selfs die wortelstelsel sy regmatige kans tot groei en ontwikkeling vir 'n meer stabiele sisteem ontvang. Met hierdie bestuurs benadering het Chrisjan nie net sy plaas se weidingkapasiteit verhoog nie, maar hy het ook sy risiko's teen droogtes drasties beperk of selfs uitgesny, terwyl se diereprestasie van die Nguni koeie uitstekend is.

Sy kudde het die afgelope vyf jaar 'n kalfpersentasie van 96% gehandhaaf, en dit in 'n stelsel waarin verse vroeg kalf, die eerste keer op twee jaar.

Veldbestuurmikpunte en riglyne na droogtes

Veldbestuur direk na droogtes het ook natuurlik 'n groot invloed op die herstelproses van veld. Met langtermyn veld moniteringsdata wat vanaf 1986 tot 1994 in die Molopo-doringstruikveld ingesamel is en waar die 1989/90 seisoen baie droog was, is die volgende verkry. Die basale bedekking van plante het in onbeweide dele heeltemal herstel tydens die volgende seisoen, terwyl dit in beweide dele nog steeds 60% laer as voor die droogte was. Kaal kolle was ook nog steeds baie meer in die beweide gedeeltes as in die onbeweide gedeeltes. Die toepassing van 'n effektiewe weidings-bestuur program is dus noodsaaklik om die nadelige effek op veld na droogtes te beperk.

Dr. Dirk Immelman,
voormalig Direkteur-Generaal
van Dept. van Landbou tussen
mnr. Chrisjan Immelman se Nguni's

Mikpunte van veldbestuur na droogtes moet die volgende insluit:

- Herstel van groeikragtigheid
- Herstel van plantbedekking
- Saad produksie van smaaklike plante
- Saailing vestiging

Vervolgens word 'n paar praktiese riglyne vir veldbestuur na droogtes bespreek:

1. Probeer om diere vir ten minste drie weke na goeie reën van die veld te onttrek om vinniger hergroei te verseker. Indien diere in kleiner kampies of krale gevoer is, moet hul vir nog drie weke gevoer word. As alternatief kan een kamp opgeoffer word deur dit vir drie weke te bewei maar gee later 'n seisoenrus aan hierdie kamp. Verkieslik moet hierdie kampe veld wees wat die minste droogte sensitief op die plaas is. Vervolgens sal vleie en vlakte veld met dieper gronde voorkeur kry voor rante en kampe met vlakker, klipperige gronde.

2. Keer terug na normale beweidingspraktyke en maak ook van die geleentheid gebruik om die weidingsbestuur op die plaas te evalueer en te verbeter. Soos reeds in hierdie dokument bespreek is die effek van droogtes baie kleiner met wetenskaplik gefundeerde weidingsbestuur. Effektiewe weiveldbestuur wat voorsiening maak vir genoegsame rus en doeltreffende benutting van die veld, moet toegepas word. Maak ook voorsiening vir spaarveld tydens die lente en somer maande (September tot einde Januarie) om volgende droogtes te oorbrug.

3. Hou veelading laer as normaal om veld herstel te laat plaasvind. Verhoog die veelading slegs indien die groeikragtigheid van veld herstel het. Op hierdie stadium word aanbeveel dat veelading hoogstens 70% van normale weidingkapasiteit van plase moet wees. Opvolg reën in Februarie en Maart sal bepaal of veeladings verder verlaag moet word.

4. Weiveld evaluering moet nie net na droogtes gedoen word nie maar dit is 'n deurlopende proses wat met tussenposes van twee tot drie jaar gedoen moet word om sodoende weidingkapasiteit asook die neiging van verandering te bepaal. Veelading moet in verhouding met veldtoestand en veldpotensiaal wees en moet aangepas word na gelang van omstandighede sodat oorbeweiding nie plaasvind nie.

5. Kampe waarvan veldtoestand drasties verswak het moet spesiale behandeling ontvang. Bewei hulle verkieslik net in die winter maande met 'n lang groeiseisoen rus, totdat veldtoestand weer herstel het.

6. Kampe of dele met groot kaal oppervlaktes kan losgemaak word om afloop te beperk en beter vogindringing te kry. Saad kan terselfdertyd ook ingesaai word, terwyl dit met takke of hooi bedek moet word om ontkieming en saailing vestiging te verseker. Maak eerstens gebruik van saad van plante wat in die omgewing voorkom om in te saai indien moontlik.

Samevatting

Een van die grootste uitdagings vir ekstensiewe veeboere is om met die geweldige variasie van seisoenale reënval, nog steeds volhoubaar te kan produseer. Hoe makliker en vinniger die veeboer en wildboer by hierdie uiterstes kan aanpas, hoe meer volhoubaar sal sy boerdery onderneming wees en hoe suksesvoller sal oorleef kan word. Die enigste weerstand teen droogtes sluit in die toepassing van 'n weiveldbestuurstelsel wat die risikos van droogtes kan verlaag en absorbeer, 'n goeie en gesonde veldtoestand handhaaf, terwyl veeladings altyd moet ooreenstem met die potensiaal van die weiveld. Miskien is dit juis nou belangrik dat ons weer in diepte na weidingstelsels kyk.

Aanhoudende beweiding, tweekamp en tweegroepkamp benaderings se vermoë om droogtes te oorleef, is baie laag. Met meerkamp en driegroepkamp benaderings wat by verskillende veldtipes aangepas is, kan voertekorte met die regte veebelading oorbrug word. Met effektiewe weiveld-bestuur sal die meeste boere goed geposisioneer wees om toekomstige droogtes die hoof te bied. Wetenskaplik gefundeerde weiveldbestuursbenaderings word heeltemal onderskat om plase se veldtoestand en uit eindelik die weidings-kapasiteit te verhoog, asook om die uitwerking van droogtes te verminder.

YOUR FARM TELLS A STORY...
HOW WILL THE NEXT CHAPTER BEGIN?

SHABALALA Nguni's

Visitors always welcome!

Hardy | Fertile | Meaty | Heartwater & Gallsick Resistent Ngunis

DN 11-798

LP 03-31

PVC - 051 448 5832/4

Craig & Ray Keeny
P.O.Box 94, Moedwil
Rustenburg, 0315

Raynel Ranches
Tel: (014) 545 0011
Ray: 082 454 8476
Craig: 073 333 3297
Email: rayliz@mweb.co.za

BEGINSELS VIR VOLHOUBARE WEIVELDBENUTTING



Dr Mias van der Westhuizen
Vrystaat Provinsiale Departement van Landbou en Landelike Ontwikkeling
Glen
E-pos: mias@glen.agric.za

Ten einde die volhoubaarheid van weiveld op 'n plaas te verseker is dit belangrik dat 'n boer kennis van die belangrikste indikator weiplante/sleutelweiplante van sy omgewing moet hê. Net soos die Nguniboer sy diere deurlopend beoordeel, selekteer en streef na verhoogde reproduksie en produksie waardes, so behoort dit tweede natuur vir hom/haar te wees om ook te let op veldveranderinge. Die weidingekosisteem is slegs oor die langtermyn volhoubaar indien my plaas se veldtoestand verbeter of in 'n optimale toestand verkeer. Dit maak nie saak hoe goed my diere se kalf persentasies of interkalf periodes mag wees nie, indien my weiveld neig om te verswak is dit 'n vroeë waarskuwing dat die boerdery op die afdraande pad is. Die implementering van 'n volhoubare weidingstelsel sonder insette van kundiges is gewoonlik nie moontlik nie. Vervolgens word 'n paar beginsels vir volhoubare weiveld benutting bespreek.

1. Veebelading

Die eerste beginsel is om te bepaal hoeveel diere die boerdery eenheid kan dra sonder dat die veld se toestand verswak. Geen stelsel kan oor die langtermyn slaag indien die veld potensiaal oorskat word nie. Departementele weidingkapasiteit norme is vir die hele Suid-Afrika beskikbaar. Dit is egter baie belangrik om te besef dat hierdie waardes slegs as riglyn dien vir veld wat in 'n goeie toestand verkeer en dat weidingkapasiteit wissel van plaas tot plaas.

Verseker is veldtoestand en veebelading dié belangrikste faktore wat die volhoubaarheid, sowel as die winsgewendheid, van 'n boerdery oor die langtermyn beïnvloed. Dit is baie belangrik dat veldtoestand in berekening gebring moet word om veebelading te bereken en dit is dus 'n aanduiding van die gesondheid, die vermoë om dieremproduksie te lewer, asook die vermoë om risiko's soos droogtes te hanteer. Veldtoestand word bepaal deur te kyk na die verhouding van smaakliker / hooggewenste plante teenoor minder smaaklikes, sowel as die voorkoms van pionierplante.

Sonder deeglike weiveld evaluering is dit onmoontlik om die werklike toestand waarin die weiveld verkeer vas te stel, terwyl dit ook die volhoubaarheid van boerderye bepaal.

Waarskuwings vir die veeboer

- Die veebelading moet so na as moontlik aan die weidingkapasiteit van die plaas wees. Indien veebelading te hoog is lei dit tot oorbeweiding en dit het 'n invloed op die volgende biologiese en finansiële faktore naamlik:

verswakking van veldtoestand; verlaging in beskikbare weidingsmateriaal; verlaging in kwaliteit van veld; verhoogde droogte risiko's en langer droogtes; verlaging in diereprestasie; verlaging in bruto inkomste asook 'n verlaging in die stabiliteit van boerderye.

- Verhoging in veegetalle: In baie gevalle beweer landboukundiges of boere dat plase se weidingkapasiteit met die toepassing van 'n spesifieke stelsel drasties verhoog. In hierdie gevalle word veldtoestand dikwels nie as basis van weidingkapasiteit gebruik nie. Gevolglik is dit slegs veebelading wat verhoog word met die gevolg dat veldtoestand en weidingkapasiteit oor die langtermyn sal verlaag met drastiese nadelige gevolge. Uitlatings wat maklik gemaak word dat veegetalle verdubbel kan word om meer geld vanaf weiveld te maak, sonder om die hulpbron se toestand in ag te neem, kan beskou word as ernstige roofbou en moet ten alle koste vermy word.

Hierdie sisteme is natuurlik ook nie volhoubaar oor die langtermyn nie.

- Weidingstelsels waar veebelading swaarder as die plaas se weidingkapasiteit is, is gewoonlik in die lente maande meer onder druk omdat reserwes op die veld dan op sy laagste is. Hierdie stelsels sal dus lei tot veldverswakking en voerskaarste wat 'n invloed op die diere se produksie en reproduksie vermoë het.

2. Effektiewe rus van veld

Na veebelading is effektiewe rus van veld die tweede belangrikste beginsel vir volhoubare diereproduksie. Wisselweiding moet toegepas word waar kampe voldoende rus ontvang sodat die groeikragtigheid van smaaklike hooggewenste plante voldoende kan herstel. Die lengte van rusperiodes is natuurlik aan reënval, seisoen asook veldtipe gekoppel. Tydens die groeiseisoen is dit moontlik om na ses weke weer 'n kamp te bewei, terwyl 'n rustydperk van ses maande tydens die laatherfs, winter en lente maande toegepas moet word. Wetenskaplikes en boere lê egter al hoe meer klem op die inbou van lang rusperiodes (ongeveer elke derde of vierde jaar). Die lengte van hierdie lang rusperiode verskil natuurlik van veldtipe tot veldtipe, terwyl die betroubaarheid van reënval ook 'n groot rol speel. Met vleisbeeste in suurvelddele is 'n 8 maande rustydperk vanaf die begin van Oktober tot die einde van Mei elke derde jaar voldoende. 'n Dertien maande rustydperk wat strek vanaf die begin van Januarie tot die einde van die volgende Januarie word vir vleisbeeste in die soet rooigrasveld van die sentrale Vrystaat aanbeveel. Die strawwer ontblaring van kampe net voor die toepassing van 'n lang rusperiode is net so belangrik om groeikragtigheid te verseker.

Waarskuwings vir die veeboer

- Die groeikragtigheid van smaaklike plante moet hoër wees as die van onsmaaklikes. Dit dien as vroeë waarskuwing vir die verandering in veldtoestand en kan maklik tydens die

lang rusperiodes waargeneem word. So byvoorbeeld moet plante soos rooigras, vingergras en assegaaigras se groeikragtigheid hoër wees as die van terpentyn, koperdraad en beessteekgras.

3. Effektiewe benutting van veld

Hoe meer gereeld veld in 'n groeiseisoen bewei word, hoe nadeliger is die uitwerking daarvan op groeikragtigheid. Hierteenoor kan geen beweiding vir 'n paar jaar ook nadelig wees, omdat polle wat nie bewei word nie geneig is om te veel droë materiaal te versamel wat groeikragtigheid en saadproduksie benadeel. Hierdie polle sal dan ook later afsterf en deur eenjarige kruide of mindergewenste grasse vervang word. Die ideale aantal kere wat 'n kamp in 'n groeiseisoen benut behoort te word wissel tussen 1 - 3 ontblarings. Die intensiteit van beweiding verwys na die hoeveelheid materiaal wat tydens beweiding verwyder word. Intensiteit van beweiding word grootliks deur die hoeveelheid ou droë materiaal bepaal. Dis baie makliker om kampe in die lente maande skoner te bewei as in die winter maande. Uit 'n kwaliteitsoogpunt is dit goed om kampe elke derde jaar redelik skoon te benut. Indien dit egter jaarliks plaasvind sal veldtoestand oor die langtermyn verswak. Wat wel baie belangrik is, is dat hoe strawwer die veld benut is, hoe langer moet sy rusfase wees (veral ten opsigte van wortelgroei). Effektiewe weiveld bestuursprogramme moet met die hulp van kundiges opgestel word maar dit moet ook gereeld hersien word om optimale veldbenutting te verseker.

Waarskuwings vir die veeboer

- Die stelling dat boere die kwaliteit van veld moet hoog hou deur veld meer gereeld te benut (hou veld kort) word ook baie gehoor. Daar moet altyd onthou word dat wat goed is vir die dier (kort beweide plante met hoë kwaliteit/voedingswaarde) nie noodwendig oor die langtermyn goed is vir die plant sowel as die dier nie. Die wagwoord in die lewe is tog om balans/matigheid aan die dag te lê – so ook wat weiveld aanbetref.
- Indien kampe vir meer as vier keer in 'n groeiseisoen benut word sal die groeikragtigheid van smaakliker plante verlaag en selfs 'n volle groeiseisoensrus sal nie voldoende wees om groeikragtigheid te herstel nie.
- As veld elke tweede jaar baie kort benut word is die intensiteit van beweiding te hoog en sal die veld oor tyd verswak. Selfs as hierdie veld elke tweede jaar 'n groeiseisoen rus ontvang sal die groeikragtigheid van smaaklike plante slegs in hoë reënval jare herstel.
- Onbeplande benutting van kampe, waar die frekwensie of intensiteit van benutting te hoog is, sal lei tot 'n verlaging in die produksie en groeikragtigheid van smaaklike meerjarige plante, terwyl minder smaaklike ongewenste plante sal vermeerder. Gevolglik sal diereproduksie stelselmatig begin afneem, terwyl insetkoste in terme van lekke drasties kan verhoog.

4. Plaasbeplanning

Dit verwys na die ontwikkeling en instandhouding van infrastruktuur op die plaas en behels die grootte en aantal kampe per trop sowel as voldoende water voorsiening. Die effektiewe inskakeling van aangeplante weidings en oesreste is natuurlik ook deel van plaasbeplanning. Wat belangrik is vir effektiewe veldbestuur is dat daar voldoende kampe vir elke trop diere beskikbaar moet wees. Alhoewel goeie veldbestuur met slegs drie kampe per trop moontlik is word meer as drie kampe normaalweg aanbeveel. Vir effektiewe benutting is dit ook belangrik dat verskillende veldtipes (voorskoot, vlakte, rante en vleiveld) geskei word. Kampe wat te groot is (>100 ha) word ook moeilik effektief benut en moet verkieslik gedeel word.

Suid-Afrika se weiveld bestaan uit verskillende veldtipes, elk met sy eie unieke omstandigheid en vereistes,

5. Opsomming

Suid-Afrika se weiveld bestaan uit verskillende veldtipes, elk met sy eie unieke omstandigheid en vereistes, gevolglik sal dit verkeerd wees om te veralgemeen deur slegs een weidingstelsel te wil propageer. Die korrekte benutting (belading, intensiteit, frekwensie en seisoen) is die belangrikste uitdaging vir suksesvolle veldbestuur. Dit moet natuurlik gepaard gaan met langtermyn veldverbetering of -instandhouding om sodoende volhoubaar te kan wees. Alhoewel die regte vee-belading sekerlik die belangrikste komponent is, moet besluite soos wanneer diere van een kamp na 'n ander verskuif gaan word eweneens belangrik vir die effektiewe benutting van die weiding-ekosisteem wees. Aangesien al hierdie faktore nou verwant aan mekaar is, kan die sukses van 'n toegepaste weidingstelsel deur enige kombinasie van hierdie faktore drasties beïnvloed word. Suksesvolle weidingbestuur is dus slegs moontlik indien bogenoemde faktore op 'n holistiese wyse deur die boer benader word.

Die implementering van 'n volhoubare weidingstelsel sonder die hulp van weidingkundiges word nie aanbeveel nie.

Die volgende stappe is belangrik:

- 'n Plaaskaart met kamp groottes, aangeplante weidings en kontantgewasse is noodsaaklik.
- Bepaal weidingkapasiteit deur departementele norm as wegspring waarde te gebruik. Evalueer kampe in terme van veldtoestand en weidingkapasiteit en wees op die uitkyk vir indikators van veldverswakking.
- Besluit op 'n vee produksiestelsel en bereken die hoeveelheid diere vir die boerdery eenheid.
- Gebruik die beginsels soos in hierdie dokument uiteengesit om 'n weidingstelsel uit te werk.
- Identifiseer sensitiewe kampe (erosie of swak veldtoestand) en gee hul spesiale behandeling.
- Identifiseer infrastruktuur probleme en beplan om dit oor die medium en langtermyn reg te stel (bv. verdeel kampe wat te groot is, hervestig aangeplante weiding ens.).
- Verbeter kennis van veld en indikators vir verbetering (rooigras, vingergras, borseltjiegras ens.) sowel as verswakking (krulblaar, koperdraad, steekgrasse, fynkweek, bitterbos ens.).
- Evalueer veldtoestand ten minste elke tweede tot derde jaar om die neiging van verandering vas te stel.
- Herbeplan veldbestuur volgens hierdie veranderings. ■

WeaversNguni

Historic, Pure, African

HERD BRAND SCMG

Steve Watkins - +27 82 881 5293 weaversnguni@icloud.com

SINCE 2012

DADEWETHU

Nguni's

BREEDING Superior Nguni's

CONTACT DETAILS:

oosthuizendn@gmail.com | 082 937 5402 | 074 675 1111


paradys
NGUNI'S

ANDRÉ MEIRING • 082 824 9995 • JAMEIRING@ICLOUD.COM
JOPPIE VAN DYK • 082 632 5402

DUINFONTEIN nguni's SS

Hannes & Rika Visagie
Dwarskersbos
Weskus

Sel: +27 82 807 2672
hannesvi@iafrica.com

MAKATINI nguni's MK

Klein kudde suiwer Makatini's

Internet Veiling 26 September 2018

Gem. TKP vir kudde: 361 dae ; Reproduksie indeks: 118

Temprament - Vroegrypheid - Vrugbaarheid

SA STAMBOEK / VEEPLAAS
ELITE PLATINUM BULTOEKENNING 2016

FF 13 / 101

BHETJANE
EST. 1987
FF

FF 13 / 60

SA Stamboek / Landbouweekblad
Elite 2015 Platinum-
Koei toekenning

M van Niekerk
GANNA NGUNI STOETERY
MVN 040088

SA Stamboek / Landbouweekblad
Elite 2016 Platinum-
Koei toekenning

AE Martens
MAGARAMOMBE NGUNIS
LEB 010319

VRYSTAAT • FREE STATE

Nguni

TELERSGROEP
BREEDERS' GROUP

CODE OF CONDUCT

- We work together to breed, promote and sell top quality NGUNI cattle
- We do business with integrity and act ethically
- We treat the enviroment and people with respect
- We are socially responsible

INTERNET AUCTION

SAT • 30 APRIL 2016

(depending on current drought conditions)

GANNA NGUNI STOETERY
Michiel van Niekerk • 083 [illegible]
[illegible]

LEEUWDOORNPAN
Emile Williams
083 [illegible]

VAN DER MERWE / OOSTHUIZEN NGUNIS
Rian Oosthuizen
[illegible]

CHIREN TRUST
Jaap Meiring
[illegible]

SA STAMBOEK VLEISBEES KUDDE
VAN DIE JAAR 2015 - STREEKSWENNERS

Phlip Swanepoel - Brons toekenning

Elmien Willemse - Silwer toekenning

Nog **TOEKENNING** Wenners

PROV	PARTICIPANT	PARTICIPANT NAME	TOEKENNING
EC	0480804NGI	DOHNE A.D.I	Goud
GP	0615583NGI	FRAIN NGUNI STOET	Goud
WC	0568331NGI	EXSTEEN NGUNI'S & SANGA'S	Silver
EC	0634746NGI	XHACHA NGUNI STUD	Silver
LP	0647666NGI	MNR. JAN JACOBS	Silver
NC	0604699NGI	GLEN ROSS BOERDERY	Silver
NC	0617031NGI	MNR. DANIE VAN ZYL	Silver
LP	0570426NGI	BUNDU NGUNI	Silver
EC	0561232NGI	QHINA NGUNIS	Silver
EC	0523845NGI	LOVEMORE GA & SON	Silver
NC	0472557NGI	BHETJANE NGUNI TRUST	Silver
FS	0583364NGI	MEV. ELMIEN WILLEMSE	Silver
FS	0606273NGI	GANNA NGUNI STOETERY	Silver
WC	0614500NGI	SELECT AZ NGUNI'S	Silver
EC	0549277NGI	MR RODNEY YENDALL	Brons
MP	0503330NGI	RADLEY LANDGOED (EDMS) BPK	Brons
LP	0467059NGI	NORTHFIELD NGUNIS	Brons
FS	0480068NGI	MNR. MICHIEL VAN NIEKERK	Brons
LP	0467046NGI	DR. KAREL BOTHA	Brons
FS	0553610NGI	MNR. PHILIP SWANEPOEL	Brons
EC	0510857NGI	MR PAT HOBBS	Brons

LANDBOUNAVORSINGSRAAD / FARMER'S WEEKLY NASIONALE
BESTE ELITE KOEI TOEKENNING 2015

ARC • LNR

ARC National Best Elite Cow awards (registered):

MVN 04 0036
M van Niekerk

ARC National Best Elite Cow awards (commercial):

XABR 05 0024
M Mooketsi

ARC National Emerging Beef farmer of the year Award: NATIONAL WINNER 2015

ARC • LNR

Ms Medupi from Ventersdorp

Photos: Farmer's Weekly

ARC National Beef Cattle Improvement Herd of the year award: PROVINCIAL WINNER: Department of Agriculture Northern Cape (Vaalharts)

Ms A Theunissen from Jan Kempdorp

Photos: Farmer's Weekly

SUTTON NGUNI'S



Farm at Seven Oaks, Kwa-Zulu Natal

Redwater & Gallsick Area

Tommy Crowe

(Owner)

082 416 3613

tommy@tomfin.co.za

Debbie Dobeyn

(Manager)

082 561 8778

neildebbie@telkomsa.net

PVC · 051 448 5832/4

Matatana

